jeugwerk:
program-sketse II

Jeugwerk: Programsketse II

Kital

© Kital
Posbus 460, Pretoria 0001
Eerste uitgawe, eerste druk 1984

ISBN 0 7986 1418 8

Geset, gedruk en gebind deur
Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria

Inhoudsopgawe

1	Alkoholisme (Saamgestel deur di WH Swart en JH Prinsloo met die medewerking van SANRA)	1
2	Die aanslag teen die jeug (Saamgestel deur ds WJ Bezuidenhout)	11
3	Die Christelike godsdiens en ander godsdienste (Saamgestel deur dr DJC van Wyk)	20
4	Die Christen en die letterkunde (Saamgestel deur ds Naas Ferreira)	27
5	Die Drie-eenheid (Saamgestel deur ds Petri de Kock)	32
6	Die gawes van die Gees (Saamgestel deur ds Johan Buitendag)	38
7	Die gelowige en volkseie en volksvreemde organisasies (Saamgestel deur ds WH Swart)	44
8	Die kerk en die owerheid (Saamgestel deur ds Johan Buitendag)	55
9	Hoe kan ek as jongmens my getuienistaak uitleef? (Saamgestel deur ds J Coetzee)	60
10	Ek en my volk – en die Ou Testament (Saamgestel deur ds G van R Els)	68
11	Elemente van die erediens (Saamgestel deur ds PF Viljoen)	78
12	Erediensbywoning (Saamgestel deur dr MJ du P Beukes)	86
13	Geld by die nagmaaltafel (Saamgestel deur ds CJH Steenkamp)	91
14	Goeie werke (Saamgestel deur ds HJ Botes)	98
15	Groepsidentifisering en konformering (Saamgestel deur mnr Koos Engelbrecht)	101
16	Heiligmaking (Saamgestel deur ds Naas Ferreira)	115

17 Homoseksualisme (Saamgestel deur dr RM Naudé) 119

18 Jy moet jou vyand liefhê en vir hom bid (Saamgestel deur ds LJS Steenkamp) 124

19 Offerbereidheid (Saamgestel deur ds JM Delport) 131

20 Proefhuwelik (Saamgestel deur ds NH Buitenweg) 135

21 Seks – wanneer is dit sonde? (Saamgestel deur ds HJ Botes) 143

22 Sonde en sy gevolge (Saamgestel deur ds RTI Pienaar) 150

23 Verhouding tot andertaliges en -kleuriges (Saamgestel deur ds HJ Botes) 155

24 Volksfeeste (Saamgestel deur ds BJ Erasmus) 161

25 Voorhuwelikse verhouding en militêre diensplig (Saamgestel deur ds PP Jooste) 172

26 Waarom moet ons katkiseer? (Saamgestel deur dr MJ du P Beukes) 185

27 Word jou medemens se naaste (Saamgestel deur dr JP Naudé) 193

1 Alkoholisme

SAAMGESTEL DEUR DI WH SWART EN JH PRINSLOO MET DIE MEDEWERKING VAN SANRA

DOEL

Om jongmense te laat besef dat daar 'n wesenlike verskil bestaan tussen drank*ge*bruik en drank*mis*bruik. Voorts moet jongmense ook bewus gemaak word van die feit dat drank*mis*bruik beslis nie tot die eer en verheerliking van God strek nie en eweneens hoogs gevaarlik is.

VERLOOP VAN PROGRAM

- 'n Predikant neem die prediking waar deur ds JH Prinsloo se preek hierby as riglyn te gebruik *(Bylae 1)*.
- 'n Pouse van 10–15 minute volg.
- Die SANRA-inligtingspraatjie word vervolgens aangebied deur byvoorbeeld die jeugouderling *(Bylae 2)*.
- Teenwoordiges verdeel nou in kleingroepverband en bespreek die vragies hierby *(Bylae 3)*. Bestee ongeveer 15 minute hieraan.
- Teenwoordiges vergader nou weer binne grootgroepverband en rapporteer via 'n groepleier hulle groepantwoorde terug aan die besprekingsleier wat die kerngedagtes byvoorbeeld op 'n blaaibordvel aanteken, waar nodig repliek lewer, saamvat en sluiting verkry (Ongeveer 30 minute).
- Sluit met gebed.

BYLAE 1

ALKOHOLISME (predikinggedeelte soos deur ds JH Prinsloo saamgestel)

Lees: Rom 14:13–23; 1 Pet 1:13–17
Teks: Rom 14:13; 23b

Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liewer voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie.

En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde.

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Is dit nie 'n vraag wat dikwels by ons ook na vore kom nie: Wat is sonde? Hoe dikwels word ons gewete nie ook gepla met die vraag nie: As ek dit of dat doen, sou dit sonde wees? En indien nie, wanneer is dit sonde? Die mens stel vir hom bepaalde norme en voorskrifte. En daarby maak hy dan gewoonlik ook daarop aanspraak dat hierdie norme en voorskrifte op die Bybel gegrond word. Nou kry ons dan ook dikwels dat heel uiteenlopende opvattinge oor dieselfde saak uit die Bybel bewys wil word. Die mens stel vir hom 'n lysie moets en moenies op met Bybelse bewyse, en dit word dan vir hom die norm. Dit is nie meer die Bybel wat spreek nie, maar die mens wat aan die Bybel voorskryf. En op grond van hierdie norme fel die mens dan 'n oordeel.

Ook met betrekking tot sy drinkgewoontes het die mens vir hom bepaalde norme opgestel. Op die vraag of dit sonde is om te drink, om sterk drank te gebruik, sou een groep sekerlik met oortuiging kon sê: Ja, dit is sonde. Hulle argumente probeer hulle ook uit die Bybel staaf. 'n Deel van hierdie groep stel dit pertinent: "Dit is van die duiwel om te drink." Hulle wil dan ook sien dat daar 'n algehele verbod op die produksie en die gebruik van sterk drank geplaas word. 'n Ander groep sê weer met net soveel sekerheid: Nee, dit is nie sonde om te drink nie. Hulle is van oordeel dat ook alkoholiese drank 'n gawe van God is. Hulle is verder van mening dat dit nie eers nodig behoort te wees om die gemeenskap oor hierdie saak te onderrig nie. Die Christen, so redeneer hulle, behoort sy eie verantwoordelikheid ook in hierdie opsig te besef. Ja, ook oor hierdie saak heers daar hoegenaamd geen eenstemmigheid nie. En dit net oor een rede: Die Bybel gee aan ons geen vooropgestelde lys van moets en moenies nie. Die Bybel kom eenvoudig nie met 'n kitsklaar oplossing op die mens se vraag: "Is hierdie of daardie handeling sonde" nie!

En dit is ook met hierdie saak dat Paulus in ons teksgedeelte uit Romeine 14 worstel. Vir hom is die saak klinkklaar: "Omdat ek die Here Jesus ken, weet ek en is ek daarvan oortuig dat niks vanself onrein is nie" (vers 14). Niks is vanself eties of oneties nie. 'n Handeling word alleen goed of sleg wanneer die mens daarby betrokke raak; en veral

wanneer mense (meervoud), daarby betrokke raak: Ek en my naaste. Nou reken die een mens dat 'n handeling verkeerd is en die ander dat dit reg is. En dan is die vraag: Moet die een wat dink dat 'n handeling reg is, sy opvatting afdwing, of moet die omgekeerde gebeur?

Geliefdes, as Christengelowiges moet ons sekerlik vra: Wat sê die Bybel oor die gebruik van sterk drank? Is dit sonde? Ook wanneer ons hierdie vraag aan die Bybel stel, staan ons woordeloos, verslae. Die Bybel maak ook in hierdie opsig geen direkte uitspraak nie. Nêrens word die gebruik van drank, en dan spesifiek van sterk drank, in die Bybel aangedui as sonde nie. Trouens, Christus self het na alle waarskynlikheid aangesluit by die wyd-verspreide gewoonte om wel drank by besondere geleenthede te gebruik. En hierdie feit word dan ook bevestig deur sy eerste wonderwerk by die bruilof te Kana in Galilea. En ook wanneer Hy by die instelling van die nagmaal sê: "Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink" (Matt 26:29).

Maar die Skrif laat hom ook nog verder uit oor die gebruik van drank. Drank word wel gesien as 'n gawe van God wanneer die psalmis in Psalm 104:14 en 15 sê: "U (dit is God) laat gras uitspruit vir die diere,

> en groen plante vir die mens sodat hy sy kos uit die aarde kan kry:
> wyn om mense se harte bly te maak,
> olie om die gesig te versorg,
> kos om die mens nuwe krag te gee."

Dit word selfs ook deur Paulus aanbeveel as medisyne wanneer hy in 1 Timoteus 5:23 skryf:

> "Moenie langer net water drink nie. Gebruik 'n bietjie wyn vir die maag en vir jou herhaalde ongesteldhede."

Geliefdes, en dit is dan ook hierdie uitsprake uit die Skrif – en ook ander – wat deur die mens gebruik word om sy optrede te regverdig en die optrede van ander te oordeel en te veroordeel. Maar hierby kom dan nog die ander kant van die saak. Terwyl die Bybel geen direkte uitspraak maak dat dit sonde is om sterk drank te gebruik nie, en selfs iets positiefs daarvoor te sê het, spreek die Bybel hom in geen onduidelike taal oor die *misbruik* van drank uit nie. En ons wil graag, sonder om daarmee aanspraak te maak op volledigheid, vir u 'n paar van hierdie uitsprake voorhou.

Dronkenskap word as 'n praktyk van die sondige natuur gekwalifiseer en wie hom daaraan skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. (Gal 5:21; 1 Kor 6:10, en andere). Paulus maak ook 'n paar ander belangrike uitsprake: Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees. Die wat slaap is van die nag; en die wat hulle dronk drink is van die nag (1 Tes 5:6–8). En in Romeine 13:13, 14 staan daar: "Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery (en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie) wees nie. Nee julle moet julle beklee met die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie."

Ook die Efesiërs word vermaan: "Moet julle nie aan drank te buite gaan nie: daarmee gaan losbandigheid gepaard" (Ef 5:18).

In die Ou Testament word konings en vorste afgeraai om wyn en sterk drank te begeer, "anders drink hy en vergeet die insettinge en verdraai die reg van al die ellendiges." Ja, sê die skrywer van die Spreukeboek verder: "Gee sterk drank aan hom wat wil ondergaan" (Spr 31:4–6). Ook Jesaja waarsku: "Wee hulle wat vroeg in die môre klaarmaak om sterk drank na te jaag, wat in die nag laat opbly terwyl die wyn hulle verhit."

Broeder en suster, sonder om die saak dus altyd in hoofletters te skryf en dit dik in rooi te onderstreep, of om die saak in een bepaalde teksvers tot uitdrukking te bring, gee die Bybel wel sekerlik vir ons 'n uitspraak. Ons kan uit die Bybelse gegewens dit nou reeds vir onsself uitmaak: Dit is nie *noodwendig* sonde om 'n drankie te geniet nie. Maar die oormatige gebruik of dan die misbruik daarvan, word inderdaad sterk afgewys. En nou kom die vraag: "Waar trek ek die streep?" Wanneer is dit vir my sonde en wanneer nie?

En ook vir 'n antwoord op hierdie vraag moet ons maar weer teruggaan na die Bybel: In hierdie opsig kan ons aanknoop by Jesaja, wanneer hy hom so uitlaat: "En daar is siter en harp, tamboeryn en fluit en wyn by hulle maaltyd, maar *op die dade van die Here* gee hulle geen ag nie en die werk van sy hande sien hulle nie" (Jes 5:12). Dieselfde gedagte kom by Paulus na vore wanneer hy die Romeine vermaan: "Julle moet julle *beklee met die Here Jesus Christus* en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie" (Rom 13:14) en ook wanneer hy vir die Efesiërs sê: "Laat die Gees julle vervul en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart *tot eer van God*" (Ef 5:18). Ook in 1 Korintiërs 10:31 skryf Paulus: "Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al

doen, *doen alles tot eer van God.*" Dit gaan dus daarom: is dit wat ek doen, wat dit ook al mag wees, tot eer van God? Want Paulus rig ook vir ons 'n ander waarskuwing in 1 Korintiërs 6:12 wanneer hy sê: "Alles is my geoorloof." Ja maar alles is nie heilsaam nie. "Alles is my geoorloof." Ja maar ek gaan my nie deur enigiets laat verslaaf nie. En hierby sluit Paulus dan ook by ons teksgedeelte aan wanneer hy sê: "Neem julle liewer voor om niks te doen wat julle broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie." "En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde." Dit gaan dus ook in hierdie saak oor die verhouding met God en met my naaste. Want sonde is in die taal van die Bybel: "Dat ek God haat en ook my medemens haat." Ek moet dus niks doen, ook nie wat die gebruik van drank betref, wat die verhouding tussen my en God en tussen my en my medemens kan vertroebel nie. By *my* gebruik van drank moet ek dus telkens vra: Is dit God welgevallig, tot die eer van God, en ook: Dit wat ek doen, is dit besig om my naaste in enige opsig te benadeel of in gevaar te stel? Kan ek my naaste deur my optrede aanstoot gee? Bestaan daar dalk die gevaar dat ek hom tot 'n val kan bring?

Geliefde, dit bring ons dan by nog 'n vraag: Terwyl dit dan wel sonde is in *dié* sin dat my verhouding met God en my naaste daardeur vertroebel word, as ek dan in sonde geval het, is daar vir my nog sprake van vergifnis? Of is die weg tot God finaal vir my gesluit? Hoe moet ek hierdie uitspraak van die Bybel verstaan: "Wie hom aan sulke dinge, (dit is die praktyke van die sondige natuur), skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie" (Gal 5:21). En wat is *my* optrede en uitspraak oor iemand wat so tot 'n val gekom het: Veroordeel ek hom?

In ons teksvers kom Paulus met die vermaning: "Laat ons mekaar nie meer veroordeel nie. Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder." In my optrede teenoor die gevallene moet ek telkens onthou: Ek mag die verslaafde nooit benader asof ek sonder sonde is en hy 'n onvergeeflike sonde begaan het nie. Nêrens in die Bybel word daar 'n bepaalde rangorde van sondes gegee nie. Die onderskeid wat getref word, is eenvoudig *dit*: Òf ek haat God en my naaste, òf ek het God en my naaste lief. Ook vir die verslaafde, ook vir hierdie skepsel van God, geld telkens die uitnodiging: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matt 11:28). Ook vir hulle geld die oproep van Petrus: "Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus" (1 Pet 1:13).

En *dít*, geliefdes, vra die geloof ook van u en van my:

- dat ons ons ook beklee met die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit sal wees om die sondige begeertes te bevredig nie;
- dat ons mekaar nie sal veroordeel nie;
- dat ons niks sal doen om ons naaste aanstoot te gee of tot 'n val te bring nie;
- en dat ons, wat ons ook al doen, uit geloofsoortuiging sal doen, in die wete: ons kan ons hoop volkome vestig op die genade wat ook ons deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus (1 Pet 1:13).

Mag die groot en almagtige God ook deur die werking van sy Gees aan u en aan my so 'n geloof en so 'n gesindheid skenk, sodat ons ook sy groot gebod kan uitleef: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. En die tweede: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Amen

BYLAE 2

ALKOHOLISME (SANRA-INLIGTINGSPRAATJIE)

In aansluiting by die preek en ter voorbereiding van die besprekingsgroepe, word u aandag op die volgende aspekte gevestig:

1. Wat is alkohol?

Daar bestaan verskillende soorte alkohol, waarvan etanol seker die bekendste is. Etanol is 'n kleurlose vloeistof met 'n aangename geur en 'n kookpunt van 78,5°C. Etielalkohol is die enigste aktiewe bedwelmende bestanddeel wat in aansienlike hoeveelhede in die meeste dranksoorte aanwesig is.

Wanneer daar dus van alkohol as sosiale drank gepraat word, word implisiet van etielalkohol gepraat.

Gemeet aan die definisie van 'n dwelmmiddel, te wete enige vaste stof, vloeistof of gas wat by inname 'n verandering in die mens se gemoedstoestand teweegbring, is alkohol beslis 'n dwelmmiddel.

2. Wat is die invloed van alkohol op die menslike liggaam?

Hierdie dwelmmiddel werk onderdrukkend op die mens se sentrale senuweestelsel en is dus 'n depressant.

Neem ons die pad wat alkohol deur die liggaam volg, is dit duidelik dat byna elke sisteem beïnvloed word.

Mond:	Alkohol is 'n skerp irriterende bestanddeel wat die sensitiewe membraan irriteer, sodat infeksie ontstaan.
Spysvertering:	Ongeveer 25% van 'n dosis alkohol word onveranderd uit die maag en ingewande opgeneem deur die bloedstroom, vanwaar dit na alle dele van die liggaam, ook die brein, versprei word.
Maag:	As gevolg van voortdurende irritasie ontwikkel infeksie, gastritis en maagsere.
Dunderm:	Beskadiging verhoed dat voedingstowwe korrek opgeneem word, wat weer lei tot verandering in die brein.
Pankreas:	Infeksie lei tot vernietiging van selle wat weer lei tot wanvoeding en 'n gebrek aan insulien (diabetes).
Lewer en niere:	Absorbeer die grootste deel van die persoon se alkoholinname (lewer: 90%). Alkoholhepatites, geelsug, lewersirrose en nierversaking kom voor.
Hart:	Deur oormatige alkoholgebruik word selle vernietig. Hoë bloeddruk en hartvergroting kom voor.
Brein:	Breinselle word lamgelê, gaan selfs dood en permanente beskadiging ontstaan. Vanweë die onderdrukking van die hoër breinsentra (byvoorbeeld opleiding, ervaring en inhibisies) word alkohol as stimulant ervaar.

3. Is daar enige ander gevolge?

Die fisiese gevolge van alkoholisme/drankmisbruik is nou duidelik. Alkoholmisbruik/alkoholisme beïnvloed egter die mens in totaliteit. Die verwoestende gevolge word in alle lewensfere ondervind. Die volgende feite gee 'n beperkte beeld van die gevolge vir die persoon, sy gesin en die gemeenskap:

- Ongeveer 50% van die simptome wat in groot hospitale behandel word, is alkoholverwant.
- 90% van die totale aantal alkoholiste bly ongeïdentifiseer totdat hulle werkloos raak.

- Alkoholisme is een van die belangrikste oorsake van verskynsels soos egskeiding, kinderverwydering, gesinsdisorganisasie en emosionele probleme.
- Emosionele en leerprobleme van kinders op skool kan in baie gevalle herlei word na drankmisbruik deur ouers.
- Die lewensverwagting van 'n alkoholis is 12 jaar korter as die gemiddelde.
- 97% van alle alkoholiste werk nog en laat 'n kwart van hul jaarlikse salarisse verlore gaan as gevolg van swak produksie.
- 'n Werker met 'n alkoholprobleem is 2–3 keer meer afwesig van werk as ander kollegas.
- 50% van alle padongelukke kan toegeskryf word aan drankmisbruik.

Met dié beeld van die omvangrykheid van alkoholisme, ontstaan die vraag onwillekeurig, wie is die alkoholis dan?

4. *Wie is die alkoholis?*

'n Alkoholis word gesien as *enige* persoon wie se alkoholinname veroorsaak dat hy/sy probleme op enige funksioneringsvlak ondervind. Sy alkoholinname verhoed dus dat hy realistiese verwagtings wat aan hom gestel word, kan nakom.

Dit is dus duidelik dat daar nie 'n bepaalde afsnypunt tussen drankmisbruik en alkoholisme is nie. Wat wel van belang is, is dat alkoholisme 'n verslawingstoestand is en daarom aan die volgende vereistes voldoen:

• Psigiese verslawing:	Die persoon moet alkohol inneem ten einde sy emosies (byvoorbeeld woede, frustrasie, ens) te beheer of te hanteer.
• Tolleransie:	Die persoon se vermoë tot absorpsie van alkohol neem aanvanklik toe, waarna 'n afname voorkom.
• Fisiese verslawing:	Die persoon ontwikkel fisiese newe-effekte as gevolg van die misbruik van alkohol. Onttrekking-simptome kom voor.

Hierdie is slegs enkele aspekte in verband met die grootste maatskaplike probleem (verskynsel) in Suid-Afrika, naamlik alkoholisme.

Dit is egter u eie verantwoordelikheid om perspektief ten opsigte van hierdie verskynsel te verkry. Om dit te doen, kan u hierdie inligting as agtergrondkennis gebruik om tot selfbeslissing te kom.

5. Bronnelys

1. Ames, F.R. 1979. *Geneeskundige implikasies van alkoholisme: patologie en behandeling.* Volkswelsyn en Pensioene, 14 (1) Junie 1979.
2. Buckley, S.F. 1978. *The impact of alcoholism.* Centre City, Hazelden.
3. Johnson, V.E. 1980. *I'll quit tomorrow.* San Francisco, Harper & Row.
4. Kellerman, F.J.S. 1979. *Die alkoholis as maatskaplike entiteit.* Volkswelsyn en Pensioene, 14 (1) Junie 1979.
5. Pieterse, S.H. 1973. *Alkohol en verkeersveiligheid: 'n Literatuuroorsig.* (interne verslag RU/8/83) Pretoria, Nasionale Padnavorsingsinstituut Suid-Afrika.

BYLAE 3

Groepbespreking

Opdrag: Kies 'n groepleier en bespreek die volgende vrae binne groepverband, sodat die groepleier u antwoorde en motivering in die grootgroep kan terugrapporteer. U kry 5 minute om elke vraag te bespreek.

Vraag 1: Is alkoholisme oorerflik?
Motiveer u antwoord met voldoende redes.

.....
.....
.....
.....
.....

Vraag 2: Die rol van godsdiens, dit wil sê die beoefening daarvan of 'n gebrek daaraan, sou dit 'n rol te speel hê in die ontstaan van alkoholisme?
Bespreek u standpunt en staaf met redes of voorbeelde.

.....
.....

.....

.....

.....

Vraag 3: Wat is alkohol*gebruik* en wat is alkohol*misbruik*.
Motiveer u antwoord volledig.

.....

.....

.....

.....

.....

2 Die aanslag teen die jeug

SAAMGESTEL DEUR DS WJ BEZUIDENHOUT

DOEL

- Om die kursusgangers 'n nugtere, gebalanseerde beeld te gee van wat die "aanslag" presies behels.
- Om kursusgangers weerbaar te maak teen die "aanslag."

VOORBEREIDING

- Reël met 'n geskikte persoon (predikant of ouderling) om die bespreking in te lei aan die hand van *Bylae 1*.
- Dieselfde persoon (2.1) moet ook die daaropvolgende bespreking monitor.
- Genoeg eksemplare van die lesing *(Bylae 1)*, sowel as die vrae vir groepbespreking *(Bylae 2)* moet vooraf gedupliseer word.
- Genoeg papier en skryfbenodigdhede moet uitgedeel word. (Ten minste 'n pen/potlood en 2 blanko folio's per groep).
- Indien beskikbaar, kan 'n oorhoofse projektor gebruik word by aanbieding van lesing.
- Indien beskikbaar, moet transparante vooraf deeglik opgestel word.
- Die gebruik van blaaiborde (verkieslik een per groep) sal waardevol wees tydens groepbespreking.
- Die *lokaal* moet vooraf deeglik ingerig wees. Tafels en stoele (maksimum 8 stoele per tafel/groep) moet só gerangskik word dat almal die kursusleier/gespreksleier, tesame met sy hulpmiddele, gemaklik kan raaksien. ('n Persoon wat die heeltyd met sy nek in 'n uiters ongemaklike posisie sit en luister, kan nie juis wonderlik konsentreer nie!)

VERLOOP VAN PROGRAM

- Deel toehoorders in kleingroepe (verkieslik 5-, maksimum 8 per groep) en laat hulle plek inneem by die tafels.

- Maak seker dat almal die gespreksleier met gemak kan *aanskou* en *aanhoor*. Indien 'n luidspreker nodig is, tref asseblief vooraf voldoende reëlings en stel die volume *vooraf* in op die gespreksleier se stem. Dit is uiters steurend as daar deur die lesing heen kort-kort verstellings gedoen moet word.
- Open met geskikte Skriflesing, gebed en sang. ('n Gepaste Skrifgedeelte by hierdie bespreking is Efesiërs 6:10–20, met spesiale klem op vers 12. 'n Gepaste Gesang is Gesang 258:1 en 4).
- Die gespreksleier bied die lesing *(Bylae 1)* aan. (15 minute).
- Die vrae vir kleingroepbespreking word uitgedeel. (Minstens een eksemplaar per groep. Verkieslik een eksemplaar per persoon).
- Hierna word dit in kleingroepe bespreek. (Indien die gespreksleier bekend is met die persone in die groepe, is dit wenslik dat hy geskikte persone aanwys om as groepleiers op te tree. Baie van die sukses van die kleingroepbespreking hang af van die effektiwiteit van die groepleier. Die groepleier monitor die gespreksvoering waarin elke indiwidu 'n gelyke geleentheid gegun word om sy/haar eie mening te lug. Die gespreksleier binne groepsverband het 'n veeleisende taak, daarom is dit wenslik dat die groep self 'n *ander* persoon aanwys om die antwoorde/konsensus van die groep neer te skryf, en later rapport te lewer). Kleingroepbespreking duur 15 minute.
- Terugrapportering vind nou plaas deur die aangewese verteenwoordiger van elke groep. Dit is wenslik dat dieselfde persoon wat die groep se antwoorde neerskryf, die rapportering sal doen. (10 minute).
- Die gespreksleier reageer nie positief of negatief na elke groep se rapport nie – anders speel 'n mens die groepe en verteenwoordigers teen mekaar af. Nadat almal rapport gelewer het, plaas die gespreksleier kortliks die antwoorde in die regte perspektief – (5 minute).
- Indien daar geen verdere verrigtinge is nie, word die byeenkoms afgesluit met sang en gebed.

N.B.: Dit is wenslik dat die toehoorders elk hul eksemplaar van die lesing en vrae vir bewaring en latere raadpleging hou.

BYLAE 1

Lesing: DIE AANSLAG TEEN DIE JEUG

1. Inleiding

1.1 Wie is die jeug?

Laat ons dit sommer reguit stel:

Die jeug is ons toekoms. Die toekoms van ons kerk, die toekoms van ons volk lê by ons jongmense. Die sprankel en die vuur van ons mense lê in die krag van ons jeug.

Om jonk te wees, is een van die mooiste tye in 'n mens se lewe. Daar is die opwinding van grootword, die uitdaging van nuwe horisonne wat verken moet word – die tinteling van bruisende bloed in jong are.

Maar om jonk te wees, is tegelyk ook een van die moeilikste tye in 'n mens se lewe. Daar is die kwesbaarheid, die onsekerheid en die ontstellende gewaarwording van jou eie feilbaarheid.

Dit is juis hierdie sensitiwiteit en kwesbaarheid wat vir die vyand 'n ideale teiken bied ...

1.2 Wie is die vyand?

Die Woord van God sê vir ons reguit wie en wat ons vyand is:

Die Satan en sy duistere magte.

Trouens, Efesiërs 6:12 stel dit bo alle twyfel:

"Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die heersers van hierdie donker wêreld, teen die bose geeste in die lug."

Ja, Satan loop rond soos 'n verwoede leeu – op soek na sy jong prooi wat hy wil verslind.

1.3 Hoe verloop die aanslag?

Die Satan is 'n meester van sluwe strategie. Hy is 'n vyand wat sy aanvalsplan baie listig uitgewerk het. Hy val die jeug baie subtiel aan op hoofsaaklik drie fronte:

1.3.1 openlik: deur sy eie godsdiens;
1.3.2 indirek/half-verskuil: deur die wêreldpolitiek;
1.3.3 goed-verskuil: deur alledaagse versoekings.

2. Die verskillende fronte van die aanslag

2.1 Die eerste front:

Hier is die aanslag baie direk en openlik. Hy val die Christelike godsdiens aan met 'n teen/anti-godsdiens, naamlik die Satanskerk. Veral in Europa wen hulle vinnig veld. Hul prooi is veral die jeug, en hulle maak daarop aanspraak dat hulle die jongmens die unieke geleentheid bied om werklik sy jongmenslewe te geniet. Al wat jy moet doen, is om af te daal – laer as die vlak van die dier. Kerkgeboue wat Christene nie meer kan (of wil) onderhou word nie, word deur hulle opgekoop vir hul eie "eredienste". (Byvoorbeeld die gemeente Duivendrecht, Etersheim, Holland). Dis interessant om daarop te let dat volgens wetgewing in Holland, die Satanskerk ook aanspraak kan maak op 'n staatsubsidie!

2.2 Die tweede front:

Die tweede front is minder openlik, maar tog kan 'n mens die Satan se hand duidelik daarin raaksien. Dis naamlik die terrein van die wêreldpolitiek. 'n Ideale instrument vir die magte van die duisternis is gevind in die *Marxisme*. Deur gewelddadige onderdrukking en subtiele indoktrinasie word jongmense van kleinsaf verplig om te glo dat daar geen God is nie.

Die Marxisme lyk so aanloklik vir baie jongmense – Wit en Swart – in sogenaamde "bevrydingsorganisasies", dat hul geesdrif en idealisme uiteindelik verander word in 'n fanatiese ateïsme. Godsdiens word bloot beskou as die "opneem van die massas" – met ander woorde 'n dwelmmiddel om te ontvlug van die werklikheid. Binne die eerste 9 jaar van kommunisme in Rusland is daar 1 450 kerkgeboue gesluit of gesloop! Dieselfde tendens herhaal homself in buurstate soos Angola en Mosambiek, en 'n mens kan hul afvra:

Wat het jul sogenaamde bevryding jul nou eintlik in die sak gebring?

Hulle het hulself bevry om slawe van Satan te word!

Nou kan julle egter sê:

"Nee, maar ons is veilig! Satansaanbidding en kommunisme word in ons land nie deur die wet toegelaat nie. Die Satan sal tog sekerlik nie 'n vastrapplek in Suid-Afrika en in die Hervormde Kerk kry nie!"

As ons só redeneer, onderskat ons die Satan geheel en al. En 'n soldaat wat sy vyand totaal onderskat, het reeds gedeeltelik die stryd verloor ... Ons vyand is 'n uitstekende insurgent – hy het die vermoë om ongesiens oral in te sypel.

2.3 Die derde front:

Die derde front van die Satan se aanslag is egter die gevaarlikste – want hier is sy kamoeflering uitstekend. Dis die front van die jongmens se alledaagse lewe – daar waar jy hom die minste verwag. Hy ken al die bekende voetpaadjies van 'n mens se lewe. En net soos die lafhartige terroris, plant hy landmyne en versoekings in jou lewenspaadjie. Jy kom dit soms eers agter as jy daardie landmyn aftrap, as jy voor die versoeking swig.

Dit is op hierdie stadium belangrik om daarop te let dat die Satan se vernaamste aanvalsfront *'n mens se hart* is. Sonde, ongehoorsaamheid en geestelike verval lê *nie* in *dinge* buite die mens *nie*, maar die Satan wen 'n jongmens deur sy *hart* te wen, deur sy gees te besoedel.

Daarom moet ons as jongmense besef dat 'n mens nie maar net 'n lysie van "sondes" kan opstel, en dan hierdie "sondige dinge" maar net vermy nie.

Party kerke stel graag lysies op van "sondes"; byvoorbeeld drank, dans, rook, popmusiek, ensovoorts is "sonde", en dan glo hulle 'n mens is "heilig" as jy niks met hierdie "wêreldse dinge" te doen wil hê nie.

Die lewe is nie só eenvoudig nie, en die Satan is nie só dom nie!

Die Christen kan nie *buite* hierdie wêreld leef nie. Ons leef *in* hierdie wêreld. Solank ons net nie *van* hierdie wêreld is nie. Die Satan kan 'n mens op enige terrein aanval: Selfs wanneer jy in die kerk sit en luister na 'n preek, kan hy jou gedagtes weglei!

Kom ons kyk kortliks na 'n paar bekende voetpaadjies in 'n jongmens se lewe, en na die landmyne/aanslae wat daar vir ons lê en wag:

2.3.1 DIE WÊRELD VAN ONTSPANNING EN VERMAAK:

Ontspanning is noodsaaklik vir enige jongmens. Die wêreld waarin ons lewe, met sy geweldige eise, uitdagings en verbysterende tempo, dwing 'n mens om ook tussenin goeie vermaak te soek.

Een manier om te ontspan, is om na musiek te luister. Die lekker lewendige ritme van populêre musiek spreek reguit tot die hart van elke jongmens. Hierdie musiek, sy dit Country en Western-, popmusiek of liefdesballades, spreek reguit tot die hart van elke jongmens; dit handel oor lewenstemas en lewensvrae waaroor ons elke dag dink:

Die bitter en die soet van jong liefde;
die teerheid van 'n omhelsing;
en die onbetroubaarheid van 'n mens se hart ...

Ons moet maar hierdie liedjies beproef en die goeie behou. Dit sou

naïef wees om te glo dat alle popmusiek sonde is. Maar dit sou ewe naïef wees om alles maar net goedgelowig te verslind wat in musiekvorm aan ons opgedis word! Elke gelowige jongmens moet maar self die kaf van die koring skei.

'n Ander heerlike tydverdryf is die wêreld van films (flieks, video's en TV-programme) en publikasies (boeke, tydskrifte, ens). Die ou wêreld raak al hoe meer permissief, en so ook die beskouings van ons sensuurrade. Die norm vir hul beoordeling van 'n film of publikasie se wenslikheid/onwenslikheid vind hulle blykbaar in die *waardes van die gemeenskap*. En nou weet ons dat die waardes van die gemeenskap vinnig op die afdraande pad is; daarom kan ons verwag dat sensuur al hoe slapper sal word. Met ander woorde ons jongmense sal die aanslag van sedeloosheid, perversiteit en naakte geweld al hoe meer teëkom in films en publikasies.

Die uitweg is maar net dat ons jongmense al hoe meer weerbaar gemaak sal moet word, en die gawe van onderskeiding bitter vinnig sal moet aanleer! Ons lewe in 'n gebroke, sondige werklikheid. Maar dit beteken nie dat hierdie wêreld ons jongmense hoef te breek nie. Ons kan sterk staan, deur die kragvolle werking van die Heilige Gees!

4.2 *Die wêreld van menseverhoudings*

Dit is God se wens dat ons as mense in harmonie met ons naaste moet leef; trouens, dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Menseverhoudings – en daaronder verstaan ons gesonde, positiewe menseverhoudings, behoort vir elke jong Christen 'n groot prioriteit te wees. Die Satan neem nie genoeë daarmee dat mense met mekaar goed oor die weg kom nie, en daarom wil hy ons menseverhoudings letterlik beduiwel!

4.2.1 ONS VERHOUDING MET ONS OUERS EN DIE OUER GESLAG

Dis nogal deesdae mode om te praat van die "ou toppie" of die "ou lady". Dis deesdae mode vir jongmense om rebels te wees teenoor hul ouers en die gesag van ouer persone, byvoorbeeld onderwysers. 'n Mens moet oppas dat hierdie hardekwas-houding (wat as redelik byderwets/"with-it" beskou word) jou nie blind maak vir die goeie, gesonde raad wat die ouer geslag daagliks aan ons kan bied nie. Baie van dié raad het hulle duur gekoop deur bittere lewenservarings.

Die Satan maak gebruik van ons rebelsheid om soveel goeie en tydige raad wat vir ons bestem is, in die stormwind te laat wegwaai ...

4.2.2 ONS VERHOUDING MET ANDER VOLKE/RASSE

Hier is die aanslag tweërlei:

Eerstens word die jeug geteister deur die wêreldgees van 'n kleurlose eenvormigheid. 'n Baie liberale jeug oorsee probeer baie hard om jong Afrikaners skaam te maak vir hul eie identiteit, hul eie verlede. Ons moet hier deeglik besef dat Christenskap nie ons Afrikanerskap ophef of kanselleer nie. In Jesus Christus is ons almal één – dit wil sê een in die geloof. Maar man bly nog man, vrou bly nog vrou, Jood bly nog Jood en Griek bly nog Griek – Afrikaner bly nog Afrikaner. Verloor 'n mens jou identiteit, verloor jy jouself ...

Maar tweedens is daar ook die gevaar dat 'n mens se blank-wees of Afrikaner-wees jou Christenskap kan kanselleer. En hiermee bedoel ons diegene wat sy ras en volk só verabsoluteer dat dit hom dwing om ander, wat nie tot sy groep behoort nie, te haat en te minag. (Dit geld vir Wit sowel as Swart.) Haat en naasteliefde sit nie langs dieselfde vuurtjie nie. Die magte van die duisternis werk tans hard om gesonde volkereverhoudinge en positiewe menseverhoudinge onder jongmense in Suid-Afrika te kelder.

4.3 Ons verhouding met God

Ook hier is daar 'n geweldige aanslag teen die jeug. 'n Totaal verkeerde houding teenoor Christus en sy kerk word by ons jongmense gekweek.

Ons sê so maklik:

"Die eredienste is dooierig."

Maar wat moet ons eintlik van 'n erediens verwag? 'n Erediens is 'n diens, 'n samekoms *tot eer van God*, en definitief nie 'n sirkus of vermaaklikheidsprogram vir ons ontspanning nie!

Ons sê so maklik:

"Die Jeugvereniging bied niks vir my nie."

Die vraag is nie: Wat doen die Jeugvereniging of die kerk vir my nie, maar wat doen *ek* vir *my* kerk, wat doen ek vir my Jeugvereniging?

Ons moet besef dat alles wat ons vir die kerk doen, ons ook, en veral, vir die Here doen. Ons moet Hom daagliks bid dat Hy die regte gesindheid in ons harte sal bring. Ons moet Hom daagliks bid dat sy Heilige Gees ons harte sal vul. Want as ons harte vervul is met die Gees van

God, is daar net eenvoudig geen vastrapplek vir Satan nie.

As ons ons huis bou – die huis van jong Suid-Afrika – moet ons dit nie op sand bou nie. Ons moet ons lewenshuis op *rots* bou. Ons moet dit bou op ons ewige rots, Jesus Christus. As ons fondamente op rots gebou is, kan die stormwaters maar teen ons aanspoel, kan die storm-winde maar ruk aan ons mure, ja – dan kan Satan maar kom met al sy aanslae, met alle geweld. Ons sal nie struikel nie. As God met ons is, wie kan teen ons wees?

BYLAE 2

Vrae vir kleingroepbespreking

Bespreek die volgende stellings en gee telkens 'n motivering vir jul antwoord – ook met Skrifgetuienis, indien moontlik (en toepaslik).

1. Die jeug is nie 'n baie geskikte teiken vir die aanslae van die Bose nie, omrede jongmense nie 'n beduidende rol in die samelewing te speel het nie.

Waar	Onwaar

Motivering: .....

.....

.....

.....

2. Die jeug is maklik beïnvloedbaar deur vreemde elemente omrede 'n jongmens hom in 'n oorgangstydperk/fase bevind, en hy dus gevolglik nie so seker van homself is nie.

Waar	Onwaar

Motivering: .....

.....

.....

.....

3. Gelukkig word Satansaanbidding deur geen regering ter wêreld toegelaat nie. Mense oordryf as hulle sê dat die Satanskerk baie jongmense afrokkel.

Waar	Onwaar

Motivering: .....

.....

.....

.....

4. Marxisme hou net 'n bedreiging in Suid-Afrika in vir Swartes en linkse studente by Engelstalige universiteite. Geen Afrikaner het nog ooit 'n kommunis geword nie.

Waar	Onwaar

Motivering: .....

.....

.....

.....

5. Sekere dinge in die lewe is boos en sondig, soos byvoorbeeld om te dans of te fliek. As 'n jongmens hierdie sondige plekke vermy, dit wil sê nooit in 'n danslokaal of in 'n bioskoop beland nie, sal hy/sy die aanslae van die Bose vryspring.

Waar	Onwaar

Motivering: .....

.....

.....

.....

6. Om bloot in 'n kerkgebou te sit en deel te neem aan 'n erediens, vrywaar 'n mens nog geensins van die Satan se versoekings nie. Met ander woorde sy aanslag strek tot in die kerkbanke.

Waar	Onwaar

Motivering: .....

.....

.....

.....

3 Die Christelike godsdiens en ander godsdienste

SAAMGESTEL DEUR DR DJC VAN WYK

DOEL

Na afloop van die program moet elke deelnemer duidelikheid hê oor die volgende drie vrae en hulle antwoorde daarop kan formuleer:

- Met watter drie groot wêreldgodsdienste word die Christelike geloof in ons tyd gekonfronteer?
- Wat is, baie beknop saamgevat, die vernaamste feite en aspekte in verband met elkeen van hierdie godsdienste waarvan ons behoort kennis te dra?
- Wat is die verhouding van die Christelike geloof tot hierdie godsdienste? Wat moet ons houding en benadering as Christengelowiges tot hierdie godsdienste en aanhangers daarvan wees?

HULPMIDDELS

- 'n Swartbord of blaaibord.
- Vraelyste waarin die belangrikste knelpunte in verband met hierdie onderwerp by wyse van vrae uitgelig word.
- 'n Bybel en Psalm- en Gesangboek vir elke deelnemer.

LOKAALINRIGTING

- Enige kerksaal of konsistorie.
- Verdeling in enkele kleingroepe volgens die getal teenwoordiges.

Aanbieding en verloop van die program

- Skriflesing uit een van die volgende gedeeltes:
  Jesaja 44:6–23; Romeine 1:18–23; Handelinge 14:8–20; 17: 16–31.
- Gebed.

- Sang uit enige van die volgende:
  Ps 2:1; Ps 93:1 en 4; Ps 99:1; Ps 150:1; Ges 6:1–3 en Ges 245:2.
- Die predikant bied die inhoudelike stuk aan, terwyl die jongmense in hul groepe sit. (30 minute).
- Die vraelyste word nou aan elke groep beskikbaar gestel en hulle kry tyd om groepsgewys hul antwoorde te formuleer. (10 minute).
- Terwyl die groepleiers hul antwoorde voordra, skryf die predikant die kerngedeeltes op die swartbord of blaaibord neer. Hy kry geleentheid om te evalueer hoe die inhoud van die voordrag begryp en verwerk is. (10 minute).
- Nou volg verdere bespreking en vrae in die grootgroep, terwyl die predikant geleentheid kry om dit te lei en te beantwoord. (10 minute).

Totale duur = 1 uur

Afsluiting met gebed en sang.

DIE INHOUD

1. Christelike sektes en heidense godsdienste

Voordat ons oor hierdie saak praat, moet ons eers 'n baie duidelike onderskeid tref. As ons praat van wêreld- of heidense godsdienste, bedoel ons daarmee godsdienste wat los van die Christelike godsdiens ontstaan het en wat groot uitbreiding in die wêreld beleef het. Dit is dus groot wêreldgodsdienste wat heeltemal apart van die Christelike godsdiens en die persoon en werk van Jesus Christus ontstaan het. (Die Islam is wel in 'n sekere sin in 'n ander posisie, deurdat Jesus wel in dié godsdiens 'n ondergeskikte rol speel en as 'n profeet aanvaar word. Dit is egter so ver verwyder van wat die Bybel ons oor Jesus Christus leer, dat ons die Islam nie as 'n Christelike sekte kan beskou nie, maar as 'n selfstandige heidense of wêreldgodsdiens).

Van hierdie wêreldgodsdiens moet Christelike sektes baie duidelik onderskei word. Onder hierdie laaste groepe verstaan ons mense wat eenmaal deel van die kerk was, maar daarna van die kerk afgeskei het op grond van die feit dat hulle sekere leerstukke anders as die kerk begin verstaan en vertolk het.

2. Drie groot godsdienste

Vir die doel van hierdie byeenkoms, wil ons ons bepaal by drie groot godsdienste waarmee die Christelike kerk voortdurend gekonfronteer word en teenoor wie die kerk hom moet verantwoord. Al drie hierdie godsdienste is Oosters in hulle herkoms en beleef in ons tyd weer groot oplewings. Ons verwys na die Hindoeïsme, Boeddhisme en Islam. Daar is natuurlik ook nog ander godsdienste. Hierdie drie is egter die belangrikste.

- *Hindoeïsme*

Die Hindoeïsme is die godsdiens van die miljoene massas in Indië. Die eienaardige van die Hindoeïsme is dat dit nie 'n stigter het op wie se prediking die godsdiens teruggaan nie. Dit is 'n egte vorm van volksgodsdienste. 'n Mens sou dit eintlik ook eerder 'n sosiale sisteem as 'n godsdiens in die eintlike sin van die woord kon noem.

By die Hindoeïs tref ons 'n swaarmoedige stemming en 'n pessimistiese lewensbeskouing aan. Die geluk en sielerus van die mens word volgens hom voortdurend deur die verganklikheid en bedrieglikheid van alle aardse dinge bedreig. Uit hierdie kwellinge wil die Hindoeïsme die mens bevry en verlos.

Die Hindoeïsme is waarskynlik die oudste van die groot wêreldgodsdienste. Die ontstaan daarvan word teruggevoer na ±2 500 vC. Verdere tipiese kenmerke van die Hindoeïsme is dat dit 'n veelgodedom aanvaar, die mens vasgevang sien in 'n kringloop van geboortes (waar hy dus telkens in 'n ander gedaante verskyn) en glo dat heil en waarheid vir die mens bereikbaar is langs die weg van intense, bouende denke, oorpeinsing en konsentrasie van die gees.

- *Boeddhisme*

Die Boeddhisme as wêreldgodsdiens gaan terug op die leer van Boeddha, 'n indrukwekkende figuur uit 'n gryse, onbekende verlede. Gewoonlik word sy geboorte teruggevoer na ± 560 vC. Boeddha, so glo die Boeddhis, het die geestelike ontwaking bereik en vir die mens moontlik gemaak.

Onwetendheid is volgens die Boeddhisme die hoofoorsaak van alle leed. Uit die pyn en lyding wat dit meebring, kan die mens alleen verlos word deur langs die weg van meditasie die ware insig, die geestelike

ontwaking te bereik. Ook die Boeddhisme aanvaar 'n kringloop van geboortes. Daar bestaan eintlik niks wat werklik blywend is nie.

Die Boeddhisme is veral 'n Asiatiese godsdiens. Dit het in Indië ontstaan, maar nadat dit daar baie veld verloor het teenoor die Hindoeïsme, het dit uitgebrei na ander dele van Asië, waar dit vandag groot invloed het: Sri Lanka, Indonesië, Tibet, China, Korea en Japan.

Ten opsigte van Boeddhisme en Hindoeïsme wil ons die volgende gesamentlike opmerking maak: Albei godsdienste glo dat die mens homself kan verlos uit die leed en pyn van verganklikheid en onwetendheid. Daar is by albei 'n totale negatiewe ingesteldheid teenoor die wêreld en lewe. Dit het daartoe gelei dat die mens en wêrelddele waar hierdie godsdienste aangehang word, eintlik tot vandag toe in armoede en agterlikheid vasgevang sit. Japan is een van die weinige uitsonderings. Daarby aanvaar albei godsdienste dat die mens in 'n kringloop van geboortes, telkens in 'n ander gedaante, na die wêreld terugkeer.

- *Islam*

Ons is lief om te praat van die Mohammedanisme. Dit is egter nie korrek nie. Want dit gaan in hierdie godsdiens nie om Mohammed nie, maar om Allah. Mohammed is Allah se profeet.

Islam beteken: volledige onderwerping aan die wil van Allah. Dit is die sentrale belydenis van die Islam: daar is geen God nie behalwe Allah en Mohammed is sy profeet.

Mohammed is teen ongeveer die jaar 570 nC in Mekka in Wes-Arabië gebore. Die Islam is die godsdiens van die Arabiere, maar dit het in die geskiedenis verskeie kere 'n geweldige sterk sendingdrang geopenbaar. Vandag is dit die aanvaarde godsdiens in Jordanië, Libanon, Sirië, Turkye, Irak, Iran en Afghanistan.

Omdat Mohammed allerlei Christelike en Joodse geloofsvoorstellings geken en in sy leer opgeneem het, het Jesus ook 'n plek gekry as 'n profeet; egter nie as God en enigste Saligmaker nie.

Die totale getal Moslems in die wêreld word vandag op ongeveer 500 miljoen gestel.

3. Die Christen en ander godsdienste

Hoe moet die Christen se houding teenoor hierdie godsdienste wees?

Ons wil hier drie houdings behandel wat deur die Christelike kerk en 'n Christen teenoor hierdie ander godsdienste ingeneem kan word. Al drie dié houdings is al dikwels in die verlede en tot vandag toe ingeneem.

- Die eerste is die houding waarvan ons glo dat dit in ooreenstemming is met die Bybel en wat ook deur ons eie kerk, so glo ons, ingeneem word. Ons wil dit soos volg formuleer:

  Die basiese uitgangspunt is dat die kerk ook aan mense van ander godsdienste die evangelie moet verkondig, dus sendingwerk onder hulle moet doen. In dié proses kan die kerk natuurlik van tegnieke soos dialoogvoering gebruik maak. Dit mag egter nooit verandering bring in die feit dat die kerk alle mense, ook die aanhangers van ander godsdienste, moet konfronteer met Jesus Christus nie. Die kerk moet oproep tot bekering en geloof in Jesus Christus. Daar is geen ander Middelaar tussen God en die mense nie. Jesus het self gesê: Wie my gesien het, het die Vader gesien. En ons lees in 1 Johannes 2:22–23: "Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hý is die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie. Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, hy het ook die Vader."

Ons glo en bely van Jesus Christus dat Hy die weg, die waarheid en die lewe is. Niemand kom na God toe behalwe deur Hom nie. Wie die enige en ware God wil vind en aanbid, moet deur Jesus Christus tot Hom nader. Daar is geen ander weg na God toe as deur Jesus Christus nie.

Daarom sê ons Jesus Christus en die geloof in Hom is uniek, eenmalig. Daar is nie ander middelaars nie. Daar is nie ander weë na God toe nie. Hy en Hy alleen het die enige, ware God op aarde en aan die mens kom openbaar.

En daarom glo en aanvaar die kerk dat hy leef en elke Christen geroep is om teenoor alle mense van hierdie Waarheid van God, Jesus Christus, te getuig. Ons mag niemand veroordeel nie. God sal oordeel. Maar ons preek Jesus Christus, die enigste Redder en Heiland.

Anders as Hindoeïsme en Boeddhisme, glo en weet die Christen uit die Woord dat hy nie 'n klomp kere op aarde kan leef nie. Hy leef net een keer. Dié lewe is beslissend. Daarom volg ewige straf of ewige lewe.

Anders as Islam, glo die kerk nie dat Jesus maar een van vele profete is nie. Hy is *enigste* en *ware* profeet.

Anders as alle ander godsdienste, glo die kerk nie dat die mens homself verlos nie. Hy glo dat die mens uit genade, deur God self, in Jesus Christus gered is. Hy word ook nie maar net uit onwetenheid verlos nie. Waarvan hy verlos moet word, is sonde, ongehoorsaamheid en vervreemding van God.

- Die tweede houding is dié van dialoog of gesprek met ander godsdienste. Mense wat voorstanders van hierdie benadering is, praat graag van aanknopingspunte in die heidense godsdienste waarby die Christelike evangelie kan aanknoop. Daar word deur hulle graag verwys na uitsprake soos dié van Paulus in Romeine 2:14 en Handelinge 17:16–31.

  Hierdie opvatting word vandag veral by die ekumeniese liggame soos die Wêreldraad van Kerke en die Wêreldbond van Hervormde Kerke aangetref. Hulle glo dat daar liewer van dialoog (gesprekvoering) as van sending ten opsigte van die aanhangers van ander godsdienste gepraat moet word. Daar moet 'n oopheid teenoor die ander godsdienste wees. Dan, so word gesê, ontdek 'n mens ook baie wat goed, waar en edel is by die ander godsdienste. Dan, blyk gou, so glo en verkondig hulle, dat alle godsdienste maar net verskillende weë na dieselfde einddoel, God en sy koninkryk, toe is.

  Ons kan hierdie opvatting glad nie aanvaar nie. Die Bybel ken nie so iets soos dialoog met ander godsdienste nie. Dit lei uiteindelik tot afgodsdiens, inkretisme (vermenging van godsdienste) en 'n verloëning van die Bybelse verkondiging dat daar geen ander naam onder die hemel aan die mense gegee is waardeur ons gered kan word nie as die Naam van Jesus Christus (Handelinge 4:12). Paulus konstateer juis van die mens en sy godsdiens dit: hoewel hy God kon en moes ken, het hy Hom nie as God gedank of verheerlik nie.

- Die derde houding is een van totale afsydigheid of veroordeling. Só 'n houding is egter nie verantwoordelik nie en beslis nie in ooreenstemming met die Bybelse verkondiging nie. Dit verloën die sendingopdrag aan die kerk. Ook ten opsigte van die aanhangers van ander godsdienste is ons nie geroep om te veroordeel nie, maar om teenoor hulle te getuig van die Lig en Waarheid van God wat in Jesus Christus aan ons geopenbaar is.

Maar ons moet altyd goed onthou: ons verkondig nie aan ander godsdienste *ons* godsdiens, die Christelike godsdiens nie. Ons godsdiens is nie iets uniek nie. Ons godsdiens is ook vol gebreke en

ongehoorsaamheid. Moslems kan dalk meer gehoorsaam wees aan die reëls van hulle godsdiens as Christene.

Ons verkondig nie die kerk en die Christelike godsdiens nie. Ons verkondig Jesus Christus. Van Hom getuig ons teenoor alle mense en godsdienste. Ons sê vir hulle: wie in Christus glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.

VRAELYS

1. Wie was volgens u die stigters van die Boeddhisme en die Islam onderskeidelik?
2. Verduidelik onder watter rasse en in watter wêrelddele ons die aanhangers van Hindoeïsme, Boeddhisme en Islam veral aantref.
3. Noem een hoofpunt wat in die leerstukke van elkeen van hierdie drie godsdienste, volgens u, belangrik is.
4. Noem twee aspekte waarin die Christelike geloof radikaal van hierdie godsdienste verskil.
5. Wat, meen u, moet die kerk en die Christen se basiese benaderingswyse tot die aanhangers van hierdie godsdienste wees?

4 Die Christen en die letterkunde

SAAMGESTEL DEUR DS NAAS FERREIRA

DOEL

Die jongmens kom voor 'n wêreld vol verwarrende elemente te staan. Tussen al die verwarring is daar ware kuns (ook letterkunde) wat verwerp word of verkeerd geïnterpreteer word. Die doel van dié stuk is om die jongmens die waarde van kuns te laat besef en ook hoe die Christen die kuns (letterkunde) moet beoordeel.

VOORBEREIDING

- 'n Spreker wat self oortuig is van die waarde van kuns, moet aangewys word.
- 'n Aantal literêre werke en 'n blaaibord met penne.
- Die lokaal moet ingerig word dat daar groepies van 5 of 7 persone bymekaar geplaas kan word.
- Vraelyste.

VERLOOP VAN PROGRAM

- Deel die kursusgangers in groepe in en laat hulle spanleiers aanwys.
- Skriflesing, gebed en sang.
- Vraelyste word uitgedeel en indiwidueel ingevul.
- Die lesing word aangebied.
- Vraelyste word in kleingroepies voltooi.
- Grootgroep-terugrapportering.
- Samevatting deur inleier.
- Afsluiting.

VRAELYS

Vrae 1–3 word voor die lesing indiwidueel ingevul en die res na die lesing in kleingroep-verband.

1. Wat verstaan jy onder die begrip "kuns"?
2. Watter een van die volgende boeke is letterkunde? Motiveer jou antwoord.
   "Kennis van die Aand" AP Brink;
   "Roosmaryn en Katjiepiering" W Martin.
3. Watter invloed het kuns, veral letterkunde, op jou as mens?
4. Wat dink jy moet 'n Christen se houding wees teenoor kuns wat selfs die bose uitbeeld?
5. Wat is die taak van die skrywer?
6. Wat is die taak van die kerk?
7. Kry 'n mens iets soos Christelike kuns? Motiveer.
8. Is al die ander kuns dan uit die bose en verwerplik? Hoekom sê jy so?
9. Het elke kunswerk 'n boodskap wat deur die kerk gebruik kan word? Stem jy saam?
10. Hoe sal jy na dié lesing na kuns (letterkunde) kyk?

Lesing: DIE CHRISTEN EN DIE LETTERKUNDE

Ter kennisneming

'n Belangrike stelling is dat ware kuns 'n boodskap het om aan die publiek oor te dra. Dit moet kuns wees. Kuns dra in sigself 'n boodskap. Al die elemente in 'n werk moet 'n geheel vorm, wat die boodskap duidelik na vore bring. Die Christen moet die sentrale boodskap uithaal en dit gebruik tot God se eer.

Inleiding

Daar bestaan in Suid-Afrika tussen die kerk en die kuns 'n groot gaping. Op terreine soos die letterkunde is daar 'n voortdurende konflik. (Vgl *Sewe dae by die Silbersteins, Kennis van die Aand* en nou onlangs *Magersfontein, o Magersfontein.*) Albei "partye" is onnodig die harnas ingejaag deur onverantwoordelike uitsprake van beide kante. Die kerk gebruik sensuur om die skrywer stil te maak, die skrywer gebruik die pen om die kerk aan te val.

Die vraag wat nou opkom, is hoekom bestaan die gaping? Wat is die rede dat die kerk telkens wanneer daar 'n boek verskyn, wat 'n inhoud het waarmee die kerk nie saamgaan nie, die boek verban wil hê?

Een van die redes vir die gaping is slegs 'n misverstand. Die kerk begryp nie aldag wat die taak van die letterkunde is nie. Die kerk verstaan ook dan sy eie taak nie altyd so goed nie. Die kerk oortree soms die grense en wil dan ander se take oorneem. Dan trap die kerk op ander se tone. Intelligente mense word dan uit die kerk gedryf deur sulke ongelukkige optredes; net omdat die kerk 'n groter rol aan homself wil toeken as wat aan hom gegee is.

'n Moontlike oplossing is dat die kerk sy eie taak goed sal verstaan en aan die letterkunde die vryheid gee om sy taak na die beste van sy vermoë te voltrek.

In ons stuk sal ons net na die taak van die letterkunde kyk en voorts hoe die kerk vrugbaar daarvan gebruik kan maak.

Taak van die skrywer

In 'n referaat in Stockholm het prof AP Brink hom soos volg uitgedruk wat die taak van die skrywer betref. Hy verwys veral na die skrywer wat onder 'n bestel moet skryf waar sy vryheid ingekort is. Hy verwys dan spesifiek na die Suid-Afrikaanse skrywer. "Dit is interessant om te sien dat, in 'n samelewing wat die skrywer verdra tot die punt dat hy kan skryf wat hy wil, die geskrewe skepping dikwels neig om 'n proses van selfbevrediging te word, of 'n doelbewuste strewe na effek, deur 'n verskeidenheid truuks. Dis 'n verstaanbare verskynsel: 'n skrywer skryf om gelees te word, om gehoor te word: maar as hy werklik vry is om enigiets of alles te skryf, is die kanse goed dat niemand hom baie ernstig sal opneem of besondere aandag sal gee aan wat hy sê nie." Daarteenoor sê Brink van die skrywer in 'n geslote stelsel waar die skrywer se woord nie verdra word nie, "verkry alles wat hy sê die trefkrag van 'n daad. Woorde is nie meer gebare nie maar in die volle Satreaanse sin, dade van betrokkenheid. In so 'n situasie mag die skrywer deur sommige aangeprys en deur ander gekruisig word; maar wat ook al gebeur, hy word nie geïgnoreer nie. Dit, weer, plaas 'n swaar verantwoordelikheid op sy gewete. Alles wat die skrywer dus sê, het 'n groot impak.

Vir my is die skrywer se funksie dan om te probeer om so eerlik as moontlik weer te gee en te sê 'So lyk die wêreld vir my'. Ek dink nie hy behoort hom aan te matig om te sê 'So is die wêreld' want geen mens kan 'n volle "is" aan die wêreld vat nie." Die skrywer kan net weergee wat hy ervaar het as die werklikheid. Hy sien die wêreld só. Dit is baie subjektief maar dit kan nie anders nie. Elke mens ervaar die wêreld op

'n ander manier. Die skrywer het die vermoë om dit wat hy ervaar op papier weer te gee.

In die geslote stelsel sal so 'n weergawe van die wêreld 'n groter impak hê op die leser. Die leser kan geskok wees en sê "maar die wêreld is nie so nie" en die boek verban of hy kan insien dat dit die skrywer se siening van die wêreld is en homself afvra of die wêreld nie tóg so is soos die skrywer dit weergee nie. Die eerlike skrywer in Suid-Afrika, en daar is wel 'n paar, is bewus van die verantwoordelikheid wat op hom rus, en hy sal dit en homself nie gaan verraai deur deel te neem aan die verheerliking van die leuen nie. Solank die kerk net besef dat die skrywer eerlik is met sy werk, sal daar minder van 'n misverstand wees.

Voorbeelde

- *Waiting for Godot* (S Beckett)

Dit is 'n drama van die middel- vyftigerjare. Dit is die beste voorbeeld en selfs die bekendste van die sg "Absurde Drama." Dit handel oor twee boemelaars wat wag op die koms van Godot. Hul name is Estragon en Vladimir. Hulle hele bestaan is absurd. Die grens van hul toekoms is so groot soos die verhoog. Die mens het niemand gevra om gebore te word nie, die mens sterf sonder om die dood te soek, die mens lewe tussen geboorte en sterwe, vasgevang in die liggaam. Die mens se hele bestaan is sinloos. Tog hoop die twee figure op redding. Hulle wag op Godot. Die dief aan die kruis wat gered word, gee vir hulle hoop, maar die dief aan die kruis wat verdoem is, maak hulle mismoedig. Maar hulle hoop is tevergeefs, Godot daag nooit op nie. Aan die einde van die stuk toe Godot nog nie gekom het nie, vra Vladimir: "Well? Shall we go? Estragon: Yes, let's go (they do not move)."

Dit wys op die absurde van die lewe. Die lewe is sinloos.

- *Kennis van die aand* (AP Brink)

Dit gaan om die agonie van die mens se alleenheid, sy amper hartstogtelike pogings om uit sy alleenheid aan iets of iemand vas te gryp. Die Suid-Afrikaanse politieke bestel is 'n metafoor vir die agonie, omdat die Suid-Afrikaanse politieke bestel mense soos Josef in 'n soort alleenheid indwing en dit vir hom moeilik is om met ander oor die kleurgrens te kommunikeer. Dit is nie 'n politieke roman wat mense wil

aanspoor tot politieke geweld nie. Die mens het iets of iemand nodig om van sy alleenheid te ontkom.

Hy strewe na iets buite hom. Die seks in die boek is slegs insidenteel wat juis die onvermoë om met ander te kommunikeer, illustreer. *Kennis van die Aand* is verbied vanweë die seksuele en die aanroep van God se Naam gedurende die seksdaad.

Dié twee voorbeelde is voldoende en daar is met opset nie in detail ingegaan in ander momente in die werke nie. Altwee die werke wys terug na wat ek gesê het oor die skrywer se siening van die wêreld. Watter voordeel kan die kerk nou uit sulke werke put?

Die kerk se hantering van die letterkunde

- Die eng Christen kan nou sê: maar die lewe is nie sinloos nie. Die mens is nie soos dit in *Waiting for Godot* voorgestel is nie. Dit is egter verkeerd. Die menselewe sonder Hom is sinloos. Dit is hoekom die Christen dan die evangelie van Christus wat sin aan die lewe gee, moet verkondig. Die gelowige het hoop vir die toekoms. Soos Christus opgestaan het, so sal die gelowiges ook opstaan. Christus het gesterwe, sodat alle mense gered kan word. Slegs die mense wat glo, word gered. Die wat Christus verwerp, word ook verwerp. (Dit is baie eenvoudig gestel.)
- Die agonie van alleenheid en die onvermoë om met ander te kommunikeer, bestaan vanweë die liefdeloosheid. Die kerk se antwoord moet wees: God het die mens lief, ongeag sy sondes. Deur die dood van Jesus Christus is die gelowige vrygestel van die straf. Uit dankbaarheid vir wat God aan my gedoen het, betoon ek liefde aan my medemens. Nou kan die gelowige aan die mense in alleenheid 'n positiewe boodskap gee. As Christus met jou is, dan is geen mens alleen nie. Deur liefde kan die gelowige met alle mense kommunikeer.

Dié stuk is 'n poging om die verhouding tussen kerk en kuns te normaliseer omdat dit vandag ook aktueel is, veral na die Magersfontein-aangeleentheid. Ek maak 'n oproep, wat die skrywer nie mag doen nie, en vra alle Christene om nie die kuns en veral die letterkunde te verdoem voordat elkeen seker gemaak het wat die skrywer wil sê nie. Maak seker of die mens nie werklik so is soos die skrywer sê die mens is nie. Verkondig dan Christus aan die mens wat die lewe absurd vind en vertel aan die een wat nie kan kommunikeer nie, oor die liefde van God.

5 Die Drie-eenheid

SAAMGESTEL DEUR DS PETRI DE KOCK

DOEL

Jongmense moet weet dat God een goddelike wese is wat Homself in 3 persone geopenbaar het, met elkeen sy primêre funksie.

VOORBEREIDING

- Spreker – reël vooraf met 'n predikant om die onderwerp te bestudeer en vir die jongmense aan te bied.
- Uitdeelstukke – dupliseer die lesing vooraf sodat dit na afloop daarvan uitgedeel kan word.
- Hulpmiddels – 'n oorhoofse projektor of blaaibord kan handig wees om 'n opsomming aan die gehoor voor te hou.

LOKAAL

Enige kerkgebou, konsistorie of saal met stoele sal geskik wees.

Dit kan selfs tydens 'n naweekkamp sommer in die veld aangebied word.

VERLOOP VAN DIE PROGRAM

- Opening deur middel van Skriflesing (Matt 28:16–20), gebed en sang.
- Die predikant lewer die lesing en maak mettergaan 'n kort opsomming op die blaaibord, of reeds vooraf op 'n transparant. (± 20 minute).
- Die groepe word in kleingroepe verdeel van ± 5–7, om bespreking te voer na aanleiding van die vrae oor die lesing. (± 20 minute).
- Die groepleiers van die onderskeie groepe rapporteer terug in die grootgroep terwyl die predikant die antwoorde opsommend op die blaaibord skryf. (± 20 minute).

- Die predikant gee leiding met betrekking tot die antwoorde.
- Die lesing word aan al die jongmense uitgedeel.

AFSLUITING

Die verrigtinge word met sang en gebed afgesluit.

Lesing: DIE DRIE-EENHEID

In ons kerk en in die ganse reformatoriese kerk, praat ons van die Drie-eenheid, of die drie-enige God, en tog vind ons hierdie woord nêrens in die Bybel nie. Ons is egter nie verkeerd as ons só oor God praat nie, want Hy het Homself immers op hierdie wyse aan ons geopenbaar. In die Ou Testament lees ons van die Skepper van die hemel en die aarde wat ook God genoem word, en op nog ander plekke in die Ou Testament lees ons van die Gees of die Gees van God wat vaardig geword het oor mense. In die Nuwe Testament lees ons weer van Jesus Christus, die Seun van God wat self ook God genoem word. As ons nie gelowig oor hierdie saak nagedink het nie, sou ons kon dink dat ons met drie gode te doene het. Maar al hierdie gegewens in die Bybel word nou mooi gesistematiseer en dit is die werk van die Sistematiese Teologie of Dogmatiek. As al hierdie gegewens nou mooi agtermekaar gekry is, dan kom ons uit by so iets soos die Drie-eenheid.

As God Homself nie aan ons geopenbaar het as die drie-enige God nie, dan sou ons nooit geweet het dat Hy Vader, Seun en Heilige Gees is nie. Ons sou byvoorbeeld nie uit ons eie ervaring kon sê: "Vandag het ek met Jesus Christus te doene gehad" en môre weer: "Vandag het ek met die Heilige Gees te doene gehad" nie. As jy met een van die persone van die goddelike Drie-eenheid te doene kry, dan kry jy ook te doene met die twee ander persone, want hulle vorm saam 'n heilige Drie-eenheid wat onlosmaaklik aan mekaar verbonde is. Dit is dus net omdat God Homself aan ons geopenbaar het en hierdie openbaring sy neerslag gevind het in die Skrif, dat ons Hom kan ken as Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie onderlinge verbondenheid kan soos volg geïllustreer word: As ons oor die kruisiging van Jesus praat, dan klink dit vreemd en snaaks om te sê dat God gekruisig is, want dit is mos in die eerste plek die persoon Christus wat gekruisig is; in die geloof is dit egter duidelik dat God die Vader nie eenkant gestaan het terwyl sy

Seun gely het nie. Net so ook: as die Heilige Gees jou in jou lewe oortuig van sonde, dan is God die Vader en God die Seun ook direk daarby betrokke, alhoewel dit primêr die funksie van die Heilige Gees is om só iets te doen. Die Vader is weer primêr Skepper, terwyl die Seun primêre Verlosser is. In al hierdie handelinge bly dit egter die drie-enige God wat in sy volle glorie met jou werk, in sy liefde en genade, maar tegelyk ook in sy heilige jaloesie, omdat Hy ons ten volle vir Homself mag opeis.

God openbaar Hom regdeur die Skrif as een goddelike wese wat in drie persone onderskei kan word, en daar is 'n sekere orde in hierdie openbaring, maar hierdie is nie 'n orde na gelang van belangrikheid of waardigheid nie. Hierdie is 'n orde wat in God se vrye wil berus, want nêrens lees ons byvoorbeeld dat die Vader gebore is nie of dat die Vader van die Seun en die Gees uitgaan nie. Ons lees wel dat die Seun die eniggebore Seun van God is en dat Hy in die volheid van die tyd uit 'n maagd gebore is, en ons lees ook dat die Heilige Gees uitgestort is op Pinksterdag. Die feit dat die Skrif só oor die Seun en die Heilige Gees praat, maak egter nie dat hulle minder waaragtige God is as God die Vader nie. Saam met God die Vader moet hulle aanbid en verheerlik word, soos ons belydenis sê.

God die Vader is die eerste persoon in die Drie-eenheid. Alhoewel dit heeltemal billik is om te verwag dat die Seun en die Heilige Gees ook betrokke en teenwoordig was by die skepping, is dit volgens die Skrif die primêre funksie van God die Vader. God die Vader is die Skepper van alle dinge, maar self is Hy nooit gebore of geskep nie, want Hy bestaan van ewigheid af en Hy sal tot in ewigheid bestaan. Dit is altyd die drie-enige God wat na buite optree, maar in sommige van hierdie handelinge staan die Vader pertinent voorop soos by die skepping, die uitverkiesing en die hele verlossingsplan. Die hele plan van verlossing het sy ontstaan in die hart van die Vader gehad. In die Nuwe Testament verneem ons dat hierdie Skepper-God die werklike Vader van Jesus Christus is en dat Hy ook ons Vader geword het as ons in Christus glo.

Jesus Christus, die Seun is die tweede persoon in die Drie-eenheid. Hy word ook Seun van God genoem en dit is belangrik dat ons Hom so sal bly handhaaf, omdat so baie mense sê dat Jesus maar net 'n mens was. Die feit dat Hy die eniggebore Seun van God of die eersgeborene genoem word, doen geensins afbreuk aan sy Godheid nie. Al wat dit vir ons wil sê is dat Hy vóór die skepping reeds daar was. Op verskeie plekke praat die Skrif dan ook uitdruklik oor die Godheid van Christus.

In Johannes lees ons dat die Woord in die begin was, en die Woord was ook by God en hierdie Woord was self God. In die kerk glo en bely ons dat Jesus Christus hierdie Woord is wat mens geword het. Aan die einde van sy lewe het Jesus sy dissipels vertroos deur hulle soos volg op te roep: "Moenie ontsteld wees nie, glo in God, glo ook in My." En die ongelowige Tomas het na Jesus se opstanding uitgeroep: "My Here en my God!" Soos God die Vader primêr Skepper is, so is God die Seun primêr Verlosser omdat dit Hy is wat ons van ons sondes kom verlos het. Dit is die Seun wat gemaak het dat ons eendag God se toorn gaan vryspring. As Christus nie ook waaragtige God was nie, dan sou Hy vir ewig onder God se toorn beswyk het aan die kruis, maar nou was Hy ook waaragtige God wat die sondes ten volle kon wegdra en die dood kon oorwin deur op die derde dag daaruit op te staan.

Die Heilige Gees is die derde persoon in die Drie-eenheid. In die Ou Testament word daar nog net oor die "Gees" of die "Gees van God" gepraat, maar in die Nuwe Testament word die Gees spesifiek die Heilige Gees genoem, omdat dit Hy is wat in die harte van die gelowiges woon, wat hulle afsonder vir God se werk en wat hulle reinig van hulle sonde. Alhoewel die Heilige Gees nie mens geword het soos Christus nie, is Hy nogtans 'n persoon, want die Skrif ken aan Hom tipiese persoonlike eienskappe toe. So gee die Heilige Gees byvoorbeeld vir Filippus bevel om by 'n sekere wa te gaan bly, net soos een persoon vir 'n ander 'n bevel sou gee (Hand 8:29). Voor sy hemelvaart het Christus ook vir sy dissipels vertel dat die Heilige Gees sou kom om hulle alles te leer en om hulle te herinner aan dit wat Christus hulle geleer het, soos 'n persoon gewoonweg sou onderrig gee (Joh 14:26). Die Heilige Gees word dan ook die Trooster genoem, wat op 'n baie persoonlike manier die vertroostende werking van die Heilige Gees beskrywe. Die Heilige Gees is dus nie net 'n krag of 'n invloed soos die Jehovah-getuies beweer nie. Die Heilige Gees is self ook God en ten volle persoon net soos die twee ander persone in die Drie-eenheid. Dit is die Heilige Gees wat in die algemeen vaardighede aan alle mense gee ten opsigte van wetenskap en kuns, maar die verlossende werking van die Gees is belangriker. Dit is die Heilige Gees wat agter die skrywers van die Bybel staan en daarom is die Gees van God die eintlike outeur daarvan. Dit is die Heilige Gees wat die kerk, die liggaam van Christus bewaar en vermeerder, wat die kerk ook bewaar van foute en struikeling en wat die kerk voorberei vir haar ewige bestemming by God. Alhoewel die bloed van Christus die grond vir ons hoop is, die bewys dat daar wel 'n heerlike toekoms op die gelowige wag, mag nooit 'n

gelowige die werk van die Heilige Gees ligtelik laat opneem nie, want dit is die Heilige Gees wat aan die gelowige die krag gee om die goeie stryd te kan stry. Daarsonder sou die gelowige lankal tou opgegooi het.

Hierdie saak van die Drie-eenheid is seker iets wat ons nooit ten volle met ons menslike verstandjies sal kan begryp nie, maar ons kan gerus wees, want ons hoef dit ook nie haarfyn te verstaan nie. Al wat die Skrif van ons vra, is geloof in hierdie drie-enige God omdat God Homself op talle plekke in die Skrif só aan ons betuig het. Vertrou jouself toe aan hierdie drie-enige God, want Hy is jou Skepper en jou begin, maar ook jou Verlosser wat 'n heerlike toekoms vir jou moontlik gemaak het, en dit is hierdie selfde Skepper en Verlosser wat ook die Heilige Gees is wat jou heilig en afsonder en wat jou treetjie vir treetjie aan die hand lei sodat jy wel by die Vaderhuis met sy baie wonings sal uitkom. Aan hierdie drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees moet 'n mens al jou lof, dank en aanbidding bring.

DIE DRIE-EENHEID

Vrae vir bespreking in die kleingroep

1. Waarom bid ons spesifiek tot die Vader, en nie ook tot die Heilige Gees of die Seun nie?

   .....

   .....

   .....

   .....

2. Is Jesus self ook God?

   .....

   .....

3. Is die Heilige Gees net 'n krag of 'n invloed in 'n mens se lewe? Motiveer jou antwoord: .....

   .....

   .....

   .....

4. Noem die primêre funksies van onderskeidelik die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

   .....

   .....

   .....

.....

.....

5. Waarom klink dit snaaks as ons sê dat God gekruisig is?

.....

.....

.....

.....

6. Op grond waarvan kan ons van die Drie-eenheid praat?

.....

.....

.....

6 Die gawes van die Gees

SAAMGESTEL DEUR DS JOHAN BUITENDAG

DOEL

Na afloop van die verrigtinge behoort die aanwesiges gevoelig te wees vir die werking van die Gees.

Elke deelnemer moet op die organigram volledig aantoon watter én watter soort gawes daar is.

HULPMIDDELS

- Dit is noodsaaklik dat 'n predikant hierdie lesing aanbied.
- Een blaaibord en geskikte penne.
- Bybels vir deelnemers.
- Penne/potlode.
- Twee vraelyste vir elke deelnemer.

LOKAALINRIGTING

Verdeel die groep in kleingroepe van ongeveer 5 elk en laat hulle rondom tafels plaasneem; almal moet die predikant en blaaibord duidelik kan sien.

METODE VAN AANBIEDING

Lesing deur 'n voorbereide predikant met vooraf- en agterna-vraelyste.

VERLOOP VAN PROGRAM SELF

- Opening en verwelkoming.
- Vooraf-vraelyste word in die kleingroepe voltooi. Geen evaluasie word daarna gedoen nie.
- Lesing word aangebied en sleutelbegrippe word algaande op die blaaibord neergeskryf.
- Predikant moet simpatiek en bewoë die lesing aanbied. Hierdie

lesing is nie opgestel om kerke of tendense te torpedeer nie. Ongevoelige kritici sal dit onbruikbaar vind.

- Die agterna-vraelys moet in die grootgroep ná kleingroepvoltooiing, gekontroleer word. Die vooraf-vraelys se woorde word nou net reg gerangskik.
- Sluit af met 'n gebed wat onder andere by die laaste paragraaf van die lesing aansluit.

VOORAF-VRAELYS

Naam: _____

Skryf al die gawes neer wat u identifiseer na aanleiding van die volgende Skrifgedeeltes:

- Efesiërs 4:11
- Romeine 12:6–8
- 1 Korintiërs 12:8–10 en 28
- 1 Korintiërs 14:6

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____
6. _____
7. _____
8. _____
9. _____
10. _____
11. _____
12. _____
13. _____
14. _____
15. _____
16. _____
17. _____
18. _____
19. _____
20. _____

Lesing: DIE GAWES VAN DIE GEES

Daar is seker min sake wat in die hedendaagse debat rondom die leer van die Heilige Gees so misverstaan word as juis die gawes van die Gees. En nou moet ons nie dink dat die misverstand slegs voor die deur van die Pentakostaliste (Pinksterbeweging) of die Neo-pentakostaliste (pinksterbeweging binne reformatoriese kerke) gelê moet word nie. Inteendeel. Tot onlangs het ook die Nederduitsch Hervormde Kerk maar weinig studie in hierdie verband gedoen. Ten spyte van talle en duidelike verwysings na die Gees in ons belydenisskrifte, ken hierdie geskrifte nie fyner nuanserings soos byvoorbeeld die onderskeid tussen die gawes en die vrug van die Gees nie; ewemin onderskei die belydenisskrifte tussen gemeenskaplike en indiwiduele gawes van die Heilige Gees; die "doop in/met die Heilige Gees" is 'n onbekende probleem vir hierdie geskrifte. Daarom kan 'n mens die charismatiese oplewing van ons dag selfs verwelkom. Dalk is dit tog God se vingerwysing aan 'n kerk wat intern èn ekstern, horisontaal èn vertikaal, versteen het (H Berkhof, *The Doctrine of the Holy Spirit*, p 93). As ons ons roeping en verantwoordelikheid getrou wil dien, sal ons nie anders kan as om tendense afwysend èn hervormend aan te toon nie.

Ons maak 'n groot fout as ons charismatiese gawes vereng tot slegs sekere verskynsels soos byvoorbeeld glossolalie (spreek in tale). Charisma kan in die algemeen die gawe van God in Christus aandui (Rom 5:15 en andere). Trouens, die ganse werk van die drie-enige God in ons geskiedenis kan as genadegawes gesien word (H Ridderbos, *Paulus*, p 493). Deur hierdie as vertrekpunt te neem, verhoed dit dat ons die charismata slegs in die pinkstertradisie van die Nuwe Testament soek. Reeds in die Ou Testament tref ons die gawes van wysheid (Eks 31:2–5), krag (Rigt 14:19), leiding (Num 11:16v e.a.), wonders/genesings (2 Kon 2:1–25) en profesie (1 Sam 10:10–13) aan. Tweedens verhoed dit ook dat ons die charismata as 'n "second blessing" sal interpreteer.

Dit is eienskappe wat noodwendig voortvloei uit die mens wat aan Christus behoort. As daar 'n positiewe verhouding met God is, ongeag die woord wat ons gebruik om dit uit te druk (uitverkiesing/geloof, wedergeboorte/bekering, regverdigmaking/heiligmaking), begiftig Hy sy kind met een of meer van hierdie gawes. Ons wys dus 'n doop met/in die Heilige Gees af as 'n komplementêre ervaring by geloof. Sedert Pinksterdag is die Gees in die liggaam van Christus tot "beskikking" van almal wat glo. Die waterdoop in die Naam van die drie-enige

God is die sigbare teken en seël dat die volle seën van die Heilige Gees aan die dopeling *reeds* geskenk is.

Blaai 'n mens in die Nuwe Testament rond, is daar vier lyste van die gawes van die Heilige Gees: Efesiërs 4:11, Romeine 12:6–8, 1 Korintiërs 12:8–10 en 1 Korintiërs 14:6. Besonder opmerklik is die *eiesoortige* karakter van elke lys. Ons lei hieruit af dat die situasie volkome bepaal het watter gawes die Gees uitdeel (1 Kor 12:11). Tyd en plek word dus die bepalende faktor vir die aan- of afwesigheid van sekere gawes. Daarom moet ons nooit gáwes nastreef nie, maar die Gees self. Hý sal ons toerus wat in ons omstandighede die nodigste is. Dit is nie korrek om te meen dat besondere gawes met die dood van die apostels uit die kerk verdwyn het om nooit weer terug te keer nie. Die kerk durf hom nie dié onderskeiding van gawes laat opdring nie. Wanneer die kerk uit reaksie teen die Pentakostalistiese (Pinksterbeweging) se oorbeklemtoning van die genade self, oorgaan na 'n vooropstelling van die natuur, ontkom hy nie aan dieselfde beswaar nie. Daarom moet die vryheid van die Gees ten alle tye eerbiedig word wat uitdeel "soos Hy wil". Dit bly ewe verkeerd om 'n gawe te verabsoluteer as om dit te negeer. Elke gelowige moet (!) vra watter gawe(s) God aan hom/haar geskenk het. Waar pas ék in die liggaam van Christus in – is dit voet, hand, vinger, oog, mond, ensovoorts? Die een liggaamsdeel (gawe) is nooit belangriker as die ander nie. (1 Kor 12:14vv). Saam dien almal maar net een enkele doel: die opbou van die liggaam. (1 Kor 14:12). Daarom dat Paulus glossolalie (spreek in tale) so laag aanslaan, want dit stig nie die gemeente nie (14:4). Ons verantwoordelikheid is om ons gedurig tot beskikking van die Heilige Gees te stel met die een groot gebed: Rus my toe om die gemeente van God op die beste wyse te dien. (W Jonker, *Ek glo in die Heilige Gees*, p 185).

Wanneer ons oor die gawes van die Heilige Gees besin, dring twee gesigshoeke hulle aan ons op: die algemene gawes en die besondere gawes. Eersgenoemde is die Heilige Gees se werk as skenker en bewerker van die biologiese lewe, die ordening en instandhouding van die skepping en die uitdeler van alle gawes van verstand, vaardigheid, insig en wysheid wat in ons lewe aanwesig is. Dit geld vir die kultuur, politiek, talente en tegniek. Die besondere gawes is weer die wat alleen die kinders van God toebedeel word. Hierdie groep word ook in twee onderverdeel: die gemeenskaplike en die indiwiduele gawes. Wat alle gelowiges gemeenskaplik ontvang, is die Gees self; Hý maak 'n mens deel van die liggaam van Christus. Gemeenskaplik verder is die vrug van die Gees. (Gal 5:22). Hierdie vrug is soos 'n druiwetros met nege

korrels (Adrio König, *Meer duidelikheid oor die Heilige Gees?*, p 55). Liefde, vrede, vreugde, geduld, en andere is eienskappe wat elke Christen móét hê; dit is onder andere die sigbaarwording van die geloof. Die vrugte is nie 'n alternatief op enige van die genoemde lyste nie. Die indiwiduele gawes aan die ander kant is daardie gawes wat die Gees uitdeel soos Hy wil. Hiermee wil God ons toerus om 'n spesifieke diens van die liggaam van Christus te verrig. Ook hierdie gawes laat hulle in twee groepe verdeel: die gewone en die buitengewone gawes. Laasgenoemde is die glossolalie (en die uitleg daarvan), die gawe van gesondmaking en die gawe van duiweluitdrywery (eksorsisme). Die Charismatiese Beweging sien verkeerdelik hierdie drie as die eintlike gawes en onderskeidingseienskappe van 'n Geesgedoopte kind van God. (Sien opsomming vir die gawes self).

Dit gaan in die gawes om die wyse waarop die Gees die gemeente wil opbou, om die besondere taak wat die Gees aan elke lidmaat opdra. Elkeen van ons behoort te bid: "Gee aan my dié besondere bekwaamheid om 'n taak in die gemeente te verrig sodat ons 'n gesonde liggaam van Christus kan wees". Maar dit vra u van die Heilige Gees terwyl u Hom vrylaat om aan u te gee wat Hy weet die gemeente nou nodig het.

OPSOMMING

A. ALGEMENE GAWES
   * Lewe
   * Talente
   * Vermoëns

B. BESONDERE GAWES
   * Gemeenskaplik
     - Heilige Gees
     - Liggaam van Christus
     - Vrug van Gees:
       * Liefde
       * Vreugde
       * Vrede
       * Geduld
       * Vriendelikheid
       * Goedhartigheid
       * Getrouheid
       * Nederigheid
       * Selfbeheersing

* Indiwidueel
  - Apostels
  - Profete
  - Herders
  - Leraars
  - Evangeliste
  - Gawe om te dien
  - Gawe van lering (onderrig)
  - Gawe van vermaning
  - Gawe van uitdeling
  - Gawe van voorganger
  - Gawe van barmhartigheid
  - Gawe van wysheid
  - Gawe van kennis
  - Gawe van geloofskrag
  - Gawe van onderskeiding
  - *Buitengewone Gawes:*
    * Glossolalie (spreek in tale)
    * Genesing
    * Eksorsisme (duiweluitdrywery)

BYLAE

Naam: _____

Evaluasie-vraelys

Gebruik jou aanvanklike vraelys en vul die gawes op die regte plekke in.

ALGEMENE	BESONDERE GAWES		
	GEMEENSKAPLIK	INDIWIDUEEL	
		gewone gawes	buitengewone gawes

7 Die gelowige en volkseie en volksvreemde organisasies

SAAMGESTEL DEUR DS WH SWART

TEIKENGEHOOR

Jeugdiges ± 16 tot 24 jaar.

DOEL

Om die jongmense te leer om tussen volkseie en volksvreemde organisasies te onderskei.

VOORBEREIDING

- Reël betyds met iemand wat in staat sal wees om die inhoud van die twee studiestukke te bestudeer en aan te bied.
- Vermeerder genoegsame studiestukke en vraelyste, sodat elke jeuglid een ter hand kan neem.
- Reël vir 'n blaaibord en potlode.
- Verdeel jeuggroep in gespreksgroepe van 5–7 persone en wys 'n groepleier vir elke groep aan.

DOELWIT

Die jeuggroep sal na afloop van die groepaktiwiteit in staat wees om ten minste 5 kenmerke van 'n volkseie en volksvreemde organisasie te kan opnoem.

PROGRAM

- Stel die bedoeling met die aktiwiteit duidelik, met die volgende oënskynlike probleem in gedagte. Dit blyk dat baie jongmense volks-

eie en volksvreemde organisasies met dieselfde lojaliteit en dislojaliteit bejeën.

- Behandel die twee studiestukke volledig.
- Deel aan elke jeuglid 'n vraelys en die twee studiestukke uit.
- Nadat nog 15 minute gegee is om die twee studiestukke indiwidueel te bestudeer, word 10 minute gegee om die vraelys indiwidueel te voltooi.
- Laat 30 minute toe om die stellings op die vraelys in spanverband te bespreek ten einde konsensus te bereik. Groepleiers moet toesien dat elke spanlid aan die gesprek deelneem.
- Skryf kortliks die span se motivering op die bestemde ruimte daarvoor gelaat.

TERUGRAPPORTERING

- Elke span rapporteer kortliks die resultaat van hulle besprekinge in grootgroepverband.
- Vrae word een vir een deur alle spanne beantwoord.
- Skryf die eerste span se antwoord neer en vul slegs met ander spanne se antwoorde aan of skryf volledig neer waar moontlike verskille is.
- Doen die nodige kennisinsette en laat die grootgroep konsensus bereik met elke antwoord.

AFSLUITING

Voordat afgesluit word, maak seker dat alle vrae en probleme binne die jeuggroep opgeklaar is.

DIE GELOWIGE EN VOLKSEIE EN VOLKSVREEMDE ORGANISASIES

Opdrag: 1. Nadat u vir 15 minute die twee pamfletreekse bestudeer het, kry u nog 10 minute om onderstaande vraelys eers indiwidueel te beantwoord deur met elke stelling waar of onwaar links op die bladsy te merk. U hoef net die stelling te bevestig, naamlik *waar*, of te ontken, naamlik *onwaar*.

2. Bespreek nou in spanverband vir 30 minute die stellings en

kry as span eenstemmigheid oor die antwoord. Skryf ook kortliks u span se motivering op u antwoord in die bestemde ruimte daarvoor gelaat.

Waar/Onwaar Indiwiduele antwoord		**Waar/Onwaar Span antwoord**
	1. Welwillendheidsdiens aan minder bevoorregtes is so 'n lofwaardige poging dat 'n mens *nooit* hoef navraag te doen na die bron en die bedoeling daarmee nie. Waarom?	
	2. Om welwillendheid te bewys is 'n edelmoedige taak en dra *altyd* by ter bevordering van dit wat eie is aan ons volk. Waarom?	
	3. Die gebod van naasteliefde bestaan nie sonder die eerste gebod van liefde tot God nie. Waarom?	
	4. Die deug van die mens is *die goeie wat in elke mens* aanwesig is en wat net na vore gebring moet word. Waarom?	

Waar/Onwaar Indiwiduele antwoord		Waar/Onwaar Span antwoord
	5. Die mens *kan alleen deur sy goeie dade* 'n bydrae maak tot 'n beter lewe en kan dan self ook 'n beter lewe verwag. Waarom?	
	6. Werke *sonder geloof* in Christus Jesus, is werke wat *aanspraak maak op verdienste.* Waarom?	
	7. Die Bybel vermaan elke gelowige om nie 'n broederskap met nie-Christene aan te gaan nie. Waarom?	
	8. By die volkseie organisasies word daar ook gestreef na samewerking ter bevordering van 'n samehorigheid tot eer van God. Waarom?	
	9. Die *Afrikaner se geskiedenis en tradisie is sy kosbaarste besitting vir voortbestaan.* Waarom?	
	10. Dit is belangrik om volksfeeste by te woon. Waarom?	

ANTWOORDSTEL

1. *Onwaar*
   Dit is belangrik om daarop te let wat die motief agter die gee is. Dit kan die gewer onder die indruk plaas dat sy lofwaardige daad so verdienstelik is dat dit vir hom ewigheidswaarde het. Die ontvanger daarenteen kan weer onder 'n verkeerde indruk gebring word en selfs versoek word om bedenklike bedoelinge as die waarheid te aanvaar en so mag God van die eer beroof word wat Hom toekom.
2. *Onwaar*
   Welwillendheid alleen is nie so 'n grootheid wat altyd noodwendig bydra tot dit wat eie aan die volk is nie.
3. *Waar*
   Eers wanneer ons God liefhet, kan ons ook ons naaste liefhê.
4. *Onwaar*
   Die Bybel leer ons dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat. Die natuur van die mens, uit homself, is dus nie goed nie, maar verdorwe vanweë die sonde.
5. *Onwaar*
   Goeie dade sonder geloof is dood en kan nie 'n positiewe bydrae maak nie. Om iets te doen en 'n beloning te verwag, is nie meer 'n goeie daad nie, maar 'n daad wat om verdienste vra. Die mens moet so gee dat die linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie.
6. *Waar*
   Werke uit geloof in Christus en werke uit dankbaarheid en naastelefde.
7. *Waar*
   Ons moet nie in dieselfde juk trek as die heiden nie. Dit skep by hom valse verwagtinge ten opsigte van dit wat reg behoort te wees.
8. *Waar*
   Dit is waarom dit in wese gaan by die volkseie organisasies.
9. *Onwaar*
   Geskiedenis en tradisie sonder geloof is nutteloos. Juis die geloof in Christus gee sin en betekenis aan geskiedenis en tradisie en maak daarvan 'n kosbare kleinood in die volksbesit.
10. *Waar*
    Dit is volksfeeste wat God se bemoeienis met ons volk in ere hou en in gedagtenis roep. 'n Volksfees tot eer van God is 'n fees uit dankbaarheid.

Lesing: DIE GELOWIGE EN VOLKSEIE ORGANISASIES

Dit is die mode van ons dag dat alles moet verander en daarom het die behoud van dit wat eie is aan die Afrikaner in baie kringe 'n skelwoord en in die vergadersale van die wêreld 'n vloekwoord teen die Afrikaner geword. Die vraag is egter of die positiewe waardering van die eie wel 'n selfsugtige daad is wat die ander van 'n sekere reg en voorreg ontneem? Om die vraag te kan beantwoord, is dit nodig om 'n geheelbeeld te kry van die doelstellings en handel van organisasies wat eie is aan die Afrikaner en hulle beywer vir die reg op voortbestaan van die Blanke aan die suidpunt van Afrika.

Die grondslag van hierdie organisasies is Christelik-nasionaal. Christelik, na die voorbeeld van die Bybel, en nasionaal, gelowig in die voetspoor van die vadere. Daarom vind ons by die organisasies 'n besonder positiewe waardering van dit wat geglo word, wat as gawe van God aan die Afrikaner toevertrou is.

Die doelstellings van die organisasies is dan ook so dat al die werksaamhede gerig is ter handhawing en bevordering van dit wat eie is aan ons vaderland, volk, kultuur en godsdiens. Daar word gestreef na samewerking ter bevordering van 'n samehorigheid wat sal strek tot eer van God, uit dankbaarheid vir die gawes en geleentheid wat Hy ons skenk om dié vaderland te mag bewoon, bewerk en bewaak.

Die klem val daarom sterk op die handhawing van ons eie taal, kuns en kultuur ter bevordering van ons Afrikanertrots en identiteit. Die nasionale belang staan daarom prominent op die voorgrond en hulle toewyding en opofferings word gemaak in belang van die voortbestaan van die Afrikaner.

Hierdie nasionale strewe word gevoed deur 'n diepgewortelde geloof in die drie-enige God as die lotsbeskikker van volkere en nasies en wat die Afrikaner Christelik en Blank in 1652 aan die suidpunt van Afrika gevestig het. Die geloof dat dit 'n Godgewilde daad is volgens die alwyse raadsbesluit van God, stimuleer die Afrikaner tot positiewe dienslewering aan sy volk en vaderland en om die lig van die Blye Boodskap in Afrika uit te dra. Die Afrikaner sien hom dus as 'n volk met 'n taak en 'n roeping om te vervul teenoor God, wat by Bloedrivier opnuut in die geskiedenis van die volk bevestig het dat Hy 'n kersteningstaak in Afrika het om te vervul.

Die gedagtes en besprekinge in die organisasies is dan veral daarop gerig om elke Afrikaner kundig te maak met betrekking tot sy taak en verantwoordelikheid en dat die Afrikaner 'n rol te speel het op hierdie donker kontinent.

Die dienslewering teenoor volk en medemens kom daarom sterk na vore as die beoefening van die deugde wat eie is aan die Christelike lewe. Hierdie dienslewering geskied in noue verbondenheid aan die Christelike leer van dankbaarheid.

Die werksaamhede van die organisasie word so verrig dat dit steeds die benutting van 'n gegewe geleentheid is om mee te werk, op te bou, te bewaar en te waardeer, dit wat eie aan dié bodem is.

Daarom word feeste ter herdenking aan gebeurtenisse, wat in die geskiedenis as God se bemoeiing met die Afrikaner in herinnering geroep word, sterk aangemoedig.

Die doelstellings en strewe van hierdie organisasies wat aanspraak maak op die behoud van die eie identiteit van die Afrikaner, is nooit ten koste van ander volkere met wie ons saamleef in die land nie. Daar word daarom positief meegewerk aan goeie rasse- en volkereverhoudinge met die handhawing van die eie, sonder om ander te veronreg of te na te kom.

In die uitlewing en handhawing van hierdie ideaal is Die Rapportryerskorpse, Jong Dames Dinamiek, Dames Aktueel, Die Afrikaanse Studentebond (ASB) en Die Voortrekkerbeweging dit onder meer met mekaar eens.

So word daar gepoog om die verantwoordelike Afrikanerman, -vrou, -seun, -dogter en -student positief te betrek by die nasionale belang wat 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing, vaderlandsliefde en nasietrots behels.

VOLKSVREEMDE ORGANISASIES

Toe hy op 'n keer oor volksvreemde organisasies geskryf het, het ds ZL Meyer die stelling gemaak dat dade steeds gedra word deur 'n bepaalde gedagte en motief. Wanneer ons nou die volksvreemde organisasies beoordeel, sonder om hulle een vir een by die naam te noem en hier volledig te ontleed, dan kan die stelling, deur dit in 'n vraag te omskep, gerieflik dien as vertrekpunt. Hoekom en waarom verrig sekere organisasies sekere barmhartigheidsdienste?

Die vraag mag miskien skok omdat 'n welwillendheidsdiens en minderbevoorregtes betrokke is en omdat die massamedia oor baie jare met groot sorg en noukeurigheid elke greintjie van hierdie diensorganisasies se doen en late baie volledig in die kalklig gestel het. So prominent was en is baie van hierdie beriggewing, dat dit die indruk wek dat

hierdie organisasies die enigste is wat omsien na die minderbevoorregtes en oues van dae en dat die gewone barmhartigheidsdiens van kerk en staat wat eintlik vlees en been aan mekaar hou, as 't ware nie bestaan nie.

Om welwillendheid teenoor jou naaste en die hulpbehoewende te betoon, is 'n edelmoedige daad. Hoe edelmoedig 'n daad egter ook mag wees, is daardie daad gedoem as die bron wat dit stimuleer en voed nie kerngesond is nie. Gedoem, nie tot 'n vloek oor die hulpsoekende nie, maar tot 'n gevaarlike versoeking vir hulle wie die diens bewys. God leer ons duidelik in sy Woord dat die krag van die tweede gebod van naasteliefde nie kan bestaan sonder die eerste gebod van liefde tot God en gehoorsaamheid van sy gebod nie. Dit is daarom nie onbillik om te vra na die dryfveer agter hierdie diensorganisasies se handel nie.

Met bogenoemde as maatstaf en uitgangspunt kan ons in die beoordeling van die organisasies nie anders as om op te merk dat die karakter daarvan vreemd is aan die Heilige Skrif en dat hierdie organisasies nie 'n wesenlike positiewe bydrae maak ter bevordering van dit wat eie is aan ons volk, taal, vaderland, godsdiens en tradisie nie. Die motief en baie van die gedagtes wat eie is aan die organisasies, is vreemd aan ons volk en strook nie met die volledige opdrag uit God se Woord nie.

'n Prominente eienskap van hierdie organisasies is die byna magiese strewe na en beklemtoning van die horisontale verhoudinge. 'n Daad en meer by name die deug van 'n mens, word verskans as die hoogste goed in die onderlinge verhouding tussen mense. Die sogenaamde goeie wat in elke mens aanwesig is ('n gedagte wat vreemd is vir die Bybelse Goeie Boodskap), moet as deug na vore gebring word deur die mens self met sy verstand en kennis van die lewe. Die deug sal die mens dan help om ook die goeie te doen. Wat hier as goed gereken word, is dit wat vir die mens aanvaarbaar is en wat bepaalde goeie voordele vir die menslike geslag onderling kan bewerkstellig. Die mens met sy ervaring en denke word dan die maatstaf van wat goed en sleg is.

Daar word geredeneer dat die sogenaamde goeie mens deur sy deug uiteindelik met sy goeie dade 'n beter aarde en woonplek vir die mens kan skep. Deur kennis en ervaring moet die strukture dan sodanig gewysig word, dat die mens in 'n goeie wêreld in vrede kan lewe.

Die doelstellings, seremonies en rituele van baie van die diensorganisasies is dan ook 'n sprekende voorbeeld daarvan as sou wie daar toegetree het, nou eintlik 'n beter mens wees. Aspirant lede van die organisasies word deur toetrede diep onder die indruk gebring dat wie

toetree eintlik in die duister was en nou tot die lig gebring word. Die indruk word gelaat dat die mens eers in die organisasie 'n deugsame mens kan word wat dán eers in staat is om deur goeie dade 'n bydrae te maak tot 'n beter lewe en self ook 'n beter lewe kan verwag.

Die deug word nou 'n goeie werk wat aanspraak maak op publisiteit en verheffing. Om goed te doen, word hier 'n verhewe strewe wat reg sou hê op erkenning. Dit word 'n prestasie (en 'n soort reg wat voorbehou word) wat dikwels die eise van God se Woord en kerk verwerp. Goed doen word 'n lewenswyse en 'n band wat mense tot 'n broederskap saamsnoer. Helpende hande wil bakhande vul in 'n poging om 'n beter menslike geslag en leefwêreld te probeer skep. Mense word op mekaar aangewys vir kameraadskap en begrip vir mekaar, sodat dit boustene kan vorm vir vryheid, gelykheid en geregtigheid vir alle mense wat bereid is om erkenning te verleen aan die organisasie of hulle aan die organisasie wil verslaaf.

Die mens moet nou hierin verhef word deur onder andere hoë etiese maatstawwe na te volg en 'n nuttige beroep te beoefen, om so mee te doen om 'n goeie verstandhouding onder mense te bevorder, sodat daar 'n gees van onderlinge welwillendheid en vrede kan heers as die hoogste prioriteite vir die mens.

In kort kom dit dus neer op 'n soort wêreldbroederskap met 'n soort wêreldgodsdiens (filosofie) waarby Jesus Christus as Vredevors en Saligmaker uitgesluit is. Van die Christelike vryheid om spontaan te glo en te werk, kom daar byna niks tereg omdat mense hulle laat verslaaf onder die doelstellings en voorskrifte van hierdie organisasies waar Jood, heiden en Mohammedaan dikwels saam geakkommodeer moet word en waar Christus se Naam nie openlik bely mag word nie.

Ds Meyer merk dan ook tereg op: "Die waarde van sekere Christelike deugde (diens en naasteliefde) is raakgesien deur die organisasies, en daar word ook met sekere Christelike name gewerk. Dit bly egter 'n moralisme, 'n goed-doenery sonder onderbou en daarom kan dit nie anders as toevallige lapwerk en stukwerk bly nie. Daar is geen fondament vir die gebou wat hulle wil oprig nie. Die tweede tafel van die Wet (liefde tot die naaste) word erken en die uitlewing daarvan nagestreef, maar dan sonder sy noodsaaklike onderbou, die eerste tafel (liefde tot God bo en voor alles)."

Die Bybel leer ons dat die mens in sigself van nature geneig is om God en sy naaste te haat en dat ons sonder Jesus Christus niks kan doen nie. Die Bybel ken dus nie 'n mens wat basies goed is en in staat is om, deur middel van sy verbintenis tot 'n wêreldse organisasie wat Christus

nie as enigste Verlosser en Vredevors bely nie, deur sy medemens opgehef te word tot 'n beter mens nie. God leer ons deur sy Woord dat die mens sondig is en dat die goeie wat ons wil nie gedoen word nie, maar eerder die kwade wat ons nie wil nie.

Die mens is ook nie in staat tot goeie werke sonder algehele gehoorsaamheid aan God soos wat Hy Hom volledig in sy Woord aan ons bekend maak nie. Werke sonder geloof in Christus Jesus is werke wat aanspraak maak op verdienste. Dit is vreemd aan die Bybel se gedagte wat praat van goeie werke as niks anders as net dade uit dankbaarheid vir God se reddende genade in Christus Jesus. Die maat van ons kennis van God en vertroue in Hom is die kwaliteit van ons geloof wat ons dring tot dade van diens teenoor ons naaste in dankbaarheid en erkenning teenoor God vir soveel liefde en sorg aan ons betoon.

Die broederskap van die Christen is 'n broederskap in Christus wat die gelowige tot kinders van God maak deur die vergewing van ons skuld en ellende. 'n Wêreldbroederskap is 'n horisontale verhouding van mense sonder 'n vertikale verhouding tot God as hoogste prioriteit. 'n Wêreldbroederskap ken nie vaderlandsgrense, taal en volkseie as gawe van God binne 'n bepaalde gegewendheid en leefruimte nie. Patriotisme bestaan dan slegs in teorie, terwyl internasionalisme in die praktyk beleef word. Nasionale belange word diensbaar gemaak aan internasionale eise vir die bevordering van gelykheid en vrede onder alle mense.

Hierdie organisasies wil so duidelik laat blyk dat nie net alleen die linkerhand deeglik bewus moet wees van wat die regterhand doen nie, maar dat die daaglikse barmhartigheidsdiens van kerk en staat bewustelik so verswyg word as sou dit nie bestaan nie.

Die wêreld van geluksaligheid waarna hulle streef met hulle doelstellings, leer die Bybel ons, bestaan nie op die aarde nie, maar is die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Jesus Christus die Saligmaker en Vredevors, as erfdeel vir die gelowige verwerf het.

Die geluksaligheid is dit waarna Christus Jesus gelowiges lei. 'n Stryd wat gestry moet word in die geloof op die plek wat God as gawe aan 'n volk toevertrou om daar te bewoon, te bewerk en te bewaar. Dit is die eie aan 'n volk wat kosbaar is en waarmee die volksvreemde bereid is om te dobbel op die internasionale tafels van die wêreld.

Is die eintlike gedagte en motief nog die nakoming van die tweede tafel met inagneming van die Gebooie van die eerste tafel, of gaan dit dalk net om die mens ter wille van die mens en menslike eer en aansien alleen? Die laaste stelling rym nie met die Bybelse gedagtes nie en

respekteer ook nie dit wat eie is aan 'n volk en werk ook nie in nasionale belang nie. Hierdie gedagtes en motiewe is vreemd aan die kultuur, godsdiens en tradisie van die Afrikaner en daarom noem ons hulle volksvreemd.

VOORBEELDE

Die "groot Argitek van die heelal" wat deur die Vrymesselary Jahbulon ('n samepersing van die Ou-Testamentiese Jahwe, die Kanaänitiese afgod Baäl en die Egiptiese afgod On of Osiris) genoem word en as "Most Worshipful Master" aangespreek word, dra 'n sterk heidense karakter. Die Woord van God leer ons dat die drie-enige God wat alles geskape het en wat as Vader, Seun en Heilige Gees geopenbaar word, die enigste eerbiedwaardige is en dat alleen Jesus Christus ons Heer en Meester is.

Die Bybel vermaan elke gelowige om nie 'n broederskap met nie-Christene aan te gaan nie en daarom is die 'n broederskap van alle Vrymesselaars wat òf trou sweer aan Jesus, Allah òf Krishna en so meer, nie houdbaar binne die Christelike leer nie.

Die "Rotary International" of die Rotariërbeweging het die verhewe ideaal van "diens aan die mensdom bo alles!" ("Intrinsic goodness is the mainspring of vocational service").

Die "Round Tabel International" lê weer besondere nadruk op kameraadskap in die beroepswêreld wat in staat sou wees om gemeenskapsdiens, internasionale vrede en welwillendheid te bevorder.

Die "Lions International" het ten doel "om aan die mense die belangrikheid van die broederskap van alle mense te leer", daarom dat 'n predikant van die "Lions" in 1973 skryf: "Om sy totale plig aan die mensdom na te kom, moet elke "Lion" optree as burger van die wêreld, sowel as van sy gemeenskap en sy naaste."

Die enkele voorbeelde en aanhalings uit ds Meyer se werkstuk van Mei 1979 toon duidelik die gebrek aan 'n Christelik-nasionale karakter by die organisasies. Daarom behoort elke gelowige vaderlandsburger en Afrikaner vreemd en ontuis te voel in organisasies met sulke doelstellings, seremonies en rituele om hom sogenaamd op te hef.

8 Die kerk en die owerheid

SAAMGESTEL DEUR DS JOHAN BUITENDAG

DOEL

Om die Christen-jongmens bewus te maak, eerstens van die owerheid as goddelike instelling, en tweedens van die feit dat die eise van 'n owerheid stip gehoorsaam moet word, tensy dit die Woord van God uitdruklik weerspreek.

HULPMIDDELS

- Bybels, of so nie foto-afdrukke van Romeine 13:1–7.
- 'n Vraelys vir elke deelnemer.
- Potlode/penne.

LOKAALINRIGTING

- Almal wat die erediens bygewoon het en belangstel om aan die bespreking deel te neem, bly net so in die kerk sit. Geen lokaalvoorbereiding word verlang nie.

METODE VAN AANBIEDING

- Die predikant lei 'n bespreking na aanleiding van sy preek oor Romeine 13:1–7 aan die hand van 'n vraelys.
- Klein- sowel as grootgroepbesprekings word gevoer.

VERLOOP VAN DIE PROGRAM SELF

- Die predikant preek oor Romeine 13:1–7.
- Ná die erediens word groepies van nie meer as 8 elk gevorm. Elke groep wys 'n leier aan wat die orde moet handhaaf en wat later as spreekbuis sal optree.

- Vraelyste word uitgedeel en elkeen voltooi dit *afsonderlik* en in doodse stilte. Maksimum tyd: 20 minute.
- 'n Verdere 30 minute word nou gewy aan kleingroepbespreking waartydens antwoorde vergelyk en gekorrigeer word.
- Die predikant tree nou op as besprekingsleier, hoor *groepe* se antwoorde aan en lewer kommentaar soos nodig gevind mag word.
- Neem kennis dat eksakte antwoorde nie by eksistensiële aangeleenthede bestaan nie; laat asseblief ruimte vir klemverskille.
- Daar kan afgesluit word met die sing van Gesang 30:7.

KERK EN OWERHEID

Lees: Romeine 13:1–7

Inhoudelik kan ons die Romeinebrief in twee groot dele verdeel: hoofstukke 1–11 en 12–16. Die eerste deel handel oor God se dade van genade teenoor die mens. Dit gaan met ander woorde oor die verlossing in Jesus Christus. Maar nou moet die mens op hierdie genade antwoord deur dit persoonlik *te leef*. En hiervan lees ons in die tweede deel. Paulus begin hierdie deel deur te sê dat ons wat hierdie genade ontvang het, onsself moet stel as lewende en heilige offers aan God. Dit gaan in hierdie deel dus om 'n dankbare lewe aan 'n genadige God. Hierdie dankbaarheid word óral geleef – in die kerk (hfst 12), sowel as in die wêreld (hfst 13). Ons verhouding met ons land se owerheid het dus direk met ons verhouding tot God te make.

Ons het hier te doen met 'n brief wat Paulus aan Christene in die stad Rome stuur. Rome was toe berug vir sy heidense karakter. Die keiser wat op die stadium aan bewind was, was na alle waarskynlikheid Nero gewees. Baie Christene het deur sy toedoen gesterf. En so was dit maar die geval met meeste van die Romeinse keisers – hulle was wreed, magswellustig en bitter onregverdig. Staatsgrepe en sluipmoorde was eie aan hulle beroep. En nou skryf Paulus aan die Christene daar en sê elke mens moet hom aan die owerheid onderwerp. Geen mens word uitgesluit nie. Hulle moet hulleself aan 'n tiran onderwerp! Dit lyk vreemd, nie waar nie? Hoe kan Paulus nou so iets van hulle verwag het? Die antwoord vind ons in die gedeelte self: *alle gesag kom van God af*. Dit is God self wat die strukture daarstel waarbinne een mens oor 'n ander regeer. Natuurlik het God nie die tiranne van die wêreld in hulle posisies geplaas nie – nee, alleen die struktuur kom van God af. En as 'n

mens nou sy gesagsposisie sou misbruik? Dan oortree hy God se gebod. Daarom is dit ook sonde om teen enige vorm van gesag te rebelleer, want dan staan 'n mens teen 'n goddelike instelling op. Dit hou verder dan ook in dat 'n mens nie die owerheid hoef te vrees nie. Hulle gesag kom mos van God af! Dit is slegs wanneer jy verkéérd doen, dat jy vir die owerheid moet skrik. Want dan moet jy ook verwag om gestraf te word; die owerheid het nie alleen die reg daartoe nie, maar ook die opdrag daartoe. Hulle *dra die swaard* van God op aarde. Verder moet 'n mens die owerheid ook gehoorsaam omdat dit 'n *gewetensaak* is.

Die groot vraag wat nog wag om beantwoord te word, is die kwessie van die Christen se optrede teenoor sy nie-Christelike owerheid. Moet ook húlle wette gehoorsaam word? Die antwoord is JA! Hulle gesag kom mos ook van God af! Al het hulle dit verwring. Nooit mag 'n onderdaan teen so 'n owerheid rebelleer nie – allermins met geweld. Die wapen van die Christen teen sy owerheid kan alleen die swaard van die Woord wees. Natuurlik beteken dit nie dat 'n Christen sy owerheid blindelings sal volg nie. God se gebod is altyd belangriker as selfs die van die owerheid (Hand 5:29). Wette wat teen die grein van die evangelie ingaan, durf nie gehoorsaam te word nie. So sal 'n Christen dikwels 'n despotiese tiran se wette ongehoorsaam móét wees. Dit sal uiteraard vir so iemand pyn en lyding meebring, miskien selfs 'n martelaarsdood, maar aan God sal hy sy lewe lank getrou bly.

Vers 6 eindig heel prakties. Hoe moet ons nou ons onderdanigheid aan hierdie Godgewilde instelling openbaar? Betaal belasting, sê Paulus. Daarmee erken en aanvaar jy hulle gesag. Praat met ontsag oor die owerheid en gee hulle eer as dit hulle toekom. En daarom kan hy ook op 'n ander keer skryf (1 Tim 2:1) dat ons vir die owerheid altyd voorbidding moet doen. Hulle het 'n geweldige taak en verantwoordelikheid. Nooit mag hulle die gesag wat God aan hulle toevertrou het, misbruik nie.

Mag die owerhede altyd hulle Bybelse plek raaksien en uitleef en mag ons dit ook altyd doen.

VRAELYS

KERK EN OWERHEID

Beantwoord die volgende vragies indiwidueel en bespreek dit daarna in jou groep.

1. Christelike beginsels is deur die Romeinse owerheid gehandhaaf tydens Paulus se brief aan die Romeinse Christene.

Waar	Onwaar	

2. Etiek is 'n gelowige se dade van dankbaarheid teenoor sy God.

Waar	Onwaar	

3. Gehoorsaamheid aan die owerheid is 'n etiese aangeleentheid.

Waar	Onwaar	

4. Wat verstaan jy onder "elke mens" van vers 1?

.....

5. Watter een van die volgende stellings beskryf 'n Christen se houding teenoor die staat die beste?
   i. Gehoorsaam alle bevele blindelings.
   ii. Gehoorsaam alleen bevele wat volgens sy insig bybels is.
   iii. Gehoorsaam alleen bevele wat ook in die Bybel voorkom.
   iv. Gehoorsaam alleen bevele wat nie in stryd met die Bybel is nie.
6. Kom nie-Christelike gesag ook van God af?

Ja	Nee

7. Siteer 'n teks uit die gelese gedeelte wat daarop dui dat 'n owerheid onder sekere omstandighede wel mense om die lewe mag bring.

.....

8. Verwag God van my om ons land se wette na te kom?

Ja	Nee

9. Is dit eties verkeerd om te verneuk met my belastingaanslag?

Ja	Nee

10. Mag 'n mens kritiek teen 'n owerheid hê as hy onbybels optree?

Ja	Nee

Mag 'n mens hom dan *on*-gehoorsaam wees?

Ja	Nee

Moet 'n mens?

Ja	Nee

11. Gestel Suid-Afrika ontwerp 'n tipe kernmissiel wat hier afgevuur word en dan so te sê die hele Rusland sal vernietig – sal jy as Christen die gebruik van so 'n wapen goedkeur?
Motiveer jou antwoord.

.....

.....

.....

.....

9 Hoe kan ek as jongmens my getuienistaak uitleef?

SAAMGESTEL DEUR DS J COETZEE

DOEL

Om as jongmens, toegerus deur die Heilige Gees, te kan leef en werk tot eer van God.

1. VOORBEREIDING

Dit is noodsaaklik dat die predikant, wat vooraf deeglik voorberei het ten opsigte van die wye spektrum van die saak, die bespreking en aanbieding sal lei.

2. LOKAALINRIGTING

Verdeel die groep in kleingroepe van ongeveer vyf persone elk om rondom tafels plaas te neem, wat so gerangskik is dat almal die aanbieder en blaaibord of die skerm van die oorhoofse projektor duidelik kan sien.

3. HULPMIDDELS

- Deelnemers moet elkeen oor 'n Bybel en pen/potlood beskik.
- 'n Oorhoofse projektor, transparante en penne of 'n blaaibord en geskikte penne.
- Vraelyste vir elke deelnemer.

AANBIEDING EN VERLOOP VAN PROGRAM

Dit word aanbeveel dat die programskets, "Die gawes van die Gees"

(saamgestel deur ds Johan Buitendag), saam met hierdie inhoudstuk as 'n eenheid gehanteer sal word, verkieslik tydens dieselfde byeenkoms.

1. Opening: Skriflesing: 1 Petrus 1:3–5; 17–21; 1 Petrus 2:9, 10.
   Sang: Gesang 222:1, 4.
   Gebed.
2. Verwelkoming en aankondiging van tema: "Hoe kan ek as jongmens my getuienistaak uitleef?" Verduidelik dat program in twee (of meer) sessies sal verloop.
3. Sessie een: "Die gawes van die Gees".
4. Pouse: 'n Lafenis!
5. Sessie twee: "Hoe kan ek as jongmens my getuienistaak uitleef?"
6. Afsluiting: Gebed.
   Sang: Gesang 190: al die versies.

INHOUDSTUK: HOE KAN EK AS JONGMENS MY GETUIENISTAAK UITLEEF?

1. Die getuienis van 'n gelowige – die Heilige Gees rus ons daarvoor toe

Kort voor sy hemelvaart gee Jesus aan sy dissipels 'n opdrag: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die hele wêreld" (Hand 1:8). Dit is die opdrag aan die kerk wat ook nog vandag vir ons as kerk geld. Elkeen wat glo, wat deel is van die kerk van Jesus Christus, is betrek by hierdie roeping.

Tussen die Heilige Gees en die kerk, die liggaam van Jesus Christus, bestaan daar 'n bepaalde verbondenheid. Sonder die Heilige Gees kan die kerk nie bestaan nie, want deur sy Woord en Heilige Gees bring God sy kerk byeen. Die Heilige Gees werk in ons harte die geloof en bring die gelowiges, die wat dus aan Christus behoort, as sy kerk byeen. 1 Korintiërs 12:12–13 stel dit op 'n besondere manier: "Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met Christus. Deur die een Gees het ons immers almal een liggaam geword deur die doop, of ons nou Jood of Griek is, of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk." Ons leer verder uit die Bybel dat die Heilige Gees nie net die kerk in aansyn roep of versamel nie, maar ook toerus vir die taak wat die Heer

aan sy kerk gee. Die Heilige Gees rus die kerk toe om na binne te werk, dit is die opbou van die gemeente tot eer van God (Ef 4:15, 16), en ook na buite, tot die uitbouing van die koninkryk van God. Lees ons die boek Handelinge, die geskiedenis van die vroeë kerk, sien ons hoe die Heilige Gees die gelowiges toerus en lei in die praktiese werk van gemeente-opbou en sending, asook wanneer hulle besluite moet neem oor sake rakende die geloof en die leer van die kerk, wat ook in hulle daaglikse lewe betekenis het. Die opdrag om getuies te wees, raak elkeen van ons persoonlik, want ons is deel van die kerk van Christus wat hierdie opdrag ontvang het. By belydenis van geloof onderneem ons dan ook om mee te werk tot die opbou van die kerk in die algemeen en van ons eie kerk in die besonder. Saam met Handelinge 1:8, die opdrag om getuie vir Christus te wees, kan ons dit só saamvat: "Julle, daarenteen, is die uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig" (1 Pet 2:9).

Wanneer God dan deur sy Woord en Gees vir Hom 'n gemeente versamel, rus Hy deur sy Gees ook die gelowiges toe sodat hulle hulle roeping kan uitleef. Elke gelowige ontvang 'n gawe of gawes soos wat God dit beskik en soos wat dit nodig is, tot opbou van 'n spesifieke gemeente of kerk, *maar van alle gelowiges word die vrug van die Gees gevra*. Gawes word gegee om daarmee dienswerk te verrig, terwyl die vrug van die Gees, wat van elke gelowige in sy lewe verwag word, 'n teken is dat die gelowige die Heilige Gees as gawe ontvang het en om die rede 'n gelowige is. Die vrug van die Gees wat die lewe van die gelowige moet kenmerk, is dan 'n teken dat jy in Christus 'n nuwe mens is, dat die Heilige Gees in jou lewe aan die werk is. Dit is die sigbaarwording van die geloof – 'n getuienis wat na Jesus Christus wys, deur wie ons deel het aan die genade van God en die verlossing in Christus.

Die getuienis van 'n Christengelowige is dan om 'n lewenswyse te handhaaf wat uitwys aan wie ons behoort; om 'n spontane antwoord te kan gee as van ons 'n verduideliking gevra word oor die hoop van ons lewe; om bereid te wees tot dienswerk in die gemeente van Christus.

2. Die uitlewing van my getuienis as gelowige

2.1 'n Lewenswyse wat uitwys aan wie ons behoort

Julle behoort aan Christus! Uitverkore! Eiendomsvolk! Koningskinders!

Hiervan word ons verseker deur die gedeelte wat ons uit die eerste Petrusbrief saam gelees het. Die brief aan die Efesiërs stel dit so: "Uit genade is julle gered. Deur die geloof het julle deel gekry aan hierdie gawe van God" (2:8). "Ja, deur Jesus Christus het julle deel geword van die volk van God toe julle die evangelie van Jesus Christus gehoor het en tot geloof gekom het. Die Heilige Gees het jou deel laat kry aan dit wat Christus vir ons kom doen het, naamlik die loskoop van die mag van die sonde om aan Hom te behoort" (1:13). Die oproep aan ons is ook duidelik: "Daarom moet ons sy grootheid prys" (1:14) en "in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het" (2:10).

Hierdie genade is aan elkeen van ons persoonlik bevestig toe ons gedoop is. Eiendom van die Vader, die Seun en die Heilige Gees – so lyk die naambord wat God opgehang het aan my en jou, die gemeente, sy eiendom wat Hy omhein het; vir Hom afgekamp het.

Dit gee aan ons 'n besondere eiendomstatus. Dit maak ons waardig – nie meerderwaardig of minderwaardig teenoor ander mense nie, maar waardig, kosbaar vir die Here. Dit maak van 'n Christen 'n nederige mens wat hom daarvan vrywaar om in die uitlewing van sy getuienis sy eie eer te soek. So vra die Here dan van ons 'n bepaalde lewenstyl, dié soort lewensgetuienis wat voorvloei uit ons eiendomstatus waaruit duidelik blyk aan Wie ons behoort en aan Wie ons gehoorsaam is.

Hoe lyk só 'n lewenstyl? Wat is die kwaliteit van só 'n lewe?

Die getuienislewe van 'n gelowige moet dan 'n getuigskrif wees wat sê aan wie ons behoort. In die taal van Galasiërs 5:25; "Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal." Ons moet ons lewens deur die Heilige Gees laat beheers, soos Efesiërs 5:18 die opdrag gee om ons met die Gees te laat vervul. In kort beteken dit dat jou hart eers leeg moet word, dit wil sê die verwydering van die sonde wat alleen moontlik is deur die vergiffenis deur Christus. Van my en jou vra dit berou, skuldbelydenis en geloof in die vergewing van sondes op grond van die lyding en sterwe van Christus. Verder vra dit van ons gehoorsaamheid en oorgawe aan God – hoe meer ons dit doen, hoe meer word ons met sy Gees vervul. Die gevolg hiervan is dat ons lewe deur die Heilige Gees beheers word. So 'n lewe sal gekenmerk word deur vrugte wat by die bekering pas, die vrug van die Gees. En die vrug van die Gees is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getroudheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal 5:22–23). Die vrug van die Gees wat ons lewe moet kenmerk, is nie ons prestasie en

verdienste nie, maar word op 'n wonderlike wyse tot stand gebring deur die Gees wat laat groei en ryp word. Die vrug van die Gees staan dus teenoor die praktyke van die sondige natuur wat ons moet aflê. Kom ons lees elkeen Galasiërs 5:13–26 in stilte. (Laat ongeveer 3 minute hiervoor toe.)

Vervolgens gaan ons nou kortliks iets sê oor elkeen van hierdie negevoudige vrugte van die Gees wat ons lewenstyl moet kenmerk. Ons gaan nie hierdie aspek in die kleingroep of grootgroep bespreek nie, maar elkeen moet nou, terwyl ons besig is met die bespreking, die volgende vrae bedink wat met die transparant/blaaibord getoon word. Aan die einde van hierdie sessie sal elkeen 'n opdragvel kry wat indiwidueel en in eie tyd (stiltetyd) voltooi moet word. (Vergelyk bylae 1).

Die vrug van die Gees – 'n lewensgesindheid

Voorop staan die liefde

Dit is 'n gesindheid wat elke Christen se lewe moet kenmerk – wegkyk van jouself en 'n ander raaksien. Dit is 'n warmhartige toegeneëntheid tot die ander persoon, 'n egte besorgdheid vir die belange en behoeftes van die ander. Jesus se liefde vir die sondaar is die bron en inspirasie van ons liefde teenoor mekaar, daarom is dit baie meer as net 'n goedgesindheid en algemene menslike toegeneëntheid. Dit is om jouself te gee.

Vreugde

Werklike vreugde is innerlike vreugde en blydskap oor die verlossing in Christus. Dit gee aan die gelowige 'n uitkyk op die lewe wat nie alleen hierdie vreugde in Christus tot uiting laat kom in persoonlike blymoedigheid nie, maar ook in die onderlinge verhoudings van gelowiges.

Vrede

Egte vrede met jouself en ander het nie sy oorsprong in uiterlike dinge nie, maar is alleen moontlik as die verhouding met God reg is. "Aangesien ons nou deur die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus" (Rom 5:1). Hierdie vrede, tevredenheid in die hart, moet duidelik na vore kom in die verhoudings met mekaar.

Geduld

God is die bron van geduld, dit sien ons duidelik in sy optrede met

ons, wat altyd ongehoorsaam aan Hom wil wees. God se geduld met ons is genade, so wil Hy ons tot bekering lei. Geduld beteken dat ons sal wag op die vervulling van God se beloftes (Heb 6:11–12), dat ons geduldig sal dra wat oor ons kom en dat ons geduldig met mekaar sal wees – die liefde is geduldig.

Vriendelikheid

Dit is 'n ingesteldheid wat by almal moet wees en in die houding en gedrag teenoor mekaar tot uiting moet kom. As gelowiges is ons vriendelikheid teenoor die naaste verskuldig, al verdien hy dit volgens ons mening nie. Vriendelikheid sluit ook vergewensgesindheid teenoor mekaar in (Ef 4:32), soos God ons in Christus vergewe het.

Goedhartigheid

God is altyd goedhartig (lees Hand 14:17). Hy gee aan ons soos wat ons nodig het, selfs sy eie Seun. 'n Gelowige moet dus omgee en na ander omsien.

Getrouheid

God is getrou en bly altyd getrou, daarom is Hy geloofwaardig (Rom 3:4; Ps 105:5). Die Gees van God roep die gelowige op tot getrouheid. 'n Christen moet iemand wees op wie gereken kan word, wat sy woord hou, al is dit tot sy skade; wat sy verantwoordelikhede nakom en geloofwaardig is.

Nederigheid

Nederigheid, soos Christus die voorbeeld gestel het, hou verband met vriendelikheid, geduld en goedhartigheid. Dit moet in die lewe van 'n gelowige staan teenoor hooghartigheid, aanmatiging en verwaandheid. Sonder om beginsels prys te gee, vra dit van jou beskeidenheid en gematigheid.

Selfbeheersing

Dit beteken dat ons, gehoorsaam aan die Gees van God en in sy krag, op die vrye terrein van ons lewe die goeie gawes wat God gee met matigheid sal gebruik, sodat ons nie in misbruik, uitspattigheid en onverantwoordelikheid sal verval nie.

2.2 *'n Spontane verkondiging van die groot dade van God*

Ons getuienis dat Christus die Here is, moet dus in ons lewe sigbaar word deur dit wat ons doen. 'n Geesbeheerde lewe sal ander mense laat

vra na waarom ons só lewe. Ons lewenstyl, wat die vrug van die Gees moet wees, sal om 'n verduideliking vra. 1 Petrus 3:15 sê dat Christene altyd gereed moet wees om 'n antwoord te kan gee aan elkeen wat van ons 'n verduideliking eis oor die hoop wat in ons lewe.

Die hoop van ons lewe is die verlossingsdade van God in Christus. Deur die opstanding van Christus uit die dood, het ons nie alleen 'n lewende hoop op die ewige lewe nie, maar leef ons nou reeds in die hoop en sekerheid. Ons is nou reeds sy eiendom en Hy bewaar ons. Die inhoud van ons antwoord as mense vra na die oorsaak van ons lewe wat gekenmerk word deur die vrug van die Gees, moet dan altyd God en sy verlossingsdade in Christus wees, waaraan ons deel het deur die Heilige Gees wat geloof in ons werk. Hierdie "woordverkondiging" begin in die erediens waar ons Hom met ons teenwoordigheid, gebed en lied loof en dank. Die openbare erediens van die gemeente, waarby elkeen met sy of haar hele wese betrokke moet wees, is 'n kragtige getuienis tot verkondiging dat Christus die Verlosser is. Vanuit die erediens, deur die prediking, by die kategese, die Bybelstudie en ander geleenthede waar die gelowiges rondom die Woord byeenkom, word ons toegerus om antwoorde te gee na die diepste grond van ons dankbaarheidslewe onder leiding van die Heilige Gees. Moet dus nie skaam wees om te sê dat die bron van u lewensvreugde die sekerheid is dat Christus u Verlosser is nie, maar doen dit in beskeidenheid. Al vra mense ook nie na die grondslag van jou lewe nie, moet hulle ook van Jesus hoor – dat Hy hulle liefhet. Dan moet jou woorde wat jy sal spreek, deur jou lewenstyl bevestig word.

2.3 'n Bereidheid tot dienswerk in die gemeente

Die getuienis van 'n Christen moet ook tereg kom in sy betrokkenheid by die dienswerk wat in die gemeente verrig word. Die wese en doel van die kerk word gevind in die waarheid dat die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges 'n dienende gestalte het. Deur al sy dienswerk het die kerk net een doel: om Christus aan die wêreld te verkondig tot eer van God. Dienswerk is getuienis en hiervoor het ons gesien, rus die Heilige Gees ons toe. In *Programsketse* (1983: 74, 81) is stukke opgeneem wat aandag gee aan die geleentheid en ruimte wat vir elkeen beskikbaar is om sy of haar getuienis uit te leef.

SLOTWOORD

Ons as jongmense hoef nou tereg nie meer te vra hoe ons ons getuenistaak moet uitleef nie; eerder: ís ons lewe inderdaad 'n getuienis tot die eer en verheerliking van ons God en Vader in Jesus Christus?

BYLAE 1

Getuie vir Christus

Jy leef as jongmens as deel van jou huisgesin, studiekring, werkskring, vriendekring en ook op die sportveld in verhouding met ander mense.

1. Hoe antwoord hierdie omstandighede en verhoudinge van jou aan die Bybelse eis wat gestel word, betreffende die vrug van die Gees?
   Liefde:
   Vreugde:
   Vrede:
   Geduld:
   Vriendelikheid:
   Goedhartigheid:
   Getrouheid:
   Nederigheid:
   Selfbeheersing:
2. Evalueer jou eie deelname krities en eerlik.
3. Hoe behoort die omstandighede en verhoudinge te wees?

   .....
   .....
4. Hoe gaan jy die sout vir die aarde wees in die uitlewing van jou geloofsgetuienis, sodat jou lewenstyl 'n brug en nie 'n muur sal wees nie? Stel vir jouself duidelik doelwitte en voer dit uit!

   .....
   .....
5. Die belangrikste: vra die Here om jou deur sy Heilige Gees toe te rus en te sterk om die doelwitte wat jy gestel het, te kan bereik.

   .....
   .....

10 Ek en my volk – en die Ou Testament

SAAMGESTEL DEUR DS G VAN R ELS

FISIESE OPSET

- Laat die kinders/jongmense in groepe van tussen 5 en 8 by tafels sit.
- Dit is verkieslik dat 'n gespreksleier vir elke groep verskaf word. Sy taak is nie om antwoorde te verskaf nie, maar om toe te sien dat elkeen in die groep 'n kans kry om deel te neem.
- Rangskik tafels in 'n halfmaanvorm indien moontlik. Dit maak dat almal die aanbieder beter kan sien.



BENODIGDHEDE

- 1 Kopie van voorafvraelys en Bybelstudie vir elke persoon wat teenwoordig is.
- 1 Kopie van antwoorde van aanbieder.
- 1 Pen per persoon.

AANBIEDING

- *Ysbreker:* 'n Prettige aanvangsoefening bevorder altyd 'n gemaklike atmosfeer, en dit help weer vrymoedige bespreking aan. 'n Mens kan ook jou ysbreekoefening gebruik om die groepe in te deel.

Byvoorbeeld 36 mense – word verdeel in 6 groepe van 6 op die volgende manier:

BENODIG

- Een stukkie papier ± 10cm² per persoon.
- Soveel Afrikaanse liedjies se name as wat daar groepe gaan wees.
- Kophouvermoë.

VOORBEREIDING

- Plaas die papiere in hopies – soos wat die groepe moet wees, byvoorbeeld 6 hopies van 6 papiere.
- Merk alle papiere: bladsy 1 en bladsy 2.
- Skryf byvoorbeeld "Suikerbossie" op bladsy 1 van elke papier in hopie 1.
  Skryf byvoorbeeld "Sarie Marais" op bladsy 1 van elke papier in hopie 2, ensovoorts.
  ∴ 'n Ander liedjie op bladsy 1 van elke hopie. Resultaat: 6 hopies wat elk 6 papiere bevat. Op bladsy een van elke hopie is dieselfde liedjie geskryf. Elke hopie het 'n ander liedjie.
- Draai nou al die hopies om sodat bladsy 2 na bo wys.
- Neem die boonste vel papier van elke hopie, skryf dieselfde liedjie se naam op elkeen, en plaas apart.
- Herhaal stap 5 totdat 6 nuwe hopies gevorm is.
- Vou elke papier sodat bladsy 2 buite is, en bladsy 1 toegevou.

L.W.: Indien jy jou groepe self wil indeel, met ander woorde die aanbieder wil bepaal wie is in watter groep, is dit natuurlik nodig om voor die tyd te weet wie kom. In dié geval word die name op hierdie stadium op die papiere, op bladsy 2 geskryf. Elke hopie soos dit nou is, vorm uiteindelik 'n groep.

AANBIEDING

- Deel die papiere uit. Versoek die mense om nie na bladsy 1 te kyk voordat jy die opdrag gee nie.
- Sodra die aanbieder die teken gee, vou elke deelnemer sy papiertjie oop, kyk watter liedjie staan op bladsy 1, en beeld die liedjie deur middel van *MIMIEK* uit. Geen geluide mag gemaak word nie. Die mense wat dieselfde liedjie uitbeeld, moet so gou moontlik by mekaar probeer uitkom.

- Daarna draai elkeen sy papier om, kyk wat staan op bladsy 2, en herhaal die prosedure. By wyse van afwisseling kan die liedjies die tweede keer gesing word, terwyl elke groep mekaar so gou as moontlik vind.

KENMEKAAR

Gee 'n paar minute geleentheid, sodat almal die name van hulle groeplede kan leer ken indien dit nie die geval is nie.

Op hierdie stadium kan almal formeel verwelkom word, en die seën op die res van die verrigtinge gevra word. Dit kan natuurlik ook heel aan die begin plaasvind.

BYBELSTUDIE

- Deel "Voorafvraelys" uit.
  - Elkeen voltooi dit indiwidueel – 3 minute.
  - Kleingroep bespreek dit kortliks – 5 minute. Geen terugrapportering word op hierdie stadium gedoen nie. Die doel is net om die mense bewus te maak van enkele fasette van die probleem.
- Deel Bybelstudie uit.
  - Elkeen voltooi die hele vraelys indiwidueel.
  - Kleingroepe bespreek die vrae, (20–25 min) en probeer konsensus bereik. (40 min)
  - Terugrapportering. Aanbieder konsentreer veral op B en C gedeeltes. Elke groep kry kans om hul antwoorde te verskaf. Aanbieder vul aan waar nodig.

- *Evaluasie:* Aan die einde van die bespreking vul elke persoon die evaluasievraelys in, skeur dit af en handig dit in. Dit kan ook op 'n aparte vel getik en eers aan die einde uitgedeel word.

VIR DIE AANBIEDER

Enkele opmerkings.

Die hoofdoel van die studie en bespreking is om te probeer aantoon

dat 'n mens nie 'n Bybelteksie of twee drie kan aanhaal wat dan die "antwoord" sou wees vir die politieke- en volkere-problematiek in die Republiek van Suid-Afrika in die tagtigerjare nie. Daarom is twee gedeeltes gekies. Genesis 11, wat geliefd is by voorstanders van die apartheidsbeleid, en Jeremia 21, wat soms as argument aangevoer word om te bewys dat God aan die kant van Swapo en ANC veg, omdat die status quo in die Republiek van Suid-Afrika so boos is.

Dit is na my mening sinloos om Bybeltekste te probeer aanhaal om die saak mee te verdedig of aan te val. In die eerste plek is die belangrike die *volk van God*, wat dan in die Ou Testament Israel is, en vanaf Christus die kerk/Christene. (Gal 3:7; Ef 1:11, Ef 2:13–14).

Vir die Christen is die saak van volk dus 'n saak van die tweede orde. Die kerk en die gemeenskap van Christelike gelowiges moet die voorrang geniet.

Ons kan ons gevolgtrekking so saamvat. Dit is goed en reg om lief te wees vir jou volk en sy kultuur, en om dit te bevorder. Afsonderlike volke is nie teen die wil van God nie. Ek mag egter nie só volk wees, dat ek die kerk skade aandoen nie, en ek mag nie vir God annekseer en my volk se saak en God se saak met mekaar identifiseer nie.

ANTWOORDE: GENESIS 11

A. 1. Een.
   2. Om 'n stad met 'n toring te bou.
   3. Hulle wou beroemd word, "naam maak," hulself verhef; keer dat hulle verstrooi.
   4. Hy het hulle tale verwar, sodat hulle toe verstrooi het.

B. 1. Die sonde van hoogmoed, selfverheffing, ongehoorsaamheid.
   2. Dit is moeilik om 'n eenvoudige *Ja* of *Nee* hierop te antwoord. Ons kan in elk geval nie die volkereverskeidenheid met 'n beroep op Genesis 11 tot "Skeppingsordonnansie" verklaar en alle eenheidstrewe tot sonde verklaar nie. Aan die ander kant dink ek dat ons nie die verskeidenheid kan losmaak van die wil van God en alle verskeidenheid as sonde tipeer nie.

C. 1. Nee. Dit is deel van jou, en ons kan ook dit as gawes uit God se hand ontvang.
   2. Die antwoord hierop het ek reeds hierbo onder "gevolgtrekking" probeer gee: Ons kan voluit volk wees – maar nie so dat dit ons eerste prioriteit word nie. Nie so dat ek ander vertrap of God se eise vir sy kerk ignoreer nie.

3. Met hierdie stelling het ek die boodskap van die verhaal van die toring van Babel probeer saamvat: Menslike planne wat gesmee word met selfverheffing en hoogmoed as dryfvere, is teen God se wil, en sal tot 'n val kom.

JEREMIA 21:4–14

A. 1. Babiloniërs onder Nebukadnesar of Galdeërs.
2. God.
3. Jerusalem gaan val.
4. Bly in die stad, verdedig dit – en sterf of: Loop oor na die vyand – en lewe.
5. Hulle het gedink dat hulle onoorwinlik is.

B. 1. Weer eens is 'n enkelvoudige en eenvoudige antwoord nie moontlik nie. As ons onthou dat wat in die Ou Testament vir die volk Israel gesê word, op die kerk toegepas moet word – lyk dit in elk geval nie moontlik om aan te dui aan wie se kant God in 'n bepaalde wapenstryd is nie. Hy is waarskynlik aan niemand se kant nie – omdat sy ryk nie met wapens vernietig of beskerm kan word nie.
2. Nee – dit word juis duidelik uit die geskiedenis van Israel. Hulle het as 't ware deur hul optrede hul verkiesing tot niet gemaak. Hierby moet ons nog onthou dat dit uiters problematies word om van die verkiesing van 'n "volk" in moderne tye te praat. Bybels word mense "in Christus" verkies – om "volk van God" te wees.

C. 1. In kort: Die parallel word vanaf Israel → Afrikaner getrek, in plaas van: Israel → Kerk.
2. Nee. Ek meen dat die saak reeds voldoende gemotiveer is, onder andere by B.1.
3. Gal 3 en Ef 1 en 2 verskaf na my mening die teologiese onderbou vir die stelling.

BYBELSTUDIE: EK EN MY VOLK – EN DIE OU TESTAMENT

VOORAFVRAELYS

Voltooi die volgende vrae eers indiwidueel, en daarna in julle groepe.

Moenie jou oorspronklike antwoord soos die groep s'n verander nie – dalk was *jy* reg gewees!

Jyself (W/O)		Groep (W/O)
(/)	1. Die Arabiere en die PLO kan vandag nog vergeet om Israel te verower, want Israel is God se uitverkore volk.	(/)
(/)	2. God verkies dat 'n Afrikaner in Afrikaans moet bid, en 'n Engelsman in Engels.	(/)
(/)	3. Dit is sonde as ons sou toelaat dat 'n volk van die aardbol sou verdwyn.	(/)
(/)	4. Met die oorwinning van 16 Desember 1838 by BLOEDRIVIER het daar 'n verbond tussen God en die Afrikanervolk ontstaan en daarom sal ons altyd bly bestaan.	(/)
(/)	5. Dit is sonde wanneer 'n lid van een volk oorgaan na 'n ander volk ... hy verloën sy eertydse volk.	(/)

EK EN MY VOLK – EN DIE OU TESTAMENT

BYBELSTUDIE

A. **Genesis 11:1–9**

1. En die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde.
2. En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle in die land Sinear 'n laagte; en daar het hulle gaan woon.
3. Daarop sê hulle vir mekaar: Kom, laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bousteen en die leemgrond vir klei.
4. En hulle sê: Kom laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verspreid raak nie.
5. Toe daal die HERE neer om die stad en die toring te bekyk waaraan die mensekinders gebou het.

6. En die HERE sê: Daar is hulle nou almal een volk en het almal een taal. En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie.
7. Kom laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een nie die taal van die ander kan verstaan nie.
8. So het die HERE hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou.
9. Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde verstrooi.

Wat staan daar?

1. Hoeveel volke en hoeveel rasse het daar bestaan aan die begin van die verhaal?

   .....

2. Wat het hulle beplan om te doen? .....

   .....

3. Wat wou hulle daardeur bereik? .....

   .....

4. Wat het God toe gedoen? .....

   .....

Wat beteken dit?

1. Van watter sonde is daar in hierdie verhaal sprake?

   .....

2. Waar of onwaar? Die bestaan van verskillende volke is God se straf vir sonde. Motiveer .....

   .....

   .....

   .....

Wat beteken dit vir my?

1. Is dit verkeerd om lief te wees vir jou volk en om jou kultuur te handhaaf? Motiveer .....

   .....

2. Met watter gesindheid moet 'n mens volk wees? En met watter gesindheid nie? .....

   .....

   .....

3. Bespreek die volgende stelling: God wil hê dat ons moet reke-

ning hou met sy plan, wanneer ons vir ons volk planne maak. .....

.....

.....

B. **Jeremia 21:4–14**

Agtergrond

Jeremia 21 speel af in die laaste dae voordat Nebukadnésar Jerusalem ingeneem het, en die volk in ballingskap weggevoer het Babel toe. Die koning van Juda, Sedekia, vra nou by Jeremia wat God se boodskap vir hulle in hierdie moeilike tyd is. Wat hier volg, is Jeremia se antwoord.

4. So spreek die HERE, die God van Israel: Kyk, Ek laat die oorlogswapens terugdraai wat in julle hande is, waarmee julle oorlog voer buitekant die muur teen die koning van Babel en teen die Galdeërs wat julle beleër; en Ek sal dit binne-in hierdie stad versamel.
5. En Ek self sal teen julle oorlog voer met 'n uitgestrekte hand en 'n sterke arm, ja, in toorn en in grimmigheid en in groot gramskap.
6. En Ek sal die inwoners van hierdie stad verslaan, die mense sowel as die vee – aan 'n groot pes sal hulle sterwe.
7. En daarna, spreek die HERE, sal Ek Sedekia, die koning van Juda, en sy dienaars en die volk, – die wat in hierdie stad oorgebly het van die pes, die swaard en die hongersnood – oorgee in die hand van Nebukadnésar, die koning van Babel, en in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek; en hy sal hulle verslaan met die skerpte van die swaard; hy sal geen medelye met hulle hê of hulle spaar of hom ontferm nie.
8. En aan hierdie volk moet jy sê: So spreek die HERE: Kyk, Ek hou julle die weg van die lewe voor en die weg van die dood:
9. Hy wat in hierdie stad bly, sal sterwe deur die swaard of die hongersnood of die pes; maar hy wat uitgaan en oorloop na die Galdeërs wat julle beleër, sal lewe, en sy lewe sal vir hom 'n buit wees.
10. Want Ek het my aangesig teen hierdie stad gerig, ten kwade en nie ten goede nie, spreek die HERE. Dit sal oorgegee word in die hand van die koning van Babel, en hy sal dit met vuur verbrand.
11. En aan die huis van die koning van Juda moet jy sê: Hoor die woord van die HERE,

12. O Huis van Dawid! So spreek die HERE: verskaf reg aan die moeë en red die beroofde uit die hand van die verdrukker, sodat my grimmigheid nie uitgaan en brand soos 'n vuur sonder dat iemand dit kan blus nie, weens die boosheid van julle handelinge.
13. Kyk, Ek het dit teen jou, o inwoner van die dal, rots van die vlakte, spreek die HERE, Julle wat sê: Wie sal afkom teen ons, of wie sal in ons skuilplekke indring?
14. En Ek sal besoeking doen oor die vrug van julle handelinge, spreek die HERE; en Ek sal 'n vuur aansteek in sy bos, en dit sal alles verteer wat rondom hom lê.

Wat staan daar?

1. Wie val Jerusalem aan? .....
2. Wie beheer die geveg? .....
3. Wat gaan die uiteinde van die oorlog wees? .....
   .....
4. Wat is die keuse wat God aan die inwoners van Jerusalem stel?
   .....
   .....
5. Wat was die volk se idee oor die uitkoms van die oorlog? Vers 13.
   .....
   .....

Wat beteken dit?

1. Kan 'n mens sê dat God aan jou kant is in 'n oorlog? Motiveer.
   .....
   .....
2. Sal God 'n volk wat Hy eenmaal gekies het, altyd bewaar?
   .....
   .....
   .....

Wat beteken dit vir ons?

1. Wat is verkeerd daarmee, indien wel, wanneer ons as Afrikaners ons as God se uitverkore volk in Afrika beskou? .....
   .....
   .....
   .....

2. Kan ons uit die gedeelte aflei dat die terroriste deur God gebruik word om Suid-Afrika te vernietig?.....
.....
.....
.....

3. Bespreek: God se volk is vandag die Christelike kerk, en nie een van die "volke" wat op aarde te vinde is nie? .....
.....
.....
.....

EVALUASIE

Trek net 'n X deur die nommer wat op jou van toepassing is. 1 is min of sleg en 4 is baie of goed.

1. Wat was jou kennis oor die saak voorheen? 1 2 3 4
2. Wat is jou kennis nou/wat het jy geleer? 1 2 3 4
3. Skryf enigiets neer oor die mens se verbondenheid aan sy volk.

.....
.....
.....
.....
.....
.....

11 Elemente van die erediens

SAAMGESTEL DEUR DS PF VILJOEN

DOEL

Om die verskillende elemente van die erediens en hulle samehang met mekaar, aan die jongmense oor te dra. Die jongmense word sodoende tot die besef gelei dat 'n erediens nie 'n lukrake sameflansing van gebeure is nie, maar 'n goedbeplande en gefundeerde struktuur is.

SKEMA

Die volgende vrae kan voor die aanvang van die inligtingstuk gestel word:

1. Elkeen moet kortliks neerskryf wat hy/sy as die doel van die erediens sien.
2. Watter kenmerkende karakter het die erediens?
3. Watter elemente in die erediens kan onderskei word as handelinge van God, en watter as handelinge van die gemeente?

TERUGRAPPORTERING

Laat die groep terugrapporteer, sodat die leemtes in hulle verstaan van die elemente van die erediens duidelik raakgesien kan word. Die gedagtes kan op 'n blaaibord aangeteken word en die velle kan ook teen 'n muur vasgesit word vir raadplegingsdoeleindes.

VERLOOP VAN PROGRAM

- Laat toehoorders in kleingroepe sit.
- Open met Skriflesing en gebed. Die gemeensaamheid om tot die eer van ons hemelse Vader saam te sing, sal inderdaad ook hierdie onderwerp goed te pas kom.
- Die vragies word aan toehoorders voorgehou. Hulle beantwoord dit

eers indiwidueel (± 7 min) en bespreek dit dan in kleingroepverband. (± 7 min).

Geleentheid vir terugrapportering word nou gebied. (± 10 min).

- Die inligtingstuk (lesing) word nou deur 'n kundige aan die toehoorders voorgehou. Elke indiwidu en kleingroep kan nou hulle antwoorde op die vragies aan die hand van die gelewerde inligtingstuk, kontroleer.
- Dit sal nuttig wees indien die inligtingstuk, of 'n opsomming daarvan wat die aanbieder self moet voorberei, vir latere studie en raadpleging aan die toehoorders uitgedeel kan word.
- Sluit met gebed en sang.

Lesing: ELEMENTE VAN DIE EREDIENS

Die erediens is die slagaar van die kerk en Christus is die hart. Deur die kanaal van die erediens pers Hy die bloed deur die liggaam. Daarom kan ons die pols van die kerk in die erediens voel klop.

As die gemeente vergader om God gemeenskaplik in Jesus Christus te ontmoet, is dit 'n gewigtige oomblik. Daarom moet ons baie duidelik weet wat ons eintlik in die kerk doen, anders ontaard dit in die outomatiese deelname aan 'n reeks handelinge of seremonies. Ongelukkig verval die praktyk van ons eredienste dikwels in dieselfde sonde as Israel: die diens word sleurwerk!

Miskien is dit nog net die preek wat die aandag hou – die res word meganies en gedagteloos afgewerk as die min of meer inleidende en afsluitende roetine rondom die preek. Die lomerigheid en tamheid van ons eredienste is daarvan die bewys. Die votum is die teken dat die vergadering begin, dit neem die funksie van die hamer oor wat orde uitroep; die seëngroet word omhul met 'n geheimsinnige sfeer; die lofsang word die welkome pouse vir bene rek en rondkyk; die wet en geloofsbelydenis word afgerammel, terwyl die gemeente daarna luister soos mense wat langs die spoorlyn woon, luister na die verbygaande trein – sonder aandag; Skriflesing boei 'n bietjie meer want dit is nuut; gebedsaankondiging is as 't ware die afgesproke teken vir hoesbuie, neusblasery en keel skoonmaak; die preek is die traktering en as dit 'n bietjie ingewikkeld begin, word daar afgeskakel in salige ontspanning.

Die veralgemening en oordrywing wil maar net ons slordige kerkgang illustreer.

Wat is die antwoord hierop?

In plaas van liturgiese vernuwing, lyk dit of die antwoord eerder lê in liturgiese ontwaking en belewing. Predikante en lidmate moet meer weet en verstaan waarom dit gaan in die erediens ... dan sal die inhoud van ons ou vorme weer lewe!

Definisie van 'n erediens:

'n Christelike erediens is 'n lewende gesprek tussen God en sy gemeente.

Die gelowiges tree in die erediens in "gemeenskap met God." Elkeen doen dit persoonlik, maar tegelykertyd doen almal saam dit in die eenheid van die ware geloof in Jesus Christus. Dit is noodsaaklik dat die gemeente persoonlike en lewende gemeenskap met God self sal ervaar, anders word die erediens 'n verloop van uitwendige formaliteite. Die predikant – en elke lidmaat in die erediens – moet hom in elke handeling van die erediens afvra hoe die doel bereik kan word, naamlik om met God self gemeenskap te hê.

Daarvoor is dit nodig om na die verskillende elemente van die erediens afsonderlik te kyk.

Die erediens

(Die volgende transparant kan ter toeligting van hierdie onderwerp voorberei word en aan toehoorders vertoon word waar die verskillende aspekte onder behandeling kom)



Votum

Die votum is die beginpunt van die erediens. Dit open die erediens amptelik. Daarom is dit nie 'n gebed nie, maar wel 'n plegtige verklaring dat die erediens in die Naam van die drie-enige God begin. God self staan aan die beginpunt. Die gemeente bely dat hulle saam in sy Naam vergader tot sy eer. Hiermee word die bewussyn van die gelowiges op die heilige teenwoordigheid van God gerig.

Nou is God én die gemeente teenwoordig in hierdie vergadering of byeenkoms waar God geëer word. Wanneer God én die gemeente saam teenwoordig is, dan vind daar 'n ontmoeting plaas en 'n ontmoeting lei onvermydelik tot 'n gesprek. Daarom is die erediens dié plek waar ons die versoeningsdaad van God in Jesus Christus die duidelikste kan beleef. Want hier praat God met die mens en die mens met sy God.

Die seën (groet)

Met die votum het die gemeente die teenwoordigheid van God betree om Hom te eer. In die seëngroet ontvang God die gemeente in sy gemeeenskapsoefening deur versekering van sy genade te gee.

In die geskiedenis van die kerk is lank besin of die openingspreuk van die erediensformule, seën of groet is. Die groet het egter eers later as deel van die erediensorde beslag gekry. Dit is die drie-enige God wat sy genade en vrede op die gemeente lê. Dit is dus toesegging van 'n seën in die seën waarmee God sy volk in sy gemeenskap neem. Die wesenlike lê in die seën en nie in die groet nie. Daarom kan die seën nie as 'n groet van die predikant aan die gemeente uitgespreek word nie. Hy durf dit nie as sý groet met toewensing van vrede en ganade doen nie, want hy is nie aan die woord nie, maar God self. En God groet nie, maar sê sy seën toe om die gespreksgemeenskap met Hom te bewerk en te bevestig.

Die sentrale woorde waarin die gemeenskap van God aan die gemeente toegesê word, is "genade en vrede."

"Genade" dui die versoening en verlossing aan wat God "verniet" deur Christus vir die gemeente bewerk het.

"Vrede" het 'n ryk inhoud in die Bybel. Die gemeenskap met God in volle harmonie word hierdeur uitgedruk.

Die handgebaar van die predikant tydens die uitspreek van die seën, is die van handoplegging met albei hande uitgestrek. Dit bevestig dat die seën (groet) 'n toesegging van seën is en nie 'n blote groet tussen die predikant en die gemeente nie. In werklikheid is dit God self wat seën.

Die lofsang

Van die vroegste tye af het dit tot die wese van die diens aan God behoort om Hom te loof en te prys in sang en lied; om Hom in dankbaarheid te eer en te prys omdat Hy soveel genade in ons lewens bewys het. Sodoende is die lied gesien as ons antwoord op die Woord van God. Dit is ons manier om deel te neem aan die dialoog wat daar in die erediens plaasvind tussen God en die gemeente.

Met die lofsang reageer die gemeente dan op die genade en vrede wat van God kom. Daarom is ons eerste antwoord dié van lof en eer en aanbidding.

So sal elke lied wat vir die erediens gekies word só gekies word dat dit die spontane reaksie van die gemeente op die Woord van God kan uitdruk. Dit sal dus altyd verband hou met die Skriflesing of prediking of die ander elemente van die erediens waar God aan die woord is.

Omdat dit ons antwoord op die Woord van God is, moet die lied 'n sinvolle antwoord wees. Ook hierdie antwoord moet bybels korrek wees. Dit moet ooreenstem met die Woord wat spreek.

Ons sing dus nie net vir die lekker of vir afleiding in die kerk nie, maar die inhoud van die lied word ook die innige gebed van ons hart.

Die Wet

Wanneer die Wet van God voorgelees word, praat God as 't ware weer met die gemeente, sodat ons tot die besef van ons sonde kan kom. Dan besef ons dat ons selfs met ons beste pogings nie gehoorsaam aan God kan lewe nie. Daarom is ons afhanklik van Iemand anders om ons uit ons sondenood te verlos. Deur die Wet besef ons hoe nodig ons Christus (en die versoening wat Hy vir ons aan die kruis bewerk het) in ons lewe het.

Die Wet kan egter een van twee funksies in die erediens vervul. Dit kan dien as 'n kernbron van die sonde. In hierdie geval sal die Wet ná die lofsang afgekondig word, sodat die gemeente daarop kan reageer met skuldbelydenis.

Maar die Wet van God kan ook dien as reël vir dankbaarheid. As die Skriflesing of die prediking na inhoud ons lei tot die besinning oor hoe ons dankbaar teenoor God moet wees, kan die Wet ook ná die Skriflesing of prediking afgekondig word.

In albei gevalle bly dit steeds God wat aan die Woord is om ons tot berou en dankbaarheid op te roep.

Skuldbelydenis

Dan bely ons ons diepe skuld voor God wanneer ons ná die Wet sing. Dan bely ons dat ons verpletter staan in ons sonde en pleit ons om genade en vergiffenis. Die gemeente kan dit vrymoedig en ootmoedig doen, aangesien God beloof het as ons ons sondes bely, is Hy getrou en regverdig om ons al ons sonde en ongeregtighede te vergewe. Daarom kom ons biddend en diep onder die besef van ons sonde voor Hom om vergiffenis pleit.

Die toon van hierdie lied sal daarom 'n baie meer gewyde atmosfeer hê. Daar moet 'n gesindheid van opregte berou teenoor God in ons harte wees.

Geloofsbelydenis

Wanneer ons dan weet dat die Here ons oortredinge en ongehoorsaamheid vergewe het (omdat Hy dit belowe), dan bely ons ons geloof in hierdie drie-enige God. Daardeur wil ons in die eerste plek die Here eer en verheerlik. Maar ons wil ook 'n bepaalde getuienis na die wêreld toe uitdra. Dit is 'n openbare belydenis waardeur die gemeente verklaar dat hulle op 'n heel besondere manier in God glo. Die drie-enige God, soos wat Hy Hom deur sy Woord aan die mens openbaar, word bely. Geloofsbelydenis is geen menslike spitsvondigheid nie, maar dit is die násê van wat God reeds gesê het. Petrus bely: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." En daarvan sê Jesus dat dit deur God aan hom openbaar is.

Laastens het die geloofsbelydenis ook ryke betekenis vir die gemeente self. Hierdeur word die gemeente tot geloofseenheid saamgebind. Hier staan die gemeente voor die troon en voor mekaar om op 'n sinvolle wyse hulle profetiese taak te vervul. En hiermee word die behoefte aan allerlei persoonlike getuienisse in die erediens oorbodig.

Die Skriflesing

Deur die Skriflesing is God deur sy Woord weer aan die woord. Die Skriflesing en prediking sluit baie nou bymekaar aan, in só 'n mate dat hulle nie deur allerlei elemente van mekaar geskei moet word nie. Die noue verbinding tussen Skriflesing en prediking bring mee dat die Skrif gelees word, sodat hierdie Skrif uitgelê en toegepas sal word op die gemeente se situasie.

In die Protestantse erediens waar die Woordverkondiging in die middelpunt staan, sal die Skriflesing altyd 'n sentrale plek moet inneem. In die Skriflesing praat God met die gemeente. Sy spreke gaan dié van die mens vooraf en dit is daarom goed om die Skriflesing so na as moontlik aan die begin van die erediens te plaas.

Hierdie posisie van die Skriflesing beklemtoon ook dat alles wat in die erediens plaasvind, plaasvind vanuit die Skrif en nie berus op menslike willekeur nie.

Aangesien die prediking altyd vanuit die Skrif is, sal die Skriflesing altyd die prediking voorafgaan.

Die prediking

In die erediens neem die prediking 'n baie belangrike plek in. Dit is lewensbelangrik dat die kerk sal toesien dat niks anders die sentrale plek van die kansel sal oorskadu nie. In die eerste plek moet die kerk onthou dat sy taak die bediening van die goddelike Woord is.

Die prediking is die menslike spreke (uitleg) aangaande die Woord van God in die midde van die gemeente. Dit moet voortdurend die Woord van God aktueel en werklikheid maak in die omstandighede van die gemeente. Omdat die prediking in die middelpunt staan, vind al die ander elemente van die erediens aansluiting by die prediking. Die prediker is nie belangrik nie. Hy is slegs die instrument deur wie God tot die gemeente moet praat.

Die gebed

Deur die gebed word aan die sondaar die voorreg gegun om in 'n besondere verhouding met die hemelse Vader te staan. Deur die gebed antwoord die sondaar dankbaar op die Woord van God.

Daar is 'n noue verband tussen Skriflesing, prediking en gebed. As God nie eerste gepraat het nie, sou die mens nooit kon antwoord nie. Gebed is die antwoord op die Woord van God. Daarom hoort die gebed ná die Skriflesing en ná die prediking.

Die gebed is nie maar net 'n aaneenryg van onverstaanbare en oordrewe uitdrukkings nie. Dit moet opregte en openhartige gesprek met God wees. Dit sal altyd 'n direkte verbintenis met die Skriflesing of prediking hê.

Die afsluiting van die diens

Na die slotgebed aan die einde van die prediking, volg die slotsang wat die einde van die diens inlei. Met die slotsang kom die gemeente weer aan die woord om hulle reaksie te toon en te antwoord op dit wat God deur die prediker aan die gemeente kom sê het. Tydens die erediens het die gemeente in lewende gemeenskap en in gesprek met God getree. Hulle het hulle voor Hom verootmoedig, hulle sonde bely, maar ook die belofte van sy genade ontvang. Nou is hulle gereed om gesterk, bemoedig en getroos weer die wêreld in te gaan. Van hieraf gaan hulle nou om van God te getuig en om vir Hom te leef.

Net soos die erediens begin het met die votum om te bevestig dat die ontmoeting tussen God en sy gemeente in sy Naam geskied, net so gaan die gemeente nie uitmekaar sonder die laaste plegtige seën nie. Want hoewel die erediens hier amptelik afsluit, sluit ons verhouding met God nie af nie. Ook daar waar die gelowiges die week ingaan en met hulle daaglikse werk besig is, leef hulle in 'n lewendige verhouding met God. Daarom is sy seën op ons lewens onontbeerlik.

Nou sal elkeen saamstem dat wanneer die erediens in hierdie gesindheid benader word – wanneer die hele gemeente saam na die huis van die Here optrek om in sy teenwoordigheid gemeenskap met Hom te hê, dan kan die erediens nie anders as om 'n lewende werklikheid te wees nie. Dan sal die verwyte dat die erediens dood en formalisties is, nie geldig wees nie.

Want wie in 'n lewendige verhouding met God staan en wie begryp watter genade dit is dat ons in die teenwoordigheid van God kan inkom, sal nie anders kan as om lewendig en aktief met God te kommunikeer in die erediens nie.

Daarom sal die gesindheid waarin ons kom, 'n biddende gesindheid moet wees. Die gelowige moet bid dat die Heilige Gees die gespreksmoontlikheid met God vir die gemeente sal oopmaak.

12 Erediensbywoning

SAAMGESTEL DEUR DR MJ DU P BEUKES

DOEL

Na afloop van die vergadering moet die deelnemers in staat wees om die belangrikste redes op te noem waarom dit noodsaaklik is om gereeld die erediens by te woon.

HULPMIDDELS

- Bybel vir elke groep.
- Oorhoofse projektor.
- Blaaibord.

LOKAALINRIGTING

- Hou die byeenkoms in 'n lokaal waar daar genoeg ruimte is.
- Laat die jongmense in groepe van sewe by 'n tafel sit.

METODE VAN AANBIEDING

- Die predikant of 'n kundige bied die inhoud aan deur middel van 'n oorhoofse projektor. (20 minute)
- Die grootgroep noem redes wat mense aanvoer waarom hulle nie eredienste bywoon nie. Dit word op die blaaibord geskryf. (10 minute)
- Die redes word geselekteer.
- In kleingroepe word antwoorde geformuleer wat vir mense gegee kan word ten opsigte van hulle redes waarom hulle nie eredienste bywoon nie. (30 minute)
- Die antwoorde word in die grootgroep bespreek. (40 minute)

DIE PROGRAM

- Skriflesing: Handelinge 2:37–47.
- Gebed.
- Sing: Gesang 309:2.
- Bied die program aan.

Lesing: EREDIENSBYWONING

Die mees algemene verskonings waarom lidmate Sondae nie kerk toe gaan nie, is die volgende:

Ek is moeg en het hierdie een dag rus nodig (hierdie mense verwys selfs na die vierde gebod), ek wil nie soos ander mense uit gewoonte kerk toe gaan nie, die preek oor die radio of televisie is net so goed, buite die kerk kan ek salig word net soos daarbinne, ek gaan wanneer ek so voel of wanneer ek behoefte daaraan het.

Die Bybel praat 'n ander taal: Die Sondag is volgens die vierde gebod in die eerste plek gegee om dit te heilig. Die Woord heilig beteken in die Bybel: om af te sonder, om af te sonder vir die diens van God. Die Sondag is met ander woorde nie gegee sodat ek hierdie dag sal gebruik vir myself nie. Nee, ek moet dit gebruik in die diens van God. God wil nou nie op enige willekeurige wyse gedien word nie. Hy wil daar gedien word waar Hy Hom geopenbaar het en nog steeds wil openbaar, naamlik in sy huis, in sy kerk. Die *Heidelbergse Kategismus* verklaar die vierde gebod in Sondag 38 vraag en antwoord 103 soos volg:

(a) Eerstelik, dat die kerkdiens of die predik-amp en die skole onderhou moet word;
(b) en dat ek, veral op die sabbat, dit is die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom;
(c) om die Woord van God te hoor;
(d) die sakramente te gebruik;
(e) God die Here openlik aan te roep;
(f) en Christelike liefdegawes vir die armes te bring;
(g) ten tweede dat ek al die dae van my lewe my bose werke moet laat staan, die Here deur sy Gees in my moet laat werk en so die ewige sabbat in hierdie lewe moet begin;
(h) (i) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15.
(ii) Ps 40:10; 68:27; Hand 2:42.
(iii) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29.

(iv) 1 Kor 11:33.
(v) 1 Tim 2:1; 1 Kor 14:16.
(vi) 1 Kor 16:2.
(vii) Jes 66:23.

"Ek gaan nie uit gewoonte nie" – mooi verskoning! Dit sal ons egter verbaas dat van Jesus self gesê is: "soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge" (Luk 4:16). Die gewoonte om Sondag kerk toe te gaan is in elk geval 'n beter gewoonte as om op Sondag by die huis te bly, te werk, piekniek te gaan hou of enige ander vorm van vermaak te geniet. As dit Sondag verkeerd is om uit gewoonte kerk toe te gaan, is dit mos Maandag ook verkeerd om uit gewoonte te werk. As Christus gewoond was om Sondag kerk toe te gaan, wie is ons om ons te verhef bokant Hom. "Ek luister oor die radio of die televisie": Die kerk is dankbaar vir hierdie dienste. Die vraag is egter: vir wie is dit ingestel? Is dit nie vir die oues van dae, die siekes en verafgeleës, wat nie by die kerk kan kom nie? Ja, dit is die rede waarom dit ingestel is. Vir die gesondes geld die Woord: "En laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie." (Heb 10:25) "Buite die kerk kan ek net so salig wees as daarbinne." Hoor wat sê die *Nederlandse Geloofsbelydenis* in artikel 28: "Ons glo dat, aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van dié wat gered word en daar buite geen saligheid is nie, dat niemand van watter rang of kwaliteit hy ook al mag wees, hom op homself behoort te hou en op sy eie persoon te staan nie, maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby te voeg ..." Roomse gedagte sal ons sê. Nee, Calvinisties, reformatories, meer nog, bybels.

Lees ons êrens in die Bybel van een enkele persoon wat salig geword het sonder die verkondiging, die prediking van die kerk? Die ganse Skrif sê nee. "Ek gaan wanneer ek behoefte daaraan het." Met die sondeval het die ganse natuur van die mens verdorwe geraak. Dit bring noodwendig mee dat nie ons gevoel of ons behoefte vir ons die bepalende faktor kan wees nie, maar die Bybel alleen.

Nadat die negatiewe afgewys is, kan ons nou oorgaan na die positiewe. Waarom moet ek Sondag kerk toe gaan? Hierdie vraag kan beantwoord word met die enkele sin: Omdat God dit in sy Woord beveel het. Vir die ware gelowige behoort hierdie antwoord genoeg te wees. Die geveinsde kom egter weer dadelik met 'n teenvraag: waarom het God dit beveel? Wil God daarmee iets? Ja, God wil daarmee aan my die grootste en die belangrikste van alle dinge, dit wat meer is as al die

goud en die silwer van die aarde, die vergewing van sonde en die ewige lewe deur Jesus Christus, die geloof wat die enigste weg tot die saligheid is, gee. (Joh 3:16; Rom 3:21, 22, 24; 5:1, 2; Ef 2:8, 9; Filip 3:9; Hand 16:31. Sien ook *Heidelbergse Kategismus*, vraag en antwoord 60. *Nederlandse Geloofsbelydenis*, artikel 21 en 22, *Dordtse Leerreëls*, hoofstuk 2 artikels 1–7).

Alleen deur die geloof in Jesus Christus word ons salig. Enige ander weg tot die saligheid is 'n onmoontlikheid, ydele waansin, vergeefse verwagting. Waar kom nou die geloof vandaan? Die Skrif antwoord dat dit die Heilige Gees is wat die geloof in ons werk en versterk (Ef 2:8, 6:23, Joh 3:5 en Filip 1:29. Sien ook *Heidelbergse Kategismus*, vraag en antwoord 65, *Nederlandse Geloofsbelydenis*, artikel 24, *Dordtse Leerreëls* hoofstuk 3 artikel 3, 9 en 10).

Werk die Heilige Gees nou die geloof op enige willekeurige wyse? Lees ons dat die hele Jerusalem na die uitstorting van die Heilige Gees aangegryp is en in Jesus Christus geglo het? Nee, die Heilige Gees wil Hom van 'n besondere middel bedien om die geloof in harte van mense te wek.

Volgens Romeine 10:17 is die geloof nie moontlik sonder die Woord nie. Die Bybel is die instrument, die gereedskap in die hand van die Heilige Gees. Die Bybel word egter nie op enige willekeurige wyse deur die Heilige Gees hanteer nie. Hy gebruik juis in besonder die verkondiging, die prediking daarvan (Sien genoemde artikels van *Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls).* Eers nadat die Heilige Gees uitgestort is en Petrus die evangelie verkondig het, kom die mense op Pinksterdag in Jerusalem tot die geloof in Christus (Hand 2:1–47). Dieselfde gebeur in Samaria (Hand 8:12) en met die hofdienaar van Etiopië (Hand 8:35–37). Die opvallende van laasgenoemde is juis, dat nieteenstaande sy eie ondersoek, sy eie gelees, hy nie tot geloof gekom het nie, maar eers nadat die evangelie aan hom deur die ampsdraer van die kerk verkondig is.

Ons moet op Sondag gaan luister na die Woord wat verkondig word, omdat God dit beveel het, omdat Hyself langs hierdie weg met die verkondiging van die kerk, deur die werking van die Heilige Gees, ons wil bring tot die geloof in Christus en ons in hierdie geloof wil bewaar.

Langs 'n ander weg kan ons volgens die Bybel nie tot geloof kom en in die geloof bewaar word nie. Iemand wat dit anders wil doen, gee te kenne dat hy slimmer as God is.

Hoeveel keer op 'n Sondag? Op hierdie vraag gee die Bybel nie direk antwoord nie. As ons egter daarop let dat die hele Sondag deur ons

geheilig moet word, dat ons geloof altyd swak en wankelbaar is, dat ons kennis aangaande die waarheid van God beperk bly, is die antwoord van Calvyn seker korrek, naamlik elke keer wat die Woord in my kerk verkondig word.

13 Geld by die nagmaaltafel

SAAMGESTEL DEUR DS CJH STEENKAMP

DOEL

Na afloop van die program moet elke deelnemer in staat wees om in sy eie woorde te kan weergee:

- wat die herkoms is van die gebruik van geld by die nagmaaltafel;
- wat die betekenis is van die offergawes by die nagmaal;
- wat word van die nagmaalgeld; en
- hoeveel geld ek op die nagmaaltafel moet plaas.

HULPMIDDELS

- Twee blaaiborde.
- Vraelyste.
- 'n Bybel vir elke deelnemer.
- 'n Gesangeboek vir elke deelnemer.

LOKAALINRIGTING

- Hou die byeenkoms in die kerksaal of konsistorie met die nodige meublement (stoele en tafels).
- Verdeel die teenwoordiges in groepe van nie meer as 6 per groep.
- Persoons- en groepsplasing moet sodanig wees dat almal die spreker kan sien.

METODE VAN AANBIEDING

- By wyse van 'n ideëberaad word redes vir waarom geld wel, en waarom geld nie, by die nagmaaltafel tuishoort op die blaaiborde geskryf.
- Die predikant bied die programskets aan. (30 minute)
- Kernwoorde en -sinsnedes word op die blaaibord geskryf.

- Geleentheid vir vrae tydens en na aanbieding van skets.
- Spontane grootgroepbespreking rondom programskets vanaf deelnemers se kant.
- 'n Vraelys word aan elkeen uitgedeel om persoonlik te voltooi. (15 minute)
- Kleingroepbespreking waarna konsensus in spanverband verkry word. (15 minute)
- Spanleiers verstrek span se antwoorde. Antwoorde word op blaaiborde geskryf.
- Predikant stel verkeerde antwoorde reg en lewer kommentaar.
- Predikant antwoord vrae wat nog mag opduik.

Verloop van die program self

- *Opening*
  Skriflesing – 1 Korintiërs 11:17–22.
  Gebed
  Sang (Keuse vir gebruik: Ges 191, 260, 262).
- Aanbieding van programskets soos uiteengesit onder punt 4: *Metode van aanbieding*.
- *Afsluiting*
  – Sang (Keuse vir gebruik: Ges 190, 327, 328).
  – Gebed.

Inhoud

"Geld by die nagmaaltafel?"

Vraelys

DIE INHOUD

GELD BY DIE NAGMAALTAFEL?

1. Inleiding

In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het ons die gebruik

om net nadat ons nagmaal gebruik het, 'n stil gebed te doen en dan geld onder die servet op die nagmaaltafel te plaas. Hierdie bepaalde gebruik om na nagmaal geld op die tafel te plaas, kom net by ons voor. Gevolglik laat dit by lidmate van ander kerke, en ook by baie van ons eie lidmate die vraag: Waarom geld by die nagmaaltafel?

1.1 Wanopvatting oor geld by die nagmaaltafel

Die argumente wat die vraag: "Waarom geld by die nagmaaltafel?" vergesel, loop gewoonlik soos volg – By die nagmaal gaan dit mos om wat God *vir ons* gedoen het. Uit genade alleen, deur die geloof, sonder ons werke (en sekerlik ook ons geld) word die verlossing van sonde en die versoening met God aan die gelowiges geskenk.

Die Bybel leer dat die mens nie die *saligheid* kan *koop* nie. Ons kan nie deur geld te *betaal van ons sonde kwytgeskeld* word nie.

Dit is die indruk wat geskep word deur geld op die nagmaaltafel te plaas. Vandaar dan die negatiewe houding teenoor geld by die nagmaaltafel.

1.2 Regstelling

Voorlopig sou ons bogenoemde wanopvatting uit die weg wil ruim deur die volgende voor te hou:

Die geld wat ons susterskerke direk na die prediking gee, is mos nie betaling vir die Woord wat hulle ontvang het nie!

Daardie geld is dankoffers.

Dit is hulle eerste daad van dankbaarheid nadat hulle die genade wat God aan hulle skenk soos bemiddel deur Jesus Christus, aangehoor het.

Dieselfde geld met betrekking tot die gebruik om na nagmaal geld op die tafel te plaas.

2. Herkoms van die gebruik van geld by die nagmaaltafel

In die Nuwe Testament (Hand 2:42, 46; Hand 20:7 en 1 Kor 11:21) lees ons dat die Christengelowiges saamgekom het vir *gemeenskaplike maaltye*. Hierdie byeenkomste het weekliks, en ook daagliks plaasgevind.

Die ou vertaling verwys na hierdie geleenthede as *"breking van die brood."* Die breek van die brood hou verband met die liefdesmaaltye by watter geleentheid die nagmaal, hetsy voor, gedurende of na die liefdesmaaltyd, gevier is. Vir hierdie geleenthede het elkeen van sy huis af voedsel saamgebring, sodat die armes ook genoeg kon hê.

By hierdie daaglikse en weeklikse byeenkomste waar die nagmaal gevier is, is daar in besonder voorsiening gemaak vir die aardse behoeftes van die armes. Deur elke gelowige se gemeenskap met Christus ontstaan daar nou gemeenskap van die gelowiges onderling met mekaar. Dit het meegebring dat hulle broederlike liefde teenoor mekaar bewys het wat daadwerklike hulp aan mekaar ingesluit het wanneer daar behoeftes ontstaan het.

Hierdie gebruik om die armes by die daaglikse en weeklikse gemeenskaplike maaltye te versorg met die gawes wat saamgebring is, word by ons ondervang deur geld op die nagmaaltafel te plaas. Die diakonie wend dit dan aan om die behoeftiges te versorg.

3. Betekenis van die offergawes by die nagmaal

Met ons lied, gebed en geloofsbelydenis, en ook met die offergawe wat ons by die nagmaaltafel gee, antwoord ons God wat deur sy Woord en sigbare Woord (nagmaal) tot ons spreek.

Nadat ons nagmaal gebruik het, doen elkeen aan tafel stil 'n dankgebed. Maar ware dankbaarheid teenoor God bestaan nie net uit woorde nie, maar ook uit dade. Daarom plaas ons die geld onder die servet, as *daadwerklike dankbaarheid.* Daardie geld is ons gebaar van dank omdat ons kon hoor, sien en smaak dat ons deur Jesus Christus se lyding en dood verlos is van ons sonde. Die geld is dan deel van ons danksegging, dis 'n *dankoffer* aan God vir die genade wat ons onverdiend van Hom ontvang het.

Nooit is daar enige sprake dat ons die guns en genade van God koop of daaraan afbetaal nie.

Deur van ons middele aan God te gee, gee ons daarmee uitdrukking daaraan dat ons *onsself en ons eiendom in sy diens stel* omdat ons, bevry van die sondemag, nou aan Hom behoort.

4. Wat word van die geld?

Die dankoffers is primêr op God gerig om Hom te dank en te eer. In hierdie hoedanigheid word die geld wat ons as gelowiges gee deur die diakonie aangewend om barmhartigheidsdiens te verrig, met ander woorde om hulp te verleen aan behoeftiges en noodlydendes.

Die dankoffers word binne- en buitegemeentelik aangewend na gelang die behoeftes wat onder die diakonie se aandag kom.

4.1 Binne-gemeentelik

Die betrokke fondse word in die geledere van die gemeente gebruik om te help om die nodige middele te voorsien vir die versorging van
die armes;
die siekes;
die bejaardes;
die weduwees en wewenaars;
die wees- en verwaarloosde kinders;
die hulpeloses; en
die wat in maatskaplike of ekonomiese moeilikheid verkeer.

4.2 Buite-gemeentelik

Hierdie hulp word ook aan mense en instansies verleen buite die gemeente, maar wel nog binne kerkverband. In hierdie verband dra die gemeentes byvoorbeeld by vir die instandhouding van 'n aantal weeshuise en ouetehuise wat in die sorg van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is. In hierdie tehuise woon egter nie net lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk in nie.

4.3 Buitekerklik

Maar uit die nagmaal-dankoffers word ook finansiële ondersteuning verleen aan buitekerklike instansies wat gemoeid is met die versorging van minderbevoorregtes (Dowes, blindes, swaksinniges ...)

5. Wyse van uitdeling

Baie belangrik is dat die diakonie aan diegene aan wie hulle hulp verleen nie net maar finansiële hulp verleen nie, maar hulle daarmee saam veral vertroos en bemoedig met die Woord van God. Daarom dan dat die diaken ook Skriflesing en gebed doen saam met diegene aan wie hy die liefdesgawes bring.

Die liefdesgawes word dus gebruik om te verwys na Jesus Christus wat deur sy lyding, dood en opstanding ons ewige honger en kommer, naamlik die sonde weggeneem het.

6. Hoeveel moet ek gee?

Hoeveel ek gee, sal bepaal word deur onder andere die volgende sake in ag te neem:

- Hoeveel ek gee moet 'n weerspieëling wees van my *dankbaarheid* teenoor God vir al die genadegawes wat Hy ons in Christus skenk.
- Wat is die *nood* nie net binne nie, maar ook buite die gemeente.
- Hoeveel ek gee sal dan na inagneming van bogenoemde twee punte bepaal word deur wat my *vermoë* is om te kan gee.

7. Vraelys

(Vul indiwidueel in en bespreek daarna in kleingroep)

1. Noem 2 Skrifgedeeltes waar die gelowiges saamgekom het vir die gemeenskaplike maaltye.
   a. .....
   b. .....
   Antw: Hand 2:42 en 1 Kor 11:17–22
2. Wat was die bedoeling van hierdie gemeenskaplike maaltye?
   a. .....
   b. .....
   Antw: Nagmaalviering, sien 1 Kor 11:20, 21 en Versorging van die dowes.
3. Die gebruik om die armes by die daaglikse en weeklikse gemeenskaplike maaltye te versorg met die gawes wat saamgebring is, word by ons ondervang deur die geld op die nagmaaltafel te plaas wat dan deur die diakonie gebruik word om in die behoeftes van die armes te voorsien.

Waar	Onwaar

4. Ware dankbaarheid teenoor God bestaan net uit woorde.

Waar	Onwaar

5. Die geld wat ons by die nagmaaltafel gee, is 'n dankoffer aan God vir die verlossing van sonde deur Jesus Christus wat ons onverdiend van Hom ontvang.

Waar	Onwaar

6. Ons kan die genade van God met geld koop.

Waar	Onwaar

7. Skryf in jou eie woorde waarom plaas ons geld op die nagmaaltafel.

.....

.....

8. Die nagmaalgeld word gebruik om barmhartigheidsdiens te doen.

Waar	Onwaar

9. Wat is barmhartigheidsdiens?

.....

10. Waartoe dien hulpbetoning volgens 2 Korintiërs 9:11b–13b?

.....

.....

11. Hoeveel geld moet ek gee by die nagmaaltafel?

.....

.....

14 Goeie werke

SAAMGESTEL DEUR DS HJ BOTES

DOEL

Na afloop van die program sal elke deelnemer in staat wees om in sy eie woorde te kan weergee wat dit beteken dat die gelowige goeie werke moet doen.

HULPMIDDELS

- 'n Blaaibord of swartbord
- Vraelyste wat na afloop van die bespreking uitgedeel word.

LOKAALINRIGTING

Laat die deelnemers in groepe van ongeveer agt persone om tafels sit op so 'n wyse dat hulle die spreker kan sien.

METODE VAN AANBIEDING

- 'n Aangewese spreker bied die inhoudelike deel van die program aan. (30 minute)
- Die kursusgangers voltooi vervolgens die vraelyste indiwidueel. (5 minute)
- Vervolgens word die vrae in groepsverband bespreek en indien moontlik, word konsensus verkry. (10 minute)
- Die aangewese spanleiers rapporteer om die beurt terug in die groot-groep, terwyl die spreker die antwoorde op 'n blaaibord neerskryf. (10 minute)
- Ten slotte vind evaluasie van die antwoorde plaas. (15 minute)

VERLOOP VAN PROGRAM

- Skriflesing
- Gebed
- Sang
- Behandeling van die inhoud van die program.
- Indiwiduele invul van vraelyste.
- Kleingroepbespreking.
- Terugrapportering en evaluasie.

Lesing: GOEIE WERKE

Inhoud

Jesus Christus het ons met sy bloed van die sonde en dood verlos. Dit beteken dat ons ons lewe en toekoms aan sy genade te danke het, want geen mens wat leef kan homself verlos nie.

En op grond van dit wat Christus vir ons gedoen het, moet ons uit dankbaarheid teenoor Hom goeie werke doen. Dus, ons doen nie goeie werke om onsself te probeer regverdig, of om God te betaal vir Christus se kruisdood nie, maar om God te dank omdat Hy ons uit genade in Christus klaar verlos het. (Ef 2:5 en 8; 1 Pet 2:24; Gal 4:4 en 5; 1 Tim 2:6).

'n Mens kan daarom sê dat ons goeie werke uit dankbaarheid, die natuurlike, spontane uitvloeisel van ons lewe van geloof in God is. Daarom mag ons nooit hoogmoedig wees op ons goeie dade nie, maar moet ons met opregte nederigheid ons blydskap teenoor God uitleef. (2 Kor 10:17; Joh 1:9). Dis immers deur God se genade dat ons gered is, en nie op grond van ons voortreflikheid nie. As sodanig kan 'n mens sê dat God dit vir ons moontlik maak om goeie werke te doen, en mag ons nie daarop roem nie, maar aan Hom alle eer gee.

Ons moet ook ons goeie werke uit dankbaarheid uitleef voor ons medemens om hulle daardeur aan te spoor om op God te hoop en Hom te dien. Dit beteken letterlik dat ons goeie werke uit dankbaarheid, 'n stuk lewende verkondiging sal wees van ons geloof in God.

Nou kan 'n mens vra: Wat is goeie werke? Hierop is net een antwoord: Goeie werke is die lewe volgens God se wil. (Rom 14:23.) En dit wat God wil hê ons moet doen, staan opgeteken in die Bybel. Dit is dan ook die rede waarom ons as gelowiges die Bybel moet ken. As ons die

Bybel se inhoud ken, ken ons God se wil, en weet ons wat die goeie werke is wat ons moet doen.

As die goeie werke uit dankbaarheid by ons ontbreek, dan is ons geloof vals (Matt 7:18; Joh 2:26), en ons diens aan God nie opreg nie. Ons vervul dan ook nie ons roeping om sout vir die aarde en lig vir die wêreld te wees nie (Matt 5).

In dié geval rus God se oordeel op ons tot verdoemenis (1 Kor 6:9, 10; Joh 15:2).

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:

1. Doen ons goeie werke (a) uit dankbaarheid, of (b) om onsself te regverdig? (Skrap wat nie van toepassing is nie).
2. Wat is goeie werke? .....
3. Waar kan ons leer wat God wil hê ons moet doen uit dankbaarheid? .....
4. Hoekom moet ons ons goeie werke sigbaar maak voor alle mense? .....
5. As ons nie goed lewe nie, is ons mense wat gered is? .....
6. Wil God hê dat ons maar moet lewe net soos ons wil? .....
7. Leef jy/julle, jou/jul geloof onbeskaamd uit voor alle mense? .....

15 Groepsidentifisering en konformering

SAAMGESTEL DEUR MNR KOOS ENGELBRECHT

DOEL

Na afloop van die program sal die teikengroep kan aandui wat is groepsidentifisering en konformering. Voorts ook die rol wat dit speel en die noodsaaklikheid daarvan in ons bestaan en voortbestaan as indiwidu, as kleiner groep en ook as kerk en as volk.

HULPMIDDELS

- 'n Bybel vir die opening.
- Vraelyste wat na die bespreking uitgedeel word.
- Soveel blaaiborde of swartborde as wat daar kleingroepies is om die vrae op te beantwoord. Indien voorgenoemde nie beskikbaar is nie, kan elke kleingroepie 'n pen/potlood en papier kry om hul beredenerings op aan te teken.
- Genoegsame penne/potlode in die aantal kleingroepies.

LOKAALINRIGTING

Die funksionele struktuur en opset moet sinvol wees. Genoegsame ruimte (nie te groot nie), genoegsame lig en ventilasie asook tafels en stoele om die groep gemaklik in te rig, moet voorsien word. Persone moet nie ver uit mekaar sit nie en verkieslik in 'n halwe sirkelvorm plaasneem waar almal die spreker en die aanbied van die hele program goed kan sien.

Die groep kan uit meer as een kleiner groepie bestaan wat soos hierbo gemeld, gerangskik is, maar verkieslik moet daar nie meer as 5–8 persone in elke groep ingedeel word nie. Hoe groter die groepie, hoe kleiner word die lede se geleenthede tot aktiewe deelname.

METODE VAN AANBIEDING

- Die samekomste word geopen met Skriflesing en gebed en ook afgesluit met gebed.
- Die doel van die byeenkoms word kortliks uiteengesit sodat die groep(e) presies weet wat hulle kan verwag, asook wat hulle *aandeel* en *rol* in die program gaan wees.
- Vervolgens word die inhoud van die program deur die aanbieder behandel.
- Die onderskeie groepies (5–8 persone in 'n groep) bespreek die inhoud van die program en formuleer vrae of maak sekere stellings wat deur die groter groep en die aanbieder van die program beantwoord word. Die aanbieder moet sover moontlik die groep self geleentheid bied om hulle vrae en stellings te beantwoord en waar nodig toe tree en perspektiewe en antwoorde regstel.
- Hierna word 'n vraelys aan elke groeplid uitgedeel om indiwidueel te voltooi en daarna in die kleiner groep konsensus te verkry. 'n Groeplid word deur die groep aangewys wat dan aan die groter groep hul gesamentlike antwoorde op die vrae sal oordra.

  Indien daar verskille is, moet tyd vir bespreking gebied word sodat die groter groep ook konsensus kan bereik. Die aanbieder van die program speel deurentyd 'n belangrike rol om die regte interpretasies aan te bied indien dit nodig blyk te wees.

DIE INHOUD

GROEPSIDENTIFISERING EN "KONFORMERING"

Dit beteken in kort dat mense op grond van sekere eienskappe en behoeftes aan 'n spesifieke groep behoort en wil behoort en dat hy hom met die reëls, verwagtinge, optrede, gedagtes en werksaamhede van die groep vereenselwig. Aspekte wat hier van belang kan wees is onder andere ouderdom, geslag, ras (etnos), godsdiens, taal, kultuur, gemeentes en gebruike en waardes en norme.

Om oor die onderwerp *Groepsidentifisering en konformering* te handel, omsluit 'n inhoud van groot omvang en daarom sal daar vir die doeleindes van hierdie programskets 'n sekere afbakening moet wees. Op grond hiervan sal die inhoud van hierdie programskets slegs handel oor sekere van daardie instellings in ons gemeenskap wat vir ons as lede

van 'n spesifieke gemeenskap, maar ook as lidmate van ons kerk van uiterste belang vir ons wyse van bestaan en ons voortbestaan is. Die aspekte wat spesifieke aandag by die inhoud van hierdie programskets sal geniet, is die volgende:

- Kerk en godsdiens.
- Die gesin.
- Die skool.
- Volk (etnos) en kultuur.
- Portuurgroep (maats).
- Waardes en norme.

DIE TEIKENGROEP

Die teikengroep is jongmense wat in hul middel- en laat adolessensie-jare verkeer en wat min of meer tussen die jare 16 tot selfs 23 jaar kan strek.

Dit is egter belangrik dat wanneer so 'n program aangebied word, die groep so homogeen as moontlik saamgestel moet word.

Dit beteken dat in hierdie spesifieke geval die volgende van belang is om die groep homogeen saam te stel:

- Skoolgaande en nie-skoolgaande jeug moet sover moontlik nie in dieselfde groep saamgevoeg word nie.
- Getroudes en ongetroudes of verloofdes en ongetroudes moet ook sover moontlik nie saamgevoeg word nie.
- Daar moet gewaak word tussen te groot ouderdomsverskille, byvoorbeeld persone van 16 jaar en 20 jaar behoort nie saamgevoeg te word nie.
- In die geval van hierdie program sou dit juis wenslik wees om van beide geslagte (manlik en vroulik) in dieselfde groep saam te voeg.

DIE VERLOOP VAN DIE PROGRAM

Opening: Spreuke 3:1–35 of
Spreuke 13:1–25

Inhoud van die program

Inleiding

Die mens is skepsel van God, geskape na sy beeld en nieteenstaande die mens se sondeval het God dit so gewil dat daar vir die mens ook redding en verlossing in sy handel, sy wandel en sy bestaan op aarde sal wees. Dit bring aan ons as mense onmiddellik 'n verantwoordelikheid na vore wat God ook aan ons opgedra het. Hy het aan die mens 'n rede en verstand gegee, wat hom anders as die dier maak en waarmee hy kan onderskei tussen dit wat goed en wat sleg is. Gevolglik beveel God ook in die Skrif dat die mens sy verstand of sy talente moet aanwend en daarmee moet woeker en dit nie moet wegbêre tot die dag dat daar rekenskap voor gegee moet word nie.

Laasgenoemde bring mee dat die mens 'n antwoordwese is, om met ander woorde op die een of ander wyse te antwoord op alle prikkels, behoeftes, nood of optredes wat hy mag ondervind. Ten einde te kan bepaal of jy op voorgenoemde met verantwoordelikheid geantwoord het, het 'n mens 'n riglyn nodig waaraan jy jou keuses en optredes kan meet en hierdie riglyn lê juis opgesluit in wat ons leer vanuit die kerk, die gesin, die skool, ons maats, en so meer. Van hierdie riglyn praat ons in die algemeen as 'n agtergrond of 'n kennisgeheel of 'n verwysingsraamwerk waaroor die mens beskik om sinvolle keuses te maak en verantwoordelik op te tree. Ons het dus hier te make met die mens wat geskape word met sekere moontlikhede, maar wat in die wêreld ook onderwerp moet word aan opvoeding en die bybring van sekere kennis en vaardighede.

Met hierdie verwysingsraamwerk tot ons beskikking, is ons in staat om verantwoordelike keuses te maak wat 'n sinvolle bestaan vir ons kan verseker. Hierdie verwysingsraamwerk stel ons ook in staat om by sekere groepe, instellings, die gemeenskap en die kerk in te skakel en deel te hê aan die se aktiwiteite en uitgangspunte (groepsidentifikasie en konformering).

Vervolgens kan ons kortliks stilstaan by daardie instellings wat vir ons belangrik is om mee te identifiseer en te konformeer, ten einde verantwoordelikheid te aanvaar en dit uit te leef.

Groeperinge of instellings in die gemeenskap:

- *Kerk en godsdiens*

Die mens is so geskape dat hy 'n "hunkering" het na iets of iemand

buite homself met groter mag en wat daarom almagtig is. Vir ons as Christene lê hierdie mag in God opgesluit en om dank, eer en aanbidding aan Hom toe te bring, groepeer ons saam in 'n spesifieke kerk met sy eiesoortige inhoud en uitgangspunte. In die kerk moet ons uitgangspunt steeds die Skrif wees en nie die mens of menslike gebeure of dit wat sommige kerke op bykans net die menslike en wêreldlike terrein aanbied nie. Die Skrif is nie 'n boek oor wetenskaplike kennis nie, maar dit bevat daardie geïnspireerde en duidelik geformuleerde waardes en norme wat die mens se lewe op aarde reël. Dit bevat uitsprake oor elke aspek van die mens se lewe op aarde soos byvoorbeeld oor godsdiens, oor man en vrou, oor die huweliksverhouding, oor die gesin, oor alkoholgebruik en hierdie uitsprake is fundamenteel, bindend en altyddeur geldig. Die kennis van die Skrif bly vir die mens die veiligste gids waaraan hy sy verantwoordelikhede kan meet.

Of 'n mens aan 'n kerk behoort wat in die samelewing 'n minderheidsgroep uitmaak, maak nie saak nie, ons moet egter bereid wees om te glo dat dit wat ons kerk verkondig die waarheid is en niks anders as die waarheid nie. So gesien, sal ons ook nie "bang" wees of huiwer om in die openbaar te sê dat ons lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is nie, maar sal ons trots wees op die inhoud wat ons kerk aan ons lewe bied en veral die agtergrond waarbinne ons met verantwoordelikheid keuses kan maak. U word dus ook opgeroep om te alle tye met u kerk te identifiseer en met daardie waardes en norme wat die kerk vanuit die Skrif aan u voorhou, te konformeer.

◦ *Die gesin*

Die gesin is 'n instelling van God. God het dit so gewil dat een man en een vrou in die huwelik bevestig word met die opdrag om vir mekaar 'n hulp te wees en by te staan en daarnaas ook kinders in die wêreld te bring en die kinders volgens die eise van die Skrif op te voed.

Die gesin is die plek waar ons daagliks leer en ook sien, volgens ons ouers se voorbeeld, wat reg en wat verkeerd is. Hier leer die kind 'n gewete aan wat vir hom help om te onderskei tussen goed en sleg. In die gesin leer die kind ook hoe om op te tree teenoor ouer persone, teenoor broers en susters en leer hy veral hoe om homself voor te doen om vir andere aanvaarbaar te wees – hy leer dus hoe om te sosialiseer. Dit is ook in die gesin waar hy op 'n intensiewe wyse leer hoe om met andere 'n verhouding op te bou wat 'n noodsaaklike skoling is om verhoudinge buite die gesin sinvol aan te knoop.

Dit is ook om bogenoemde redes dat die Skepper die huwelik en daarom die gesin as 'n instelling daargestel het om vir man en vrou en kinders die geleentheid te bied om medeverantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar wat 'n belangrike aspek van die gemeenskapslewe is. Gevolglik is die tendense wat al meer algemeen raak, soos byvoorbeeld saamwoon en egskeiding, nie deel van die plan van God met die mens nie, maar is dit "mensgemaakte" instellinge wat beveg moet word.

U taak is daarin geleë om die huwelik en daarom die gesin, as 'n instelling van God, van hoë waarde te ag en alles wat die gesinslewe bedreig met hart en siel te beveg. Ons moet nie toelaat dat die gesin as instelling afgemaak word nie, want dan sal die waardes en norme van ons gemeenskap in sy totaliteit in verwaarlosing verval. U taak is gevolglik om u met die huwelik as instelling, en daarom met die gesin, te vereenselwig en hierdie gebruik te bly handhaaf en uit te bou sodat dit vir die geslagte wat kom, behoue sal bly. Die rede hiervoor is dat die gesin sekere funksies het om te vervul, wat op geen ander wyse so sinvol as juis binne die gesin, verwesenlik kan word nie. Die belangrikste van hierdie funksies word slegs vermeld, naamlik:

- waardes en norme word volgens die voorbeeld van die ouers geleer;
- persoonlikheidsontwikkeling vind in die gesin plaas;
- sosialisering word aangeleer, byvoorbeeld hoe om teenoor meerderes en minderes op te tree;
- hoe om die onderskeie rolle in die gesin te vervul, byvoorbeeld rol van pa, ma, broodwinner, besteding, versorging, en so meer word aangeleer;
- die gesin leer die jongeling dat hy in die gesin aanvaar word, geborge kan voel, dat hy veilig is en dat hy daarbinne beskerming geniet; en
- die gesin leer die kind om sy godsdienstige behoeftes uit te leef en te vervul.

- *Die skool*

Die skool is 'n baie belangrike instelling waar die proses van sosialisering vanuit die gesin voortgesit word. Die skool leer nie slegs feitekennis aan die kind nie, maar leer hom ook sekere waardes en norme. So leer die skool die kind die differensiasie tussen ouderdom, geslag, prestasie (dat sommiges beter as ander *kan* presteer) asook gesag. Dit bring mee dat die kind met hierdie kennis en hierdie ervaring van die skool, hom beter in die wêreld kan verantwoord, want nou sien en beleef hy dat prestasie en beloning asook straf deel is van die wêreld.

Hy leer ook dat die wêreld gebou is op eerbiediging van gesag en dissipline, maar meer nog, dat hierdie gesag en dissipline aspekte is wat ook in die Skrif verankerd is.

Hieruit volg dit dat indien 'n skool ook daardie waardes en norme by die kind wat hy in sy gesin aanleer inskerp, so 'n kind hom maklik met 'n skool identifiseer en ook konformeer met dit wat aangebied word. Daarom is dit ook so dat die Christen-kind alleen gelukkig en geborge kan wees in daardie skool waar die opvoeding Christelik-nasionaal is en waar hy kan identifiseer met ander kinders wat van dieselfde oorsprong (etnos) as hyself is. Hierdie aspek is ook 'n situasie wat die jongmens wat môre se volwassene is, moet besef, want hy sal hierin ook vir sy kinders leiding moet bied en soms ook besluite daaroor moet neem. Om net sommer enige skool by te woon, is dus nie 'n oplossing nie, maar daardie skool wat die opvoedingsproses soos in die gesin gebied word, voortsit, moet uitgesoek word en tot die kind se beskikking gestel word.

o *Volk (etnos) en kultuur*

Volk dui op 'n verbintenis tussen mense op grond van gemeenskaplike kultuurgoedere. Hierdie kultuurgoedere is vir die volk van groot belang en hy beskerm dit ten koste van selfs die verlies van lewens. Hierdie kultuurgoedere soos geloof, taal, 'n eie denkproses, en so meer bring ook 'n emosionele binding tussen lede van die volk mee wat tot gevolg het dat 'n volk sekere voorkeure en afkeure toepas. So sal die Afrikanervolk groot voorkeur gee aan die uitleef van sy geloofslewe, maar terselfdertyd optrede van terrorisme deur sy volksgenote ten sterkste afkeur, verhoed en selfs met onderdrukking beantwoord. 'n Volk se identiteit word gekoppel aan:

- grondgebied;
- sy herkoms;
- sy sowereiniteit; en
- sy geloof.

Kultuur word gevorm deur 'n volk wie se lede oor langer tye ten nouste met mekaar saamleef en 'n eie taal en lewenswyse ontplooi, 'n eie denkproses ontwikkel en enerse strewes en ideale vooropstel. 'n Kultuur wat so gevorm word, bestaan uit uiterlike sigbare goedere, naamlik gebruiksgoedere (huise, meubels, motors, en so meer) asook gees-

tesgoedere soos taal, geloof, waardes en norme, en so meer. Hierdie eiendomlike van die kultuur bepaal, rig en orden die volk se gedrag, sy denke en sy emosionele reaksies.

Die mens as skepsel van God is juis so geskape dat hy nie alleen kan bestaan en alleen kan bly voortbestaan nie. God het dit in sy wysheid so gewil dat die mens in kleiner groepsverband (byvoorbeeld gesin, familie en gemeenskap) kan bestaan, maar daarnaas dat hy ook in groter groepsverband (volk, nasie en samelewing) kan bestaan. Gevolglik is dit vir ons van groot belang dat ons, veral in vandag se lewe, onsself ook met ons eie volk en ons eie kultuur, naamlik die Afrikanervolk en die Afrikanerkultuur sal identifiseer en in ons lewe ook daarin sal opgaan. Op hierdie wyse identifiseer ons onsself in die eerste instansie met 'n volk wat leef en voortleef in die eise van die Skrif en kan ons verseker dat ons eerste uitgangspunt die Skrif is en nie die mens as aardse wese nie. 'n Volk wat nie voortleef in die "vrese" van die Heer nie, is nie 'n volk wat ingestel is op die ewigheidsbestemming nie.

Hieruit is dit duidelik dat u as jongmense 'n groot verantwoordelikheid het om te midde van aanslae rondom u en afbrekende opmerkings oor u godsdiens en ook oor u Afrikanervolk, sterk standpunte sal moet inneem en nie skroom om u godsdiens en u volk te beskerm nie. As ons lou is oor ons volksake, is ons indirek ook lou oor ons godsdiens en dit mag ons nie toelaat nie. As ons godsdiens of ons volk skade ly, dan kan ons verseker wees dat ons waardes en ons norme nie meer Godgerig nie maar mensgerig gaan wees. Die oproep aan elkeen van ons is om met ons volk en ons kultuur te alle tye te identifiseer en met dié se waardes en norme te konformeer, want sodoende verseker ons ook ons Christelike voortbestaan in die Republiek van Suid-Afrika.

- *Portuurgroepe (maats)*

Portuurgroepe of maats is ook 'n wyse van groepslewe, net soos wat die geval met die gesin, familie of volk is. Die verskil lê egter daarin dat u hier te make het met 'n groep waar daar 'n baie groot mate van homogeniteit is, naamlik:

- hul ouderdomme is ongeveer dieselfde;
- hul is in ongeveer dieselfde skool, selfde skoolstanderd of universiteit of kollege;
- hul kan van dieselfde geslag wees of van beide geslagte;
- hul denkproses en die inhoud daarvan is gewoonlik min of meer dieselfde;

- hul belangstelling is min of meer identies;
- hul strewes en ideale is min of meer dieselfde; en
- hul bespreek gewoonlik belangrike aspekte van die lewe soos volwassenes se optredes teenoor hulle (ouers, onderwysers, dosente, predikant, ouderling, en so meer) asook verhoudinge met die teenoorgestelde geslag, godsdiens, politiek, en so meer.

Met bogenoemde in gedagte, raak dit al duidelik dat die portuurgroep 'n belangrike rol en funksie in ons gemeenskap het. Dit is heel dikwels so dat die jongmens sy optredes en ook sy wilslewe toets en ook so inrig soos wat die portuurgroep vir hom sal "voorskryf" en sodoende ook teen sy ouers, gesin en selfs familie se wense in optree. Aan die ander kant weer is hierdie portuurgroepe 'n noodsaaklikheid vir ons as mense se ontwikkelingsgang en het sodanige maats dikwels ook 'n heilsame invloed op ons verdere ontwikkeling.

Gevolglik moet ons vir mekaar kan sê dat portuurgroepe eintlik 'n noodsaaklikheid vir ons totale sosialisering is en moet u en ek ons daarvoor beywer om in hierdie groepsverband ingeskakel te word. Hierdie inskakeling bring egter ook vir u as jeug 'n verantwoordelikheid na vore. 'n Verantwoordelikheid deurdat *u* die keuse maak van met wie u geïdentifiseer wil wees en by watter groep u wil inskakel. By hierdie keuse wat u maak, is dit belangrik om te let op sekere kardinale aspekte wat vir u toekoms van belang is, naamlik:

- die groep se godsdiens-ingesteldheid en godsdienstige meelewing;
- die groep se gesindheid teenoor hul ouers – om ouers krities te bespreek met nog steeds 'n goeie gesindheid teenoor hulle, is in wese nie verkeerd nie maar om net afbrekend, veroordelend en verwerpend te wees, dui op gevaartekens;
- hoe word verhoudinge met die teenoorgestelde geslag bespreek – is dit slegs gemik op 'n "bravado" van oorwinnings, losbandigheid, saamleef, en so meer. As dit die geval is, is hier vir u ook aanduidings dat die heilsame uitwerking van hierdie groep te bevraagteken is; en
- daar kan verskillende praktiese situasies verder uitgebou word, maar die kernelement is dat u as jeug reeds weet wat vir u goed en wat verkeerd is, maar die verantwoordelikheid van u keuse van 'n portuurgroep lê grootliks by uself opgesluit.

'n Portuurgroep waarvoor u diep in uself "skaam" is en soms ook selfs nie eers na u ouerhuis wil neem nie, gaan vir u vorentoe baie verdriet besorg. Spaar uself hierdie verdriet en identifiseer u nie met so 'n

groep nie, want indien u met so 'n groep se waardes en norme saamleef, gaan u die *lydende* party wees en kan u 'n sinvolle, mooi en Godgerigte toekoms verruil vir 'n onsedelike, mensgerigte en onvergenoegde bestaan. Die verantwoordelikheid van u as jeug van die tyd is om ook sorg te dra dat u met die regte portuurgroep identifiseer, want die aanslae op u as jeug is groter, intenser en meer uitgebreid as wat dit ooit voorheen was.

- *Waardes en norme*

Waardes dui op idees wat mense het oor behoorlike handelinge en optredes en is 'n maatstaf vir die keuse van sekere optredes. 'n Norm is spesifieke gedragsreëls wat gedrag voorskryf, verbied of toelaat.

By die rangorde van waardes wat aanvaarbaar is en die keuses wat daaruit gemaak word vir optredes, speel aspekte soos die van volk en kultuur waarby godsdiens ingesluit is, 'n baie belangrike rol. Mense van dieselfde volk en kultuur handhaaf in breë trekke gewoonlik dieselfde waardes en norme en dit dra by tot die ordelike naasbestaan en voortbestaan. Hieruit volg dat 'n volk of kultuur en daarom ook 'n gemeenskap of 'n gesin of godsdiensoortuiginge druk op mense toepas om met sekere sieninge te konformeer, of anders gestel, om ooreenkomstig daarmee op te tree en te handel. As voorbeeld sou ons kan sê dat vir ons as gelowiges leer die Skrif dat 'n huweliksverbintenis noodsaaklik is vir persone om as man en vrou saam te leef (dit is 'n waarde – oordeel) en vanuit hierdie woordbepaling moet ons nou 'n keuse maak tussen die sluit van 'n huwelik of om sommer net met iemand "saam te leef" soos huidig ook dikwels gebeur. Hierdie keuse wat ons maak, naamlik 'n huwelik aangaan of saamwoon, dui op 'n gedragsreël wat dan as 'n norm bekend staan.

Die sentrale uitgangspunt by groepsidentifikasie en konformering lê opgesluit in bestaande en aanvaarde waardes en norme. Indien waardes en norme vir 'n persoon en in dié geval vir u as jeug aanvaarbaar is, sal u uself met 'n sekere kerk, 'n sekere gemeenskap, 'n sekere skool, 'n sekere kultuur, 'n sekere portuurgroep en 'n sekere volk wil identifiseer en met dié se voorskrifte en reëls wil konformeer (aanvaar).

Met waardes en norme as sentrale uitgangspunt vir uiteindelike groepsidentifikasie en konformering, moet ons egter kennis neem van die groepproses wat plaasvind waarvan elke indiwidu in 'n groepsverband deel uitmaak.

Hierdie groepproses geskied aan die hand van:

- interaksie tussen mense wat tot gevolg het dat mense nader aan mekaar beweeg of weg van mekaar "groei", mekaar *aanvaar* of teenstaan, mekaar onderskraag of verwerp. Op grond hiervan vind ons dan ook dat 'n volk, 'n gemeenskap, vriendekring, kerke en ook portuurgroepe gevorm word;
- hierdie interaksie het tot gevolg dat mense mekaar aanvaar omdat hulle by hierdie interaksie hul gesamentlike en gemeenskaplike *behoeftes* en nood bevredig kan kry;
- indien so 'n vorm van interaksie plaasvind waar mense met die groter groep identifiseer en mekaar aanvaar, ontstaan daar 'n groepsgebondenheid, 'n gevoel van "behoort aan" of anders gestel 'n "ons gevoel." Hierdie besef van eenheid is noodsaaklik om groepsidentifikasie en konformering te laat plaasvind; en
- in hierdie groepproses waar mense in interaksie is, is daar ook onderlinge vertroue aanwesig en word daar besef dat die belange van die groep, of dit van die volk, die gemeenskap, die gesin of die kerk is, deur die lede beskerm en verdedig sal word. Hierin lê die sterkte en die krag van die groep deurdat die onderskeie indiwidue as 'n eenheid kan optree. Dit beteken dan ook juis dat die jeug van die Nederduitsch Hervormde Kerk in hul gesamentlike optredes ter uitdra en verdediging van ons kerk se standpunte en belange van uiterste waarde is en in der waarheid 'n noodsaaklikheid is.

Samevatting

Waardes en norme is onderliggend aan alle vorme van groepsidentifikasie en konformering. Die feit dat 'n mens met 'n groep identifiseer, daaraan behoort en met die inhoud van die groep se idees, gedagtes en optredes konformeer, het direk te make met die aanvaarding van die groep (volk, kerk, gesin, portuurgroep) se waardes en norme.

Om met 'n groep te identifiseer en te konformeer, is dit noodsaaklik dat 'n mens se eie verwysingsraamwerk waarbinne hy sy waardes en norme aangeleer het soos sy gesin, sy kerk, sy skool, en so meer as rigsnoer sal gebruik in die maak van keuses.

U as jeug het 'n verantwoordelikheid teenoor u Skepper, u kerk, u volk, u ouers, uself en u latere gesin om deel te wees van sekere groepe in die samelewing. U het egter hiermee saam nog groter verantwoordelikheid om slegs met daardie groepe of instellings te identifiseer en te konformeer wat vir u as Christen sinvol is, 'n groep wie se waarde- en

normeoordeel op die eise van die Skrif gefundeer is. In so 'n groep kan u as indiwidu ook beleef dat:

- om lid te wees van so 'n groep aan u plesier bied, betekenisvol is en bydra tot positiewe groei en ontwikkeling van u eie menswees;
- die groep aan u toerusting bied wat nodig is om daagliks met mense om te gaan – u leer dus om te sosialiseer;
- die groep aan u bystand en onderskraging bied, byvoorbeeld die kerk bied hierdie onderskraging vir sowel 'n aardse as 'n hiernamaalse bestaan;
- die groep ryke geleenthede tot persoonlikheidsgroei en persoonlikheidsontwikkeling bied;
- die groep geleenthede waaraan 'n mens jouself beter kan leer ken bied met jou goeie sowel as swakker eienskappe en dit help 'n mens om 'n realistiese en aanvaarbare selfbeeld op te bou; en
- die groep u nie net leer om verantwoordelikhede te aanvaar nie, maar juis ook om daardie verantwoordelikhede uit te leef en daarvolgens te handel.

Die kerk is seer sekerlik een van die primêre instellinge waarbinne groepslewe plaasvind. Daagliks vind die kerk dat van die jeug hom nie altyd positief met ons kerk identifiseer nie. Hiervoor kan daar sekerlik redes aangevoer word, maar die sinvolheid daarvan lê daarin opgesluit dat die kerk ook by die behoeftes en die nood van sy jeug aansluiting moet en wil vind. Op grond hiervan moet u *nou* ook die geleentheid gebruik om hierdie behoeftes van u na vore te bring, want as die kerk nie konkreet van u behoeftes kan verneem en daaraan aandag gee nie, sal u nie met die kerk as instelling wil identifiseer nie en ook nie met die kerk se leerstellinge wil konformeer nie. Hierdie oproep is 'n oproep in u, die kerk maar ook die Christenvolk se belang. U verantwoordelikheid is om die kerk te help sodat u as jeug saam met die kerk op die pad kan beweeg om daardie groepslewe te identifiseer en uit te bou waarop u as jeug trots kan wees om môre se volwassenes te wees.

VRAELYS

VRAE	WAAR	ONWAAR
1. Die Bybel is 'n wetenskaplike handboek.	.....	.....
2. Die Bybel gee vir ons klinkklare antwoorde op alle vrae en probleme.	.....	.....
3. Die Bybel handel oor alle fasette van die mens se bestaan.	.....	.....
4. Die Bybel bied nie aan ons uitsprake waaraan ons sekere waardes en norme kan meet nie.	.....	.....
5. Dit is nie belangrik dat 'n mens aan 'n spesifieke kerk moet behoort ten einde Christelikgeoriënteerde waardes en norme te handhaaf nie.	.....	.....

6. Hoekom is dit vir u belangrik om lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te wees?

.....

.....

7. Is dit vandag nog belangrik dat 'n mens met 'n spesifieke volk moet kan identifiseer?

.....

.....

.....

8. Watter belangrike rolle vervul die gesin in die hedendaagse lewe?

.....

.....

.....

.....

.....

9. Hoekom wil u aan 'n portuurgroep behoort?

.....

.....

.....

.....

.....

10. Aan watter belangrike eise moet 'n portuurgroep voldoen om u daarin tuis te laat voel?

.....

.....

.....

.....

11. Aan watter behoeftes van u as jeug voldoen die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika?

.....

.....

.....

.....

12. Aan watter ander behoeftes van u voldoen die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie genoegsaam nie en sal u graag groter meelewing van die kant van die kerk wil vra?

.....

.....

.....

.....

.....

16 Heiligmaking

SAAMGESTEL DEUR DS NAAS FERREIRA

DOEL

Die jongmens moet besef dat geloof 'n proses is wat nooit eindig nie. God het ons geheilig en nou moet ons heilig lewe.

VOORBEREIDING

- 'n Spreker wat 'n kort inleidende woord oor heiligmaking kan spreek.
- Bybelstudiestukke moet gereed gemaak word.
- Nuwe Testamente (nuwe vertaling) moet verskaf word.
- Ruimte moet gerangskik word vir kleingroepies.

VERLOOP VAN PROGRAM

- Skriflesing: Romeine 6:15–23.
- Gebed.
- Kort boodskap oor heiligmaking.
- Uitdeel van Bybelstudievraelyste.
- Kleingroepbespreking met grootgroep-terugrapportering.
- Afsluiting.

BYBELSTUDIE

(a) Heiliging is nie 'n opsie nie.
   (i) Wat sê die volgende tekste oor ons heilig wees voor God?
   Romeine 5:19
   Hebreërs 10:10
   1 Petrus 3:18
   (ii) Wat sê die volgende tekste oor heilig lewe?
   Efesiers 4:1, 30

1 Tessalonisense 4:7
Titus 2:11–12

(iii) Lees Hebreërs 12:14 en 15
Watter stappe moet ons self doen in ons heiligmaking-proses?

(b) Die stryd om heiliging.

(i) Lees Romeine 6:1–12 en Kolossense 1:13.
Wat sou jy sê beteken dit om dood te wees vir die sonde?

(ii) Hoekom sondig ons nog, al is ons vir die sonde dood?

(iii) Wat is ons verantwoordelikheid teenoor die sonde, ons wat vir die sonde dood is?

(c) Doodmaak van die sonde.

(i) Lees Romeine 8:13 en Kolossense 3:5.
Wat sou jy sê beteken dit om die sonde in ons lewens dood te maak?

(ii) Wat sê die volgende verse oor persoonlike oortuigings wat nie spesifiek in die Bybel gemeld word nie?
1 Korintiërs 6:12–13
1 Korintiërs 10:23–33

(iii) Hoe kan Skrifmemorisering ons help om versoekings te weerstaan?

(d) Dissipline.

(i) Wat sê die volgende verse van Christelike dissipline?
1 Korintiërs 9:24–27
1 Timoteus 4:7–8 en
1 Timoteus 3:16

(ii) Wat sou jy sê is ware dissipline?

(iii) Is jy nou oortuig van heiligmaking?

HEILIGMAKING

Ons kerk se teologiese agtergrond is die oorsaak dat ons vandag nie praat van 'n heilige lewe of heiliging of heiligmaking nie. Die begrippe is vreemd vir ons ore en 'n Hervormer se nekhare staan sommer regop as daaroor gepraat word. Ons dink dat die dinge by ander kerkgroepe hoort en dat dit onbybels is. Die Hervormers dink as daar oor heiliging gepraat word, bedoel word dat so 'n mens sonder sonde is. Ons dink die mense matig hulle te veel dinge aan. Die mense dink hulle is volmaak. Tog weet ons uit ervaring dat selfs daardie mense nog steeds sondig. Niemand is volmaak nie. Daarom verwerp ons sommer voor die voet die idee oor heiligmaking.

Hierdie is 'n ongelukkigheid in die Hervormde Kerk. Die gedagte of opdrag om heilig te lewe, is so bybels soos die opstanding uit die dood. Die Bybel is vol van die leer oor heiliging. Wanneer die Bybel oor heiliging praat, dan word daar nie bedoel dat die mens nou 'n staat van volmaaktheid het nie. Die gelowige mens is nie nou skielik sonder enige sonde nie. Daarvoor is die sonde te diep gewortel in die menslike bestaan. Laat ons eerlik met mekaar wees: ons sal nooit volkome van die sonde ontslae raak nie. Eers wanneer Christus ons vernederde liggaam aan sy verheerlike liggaam gelyk sal maak, sal ons volmaaktheid bereik. Dit neem egter nie die opdrag van heiliging weg nie. Ons moet nog steeds strewe om volmaak te wees. Kom ons begin daar waaroor dit in werklikheid gaan.

Die bybelse gebruik van die woord "heilig" beteken om deur God vir God afgesonder te wees. Dit beteken dat God iets of iemand eenkant plaas om anders te wees as die res. So lees ons van Moses en die brandende bos: Dat God vir hom sê dat hy sy skoene moet uittrek want die grond waarop hy staan is heilige grond omdat God dit heilig verklaar het. God het daardie grond afgesonder van die res om Homself daar aan Moses bekend te maak. Dit is God wat die mens ook afsonder om heilig te wees.

God het hierdie heiligwees van die mens op 'n heel besondere manier gedoen. Jesus Christus wat self God is, het 'n mens geword. Jesus was volwaardig heilig. Hy was geheel en al afgesonder om die wil van God te doen. Jesus se woorde, dade en gedagtes was gerig op die volmaakte wil van God die Vader. Jesus se opdrag was om God aan die wêreld bekend te stel. Hy was aan die opdrag gehoorsaam, ja selfs tot in die dood. Christus was dus volkome heilig.

Die persoon wat nou geloof van God ontvang het, is vry van die sonde en is afgesonder om vir God te lewe. Deur Christus is die gelowige ook nou geheilig. Dit is 'n toestand waarin die Christen homself bevind. Die gelowige behoort nie meer aan homself nie maar aan God. Ons is heilig omdat die Heilige Gees in ons woon. Ons is verander, 'n nuwe mens het saam met Jesus uit die dood opgestaan. Elke gelowige is geheilig. Hierdie heiligverklaar is totaal God se werk. God maak en verklaar die mens heilig. Niemand kan daarvoor werk, dit verdien of daarna strewe nie. 'n Mens is heilig op grond van jou geloof in Jesus Christus.

Nou kom die vraag: As ons nou deur God geheilig is, kan ons nou lewe soos ons wil? Paulus sê beslis nee. Sy rede: Omdat die gelowige aan God behoort en heilig is, moet hy ook 'n heilige lewe hê. Ons moet

die toestand (geheilig) waarin ons verkeer, uitlewe. Ons is nie langer slawe van die sonde nie maar juis slawe van God. 'n Slaaf moet gehoorsaam wees aan sy baas. God is ons baas en ons is sy slawe. Daarom moet ons in gehoorsaamheid aan Hom lewe. Ons moet strewe om heilig soos Jesus te wees. Elke woord, elke gedagte en elke daad is afgesonder vir God. Ons moet strewe om die sonde (wat vervreemding van God is) teen te staan en in gehoorsaamheid aan God te lewe. Daar moet dus geloofsgroei in elke gelowige se lewe wees. Ons strewe na geestelike volwassenheid. Dit beteken dat ons alles in die stryd sal werp om geestelik te kan groei om heilig te lewe.

Die strewe na heiligheid is nie 'n keuse wat God aan ons stel nie. God beveel ons "Wees heilig soos Ek heilig is." Dit is 'n bevel, 'n opdrag wat 'n Christen nie kan of mag verontagsaam nie. Ons moet heilig lewe.

Hierdie heilig-lewe is om volkome gehoorsaam te wees aan God se wil. God se wil is dat ons Hom bo alles sal liefhê, Hom sal dien en volg. Hy wil hê ons moet ons lewens aan Hom oorgee. Ons moet ons naaste liefhê soos onsself. Ons moet mekaar liefhê, vir mekaar bystaan, alle haat en afguns verwyder, skinderpraatjies vernietig en doen wat reg is. Dit is God se wil vir elkeen van ons. Sy opdragte is nie te swaar of onmoontlik om uit te voer nie. God, die Heilige Gees, is dan in ons om ons te help om so te lewe. Daardie begeerte en wil moet net in ons harte wees.

Elkeen wat die beslissing vir God gemaak het, kry dus die opdrag: "WEES HEILIG SOOS GOD HEILIG IS."

17 Homoseksualisme

SAAMGESTEL DEUR DR RM NAUDÉ

DOEL

Om jongmense te leer dat homoseksualisme sonde is en om hulle vertroue alleen op Jesus Christus te stel.

VOORBEREIDING

- Reël vooraf met 'n kundige spreker om die onderwerp te bestudeer en om die bespreking waar te neem.
- Maak afdrukke van die lesing om dit na die voordrag van die spreker uit te deel aan die teenwoordiges.
- 'n Oorhoofse projektor kan gebruik word om 'n opsomming van die lesing te vertoon. 'n Blaaibord kan nuttig wees.
- 'n Bybel vir elkeen is noodsaaklik om Skrifgedeeltes wat genoem word, saam te lees.

LOKAALINRIGTING

- Verdeel teenwoordiges in groepe van 5, 7 of 9.
- Rangskik die tafels en oorhoofse projektor sodat almal die spreker kan sien.

VERLOOP VAN PROGRAM

- Open met Skriflesing (Gal 5:16–26 of Rom 1:18–32), sang en gebed.
- Die spreker bied die lesing aan met behulp van die transparante wat hyself voorberei het. Die volle aandag van elkeen is noodsaaklik om die kontrolevrae te beantwoord.
- Na die lesing wys elke kleingroep 'n spanleier aan wat die kleingroepbespreking kan lei en wat namens die kleingroep vrae en standpunte kan stel.

- Afdrukke van die lesing word nou aan elkeen uitgedeel sodat elke groep aandag aan die vrae kan gee.
- Die spreker skryf antwoorde op die blaaibordvelle neer en na aanleiding daarvan lewer hy kommentaar.
- Sluit af met sang en gebed.

Lesing: HOMOSEKSUALISME

Homoseksualiteit kan beskrywe word as die seksuele drif wat gerig is op persone van dieselfde geslag. Hierteenoor word gepraat van heteroseksualiteit wat die seksuele drif tussen 'n man en 'n vrou aandui. Omdat homoseksualiteit gerig is op persone van dieselfde geslag, kan ons praat van homoseksuele mans en homoseksuele vrouens. Laasgenoemde word lesbiërs genoem.

Voordat ons 'n beoordeling kan maak, is dit noodsaaklik dat ons meer te wete moet kom oor homoseksualiteit en dan hierdie kennis toets aan die norme wat die Skrif vir ons gee. Die oorsake van homoseksualiteit kan nog nie bo alle twyfel vasgestel word nie. Sommiges reken dat die oorsaak geneties van aard is. Dit beteken dat 'n persoon as 'n homoseksueel gebore word. Ander wil die oorsaak sien as psigies van aard. Dit beteken dat gebroke ouerhuise as gevolg van die dood, egskeiding of verlating 'n groot rol kan speel. Die gebrek aan kontak met die teenoorgestelde geslag, soos byvoorbeeld in meisieskole, seunskole en tydens militêre diensplig, liefdesteleurstellings en onaangename seksuele ervarings soos verkragting, kan ook oorsake wees vir die toetrede tot 'n homoseksuele leefwyse. 'n Derde oortuiging is dat persone of uit eie vrye wil of deur verleiding homoseksueel word.

Ongeag die oorsake van homoseksualiteit word die homoseksuele nie deur die gemeenskap aanvaar nie. Die rede hiervoor is sekerlik die feit dat hulle "anders" is. 'n Bydraende faktor is ook afwykende gedragsverskynsels soos misdaad, drankmisbruik, daggarokery, dwelms en heteroseksuele sowel as homoseksuele prostitusie wat dikwels voorkom. Omdat elke homoseksueel hiermee vereenselwig word, word die homoseksueel gedwing om voor te gee dat hy nie homoseksueel is nie. Homoseksuele klubs is om hierdie rede vir hulle belangrik omdat hulle daar tussen ander homoseksuele kan wees soos hulle werklik is. Hulle vorm hul eie gemeenskap met hul eie sosiale sisteem, reëls, kleredrag en taal. 'n Voorbeeld van hul taalgebruik is om hulself "gay" te noem. Die heteroseksuele word "bm" (baby-maker) of "straight mense" ge-

noem. Ten spyte van die klubs en 'n eie gemeenskap, vorm die homoseksuele nie 'n hegte groep nie, maar eerder talle klieke. Sulke klieke word in alle sosio-ekonomiese lae of klasse van die samelewing aangetref. Klieke in die hoë sosiale klas het weinig kontak met dié in 'n laer sosiale klas. Alhoewel daar nie sprake is van een hegte groep nie, is daar tog pogings by die meeste homoseksuele om tot selfaanvaarding te kom en om algehele aanvaarding deur die gemeenskap te bewerkstellig. Om dit te bereik, word hoofsaaklik op twee gedagtes gesteun: homoseksualiteit is nie sonde nie; en liefde veroorloof alles. Hierteenoor kan ons die volgende stel:

- Homoseksualisme is sonde – Die homoseksuele dring daarop aan dat hulle deur die gemeenskap aanvaar moet word, soos hulle is. Dit beteken dat die gemeenskap hulle homoseksuele verhoudings moet goedkeur en eerbiedig. Homoseksuele huwelike sal daarom deur die gemeenskap erken en aanvaar moet word. Die onderliggende gedagte is dat homoseksualisme gesien moet word as 'n onskuldige alternatiewe lewenswyse. Spesiale slagspreuke word gebruik om só 'n siening te propageer: "Gay is good" en "I'm gay and I'm proud."

Die Bybel is baie duidelik oor hierdie aangeleentheid. In Sodom het Lot sy gasvryheid betoon deur huisvesting te verskaf aan twee boodskappers van God (Gen 19:1–11). Hierdie twee mans is deur die manne van Sodom lastig geval. Alhoewel Lot sy dogters vir hulle aangebied het, het die mans homoseksuele dade gepleeg. Dit was een van die redes waarom God Sodom vernietig het. Levitikus 18:22 veroordeel homoseksualisme duidelik: "met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel." Volgens 1 Korintiërs 6:110 word homoseksualiteit gesien as deel van die lewenswyse van die heidene waarvan die Christen moet wegbreek. Dit is ook opmerklik dat in 1 Timoteus 1:8–10 'n reeks sondes opgenoem word wat ooreenstem met die volgorde soos dit in die *Tien Gebooie* genoem word. Hiervolgens word homoseksualisme veroordeel net soos egbreuk in die *Tien Gebooie* veroordeel word. Homoseksualisme kan dus beskrywe word as 'n sondige lewenswyse waarmee die Christen nie vrede mag hê nie.

- Liefde is nie 'n vrypas tot 'n eiewillige lewenswyse nie – Volgens die homoseksuele het elke mens die reg om op sy eie manier uiting aan liefde te gee. Daar waar liefde is, is daar nie sonde nie. Só regverdig liefde enige daad. Hierdie oortuiging sê eintlik dat Skrifgedeeltes

wat homoseksualiteit veroordeel, nie meer ter sprake is nie. Die Skrif leer ons egter dat die uiting wat ons gee aan liefde nie kan geskied volgens ons eie reëlings nie. Die liefde kry eers die regte rigting as dit uitgeleef word volgens die gebod van God. Liefde is immers die vervulling, dit wil sê, die nakoming van die Wet en nie die vervanging van die Wet nie (Matt 5:17). Egbreuk sowel as homoseksualisme is sonde omdat dit nie die geoorloofde wyse is waarop ons uiting kan gee aan ons liefde nie. Die liefde kan alleen uitgeleef word tussen 'n man en 'n vrou binne die ruimte van die huwelik.

Samevattend kan ons sê dat homoseksualiteit sonde is en nie die korrekte wyse is waarop uiting gegee kan word aan liefde nie. As ons homoseksualiteit as sonde en daarom ook as verwerplik beskrywe, dan is die vraag of ons die homoseksueel as persoon moet verwerp as dié sondaar van die samelewing. In Romeine 1:26–27 word homoseksualiteit as sonde beskrywe: "Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit." Alhoewel homoseksualiteit as sonde beskrywe word, word dit nie as dié sonde beskrywe nie. In Romeine 3:22–24 word van alle sondaars gesê: "Daar is geen onderskeid nie, want almal het gesondig en hulle het nie deel aan die heerlikheid wat God vir die mens bestem het nie. Maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, in sy genade geregverdig deur die verlossing in Jesus Christus." Vir alle sondaars, ook die homoseksueel, is daar verlossing in Jesus Christus. Dit hou egter in dat die Christen die bereidheid moet hê om die stryd aan te knoop teen die sonde (1 Kor 6:12–20). Hierdie stryd beteken vir die homoseksueel sowel as die heteroseksueel om selfbeheersing te hê as vrug van die Gees (Gal 5:22). Die seksuele drifte moet in toom gehou word. Hiermee word nie meer gevra van die homoseksueel as van die heteroseksueel nie. Die homoseksueel en die heteroseksueel moet albei waak teen die sondige uitlewing van hulle begeertes.

Hierdie gelykheid in stryd teen die sonde verhoed ons om die homoseksuele te sien as dié sondaars, hulle te verwerp as uitsonderings en hulle af te sonder uit die gemeenskap van die gelowiges. As Christene vind ons ons roeping hierin om Jesus Christus aan die homoseksuele te verkondig, sodat hulle lewenswyse die kenmerke sal dra van 'n geloofslewe. Die evangelie van Jesus Christus beteken vir die homoseksuele

dat hulle oorwinnaars oor hulle homoseksuele dade kan wees en 'n Christelike lewenswyse van selfbeheersing kan voer.

KONTROLEVRAE

1. Gee 'n definisie van homoseksualiteit.
2. Wat is heteroseksualiteit?
3. Noem drie moontlike oorsake van homoseksualiteit.
4. Word homoseksuele deur die gemeenskap aanvaar?
5. Noem 'n paar kenmerke van hulle lewenswyse.
6. Watter twee gedagtes vorm die grondslag van algehele aanvaarding van homoseksualisme?
7. Wat sê die Skrif oor homoseksualiteit? Is dit 'n sonde?
8. Wat sê die Skrif oor die uitlewing van die liefde?
9. Kan ons die homoseksueel sien as dié sondaar van 'n gemeenskap?
10. Het ons 'n taak teenoor die homoseksueel?

18 Jy moet jou vyand liefhê en vir hom bid

SAAMGESTEL DEUR DS LJS STEENKAMP

DOEL

Die deelnemer aan die bespreking behoort na afloop hiervan in staat te wees om in sy eie woorde te kan weergee wat Christus bedoel het toe Hy die opdrag aan ons gegee het om ons vyande lief te hê en vir hulle te bid.

HULPMIDDELS

- Bybel vir elke deelnemer.
- 'n Blaaibord.
- Vraelyste wat gebruik kan word om sekere kennisinsette te doen of vir evaluering aan die einde.

LOKAAL

- Gebruik 'n lokaal met genoeg ruimte vir groepbesprekings.
- Groepe moenie groter as so 7 tot 8 wees nie en moet onbelemmerde visie op blaaibord en inleier hê.

METODE

- Begin met 'n ideëberaad. Deelnemers identifiseer hulle vyand en die dade van die vyand, moontlik meer spesifiek die terroris as vyand.
- Vervolgens kan deur middel van 'n vraelys of in die klein besprekingsgroepie oordink word wie almal skepsele van God is en wat dit impliseer.
- Vervolgens word op dieselfde wyse uitgewys wat die oorsaak is hoe die skepsel van sy of haar Skepper vervreemd geraak het; 'n toestand wat daartoe lei dat hulle lewe beheers word deur duiwelse dade.

- Die aanbieder kan op hierdie stadium of aan die begin kennisinsette doen wat die inhoudelike deel betref.
- Die kleingroepe kan nou die saak in diepte bespreek waartydens verdere vrae geformuleer kan word om moontlike leemtes of knelpunte verder te bespreek.
- Die evalueringsvraelys word nou voltooi in kleingroepe. Resultate van vraelyste en geformuleerde vrae word vervolgens in die grootgroep bespreek met die oog op evaluering en bereiking van konsensus.
- Resultate kan beoordeel word aan die hand van puntetoekenning aan die deelnemende spanne.
- Afsluiting met gebed en sang.
- Sien addendum vir vraelyste.

VERLOOP VAN PROGRAM

- Skriflesing uit Matteus 5:43–48 of Lukas 6:27–28, 32–36.
- Gebed.
- Sang.
- Aanbieder behandel inhoud van program soos uiteengesit in punt 6. Bespreking kan lewendig en onderhoudend aangebied word deur Skrifgedeeltes wat betrekking het, te laat opsoek.
- Om die betrokkenheid te stimuleer en die sinsig in die probleem te verdiep, word die kennisinset bespreek en vrae geformuleer in kleingroep vir beantwoording in grootgroep deur onderskeie deelnemers en predikant.
- Om geslaagdheid van aanbieding te evalueer, kan 'n evaluasievraelys voltooi word.

INHOUD

"Jy moet jou vyand liefhê en vir hom bid."

Lesing: JY MOET JOU VYAND LIEFHÊ EN VIR HOM BID

1. Inleiding

Die kerk van die twintigste eeu het oorwegend 'n kerk van die kompromis geword. Sodanig het hy homself met die wêreld geïdentifiseer dat daar feitlik nie meer sprake van spanning tussen kerk en wêreld oorgebly het nie. Hierdie humanistiese wêreldkerk hou hom hoofsaaklik besig met horisontale sake soos sosiale verhoudinge, proteste en politieke aksies waarin selfs geweld as metode goedgekeur word. So verdring die versoening op horisontale vlak, tussen mens en mens, ras en ras die sentrale boodskap van die Woord, naamlik versoening tussen sondaar en God in Christus, totaal. In hierdie klimaat is die emosie vaardig om almal en alles lief te hê; liefde vir alle mense, vir alle menslike behoeftes en drange. Die Christen is natuurlik te vinde vir liefde want Christus gee ons immers die opdrag om selfs ons vyande lief te hê en vir hulle te bid. (Matt 5)

2. Die bose magte is ingestel om die gees van die mens te verower

'n Mens wonder egter hoeveel Christene werklik nog bewus is van die magtige konflik tussen die kerk van Christus (wat daar ten minste nog van oor is) en die anti-Christelike magte. Beide is ingestel om die gees van die mens te verower. Die anti-Christelike magte spits hulle daarop toe om die volke van die wêreld aan materialistiese godlose ideologieë te onderwerp, 'n strewe wat in die jongste jare so versnel het dat groot dele van die wêreld vir die Christelike geloof feitlik ontoeganklik geword het. Die metodes wat gebruik word is wapengeweld, onderdrukking, rewolusie, bloedvergieting en terrorisme met as eindresultaat die verowering en verslawing van die slagoffer se gees aan die magte van die bose. 'n Ander weg wat hulle volg, is deur subtiele en soms oorweldigende afbreek van waardes en tradisies en breinspoeling deur listige propaganda wat daarop gemik is om 'n onkeerbare skuldgevoel by jou te kweek oor wat jy was en wat jy is en dan 'n voortvloeiende begeerte om "anders" te wil word. So word die inhoudelike van jou bestaan leeggetap. Dit word só vroom gedoen, meestal in die naam van godsdiens en naasteliefde. Dit bly egter 'n vorm van terrorisme – 'n terrorisme waarvan die lyke nie getel kan word nie, waar slagoffers nog lewe terwyl hulle van binne geestelik leeg en dood is – 'n terreur van die gees.

3. Die gelowige is geroepe tot konfrontasie met die wêreld

Aan die ander kant is dit 'n onontkombare feit dat die mens of volk waarop God beslag gelê het om sy koninkryk te bevorder en te verkondig nie na hierdie konfrontasie hoef te soek nie. Die blote feit dat hy evangeliedraer is, maak van hom 'n konfrontasie op sigself. Wanneer ons dus vervolg of aangeval word ter wille van dit wat ons is uit die aard van ons roeping deur Jesus Christus, moet ons weet dat wat met ons gebeur reeds met Stefanus, baie martelare, die Protestante gedurende die bloedige gebeure van Bartholomeusnag, ons voorvaders tydens Bloedrivier en baie ander voorbeelde, plaasgevind het. Terrorisme in sy huidige bedreiging is 'n baie ou saak met slegs 'n nuwe naam en miskien meer verfynde en aangepaste tegnieke.

4. Terroriste is pionne van die anti-Christelike magte

Die waarheid is natuurlik dat hierdie moordenaar van die nag, net 'n pion, 'n aangehitste en misleide instrument van die anti-Christelike magte is; mense wie se gees, se hele persoon, soos 'n marionet aan 'n toutjie deur die duiwel gemanipuleer word. Die ongelukkige en tragiese misverstand is dat daar mense is wat dink dat hierdie gevaarlike instrumente, vasgevang in 'n oneindig gevaarliker manipuleerder se kloue, besweer of gepaai kan word deur politieke en maatskaplike toegewings. Feit is dat daar nie rus sal wees voordat die geloof in Jesus Christus totaal vernietig is nie, wat beteken dat ons nie slegs met bietjie aanpassings sal wegkom nie, maar onsself geheel en al sal moet prysgee. In ons voorgeskiedenis staan hierdie stryd tussen die haat teen die evangelie aan die een kant, en die bereidheid vir die evangelie van vrede aan die ander kant onuitwisbaar ingegraveer met bloed en opoffering. Dit is onontkombaar en noodwendig waar dat die volk en kerk van God nooit 'n strydlose groep kan wees nie.

In hierdie stryd ... opdrag om te bid en lief te hê! In hierdie stryd het ons die roeping en plig om onsself fisies en geestelik te verset met alles waaroor ons beskik ... asook die opdrag om te bid vir die vyand en hom lief te hê!

Waar ons hierdie saak oorweeg, wil dit na die onmoontlike lyk. Die geloof laat hom egter nie bind deur moontlike of onmoontlike nie, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo (Markus 9:23). Maar hoekom is die gebed vir die vyand dan so 'n integrale deel van die offensief van die strydende kerk? Laat ons dan net eers kyk wie is hierdie vyand wat in ons geval bekend staan as die terroris. Die terroris is iemand wat 'n

besondere voorliefde het vir die bedekking van die nag waaronder hy lafhartig moor en plunder. Hiermee wil hy 'n gevoel van vrees en bedreiging skep. Die verrassende waarheid is egter dat die een wat homself eintlik bedreigd voel die terroris self is! Hy voel homself ten diepste bedreigd en onseker deur die geloofsekerheid van sy slagoffer. Gedryf deur hierdie gevoel van bedreigdheid en aangehits deur die lis van Satan verskeur hierdie paniese lafaard soos 'n vasgekeerde en waansinnige dier wildweg rondom hom. En nou gee Jesus ons die opdrag in Matteus 5:44 ... "Julle moet julle vyande liefhê ... en julle moet bid vir dié wat julle vervolg!" Aan die kruis gee Hy ons die voorbeeld deur by sy Vader voorbidding te doen, vir hulle wat sy lewe soek. Hierdie voorbeeld word nagevolg deur die eerste martelaar, wat ter wille van die evangelie en sy geloof gestenig word, toe hy sterwend bid: "Here reken hulle hierdie sonde nie toe nie" (Hand 7:60). Dit blyk egter uit hierdie gebede dat die gebed vir die vyand nie 'n blinde ongekwalifiseerde liefde vir die vyand veronderstel nie. Daar moet onderskei word tussen sondaar en sonde. Die sondaar moet ons liefhê en vir hom bid – nie ter wille van sy sonde (gruweldade) nie, maar ten spyte daarvan. Die sonde en die sondedaad moet ons egter haat en verag en beveg! Dit kan ons nie liefhê nie, want God het die geregtigheid lief maar die ongeregtigheid haat Hy (Heb 1:9).

5. Jou vyand moet jy liefhê en vir hom bid, maar sy dade haat!

So moet ons dan die werke van die sonde haat – terrorisme, kommunisme, moord, maar die mens, die kommunis, terroris, liefhê en vir hom bid want hulle is beangste gevangenes en pionne in die groep van die sonde en die duiwel. Deur vir hulle te bid tot verlossing uit daardie greep, bevorder ons die koninkryk van Jesus Christus, maar deur vir hul dade te bid, sou ons die koninkryk van die duiwel bevorder! Ons bid dus vir ons vyand om die oorwinning van die Gees van God in hulle harte. Waar die humanistiese wêreldkerk van die kompromis nie 'n onderskeid maak tussen die mens in gevangenskap van die sonde en sy verwerplike dade nie, en sy bestaan as sodanig 'n spanningslose en strydlose bestaan is, kan dit nie anders as om 'n handige handperd in diens van die offensiewe anti-Christelike magte te wees nie!

6. Gebed in stryd ... tot oorwinning

Gebed en liefde vir die vyand beteken dus hoegenaamd nie 'n prysgawe van jouself as gelowige of die aangaan van 'n kompromis of om alle geluk te skakel op 'n horisontale lyn nie. Die gebed en liefde wat Jesus van ons vra, is bedoel om 'n ware oorwinning oor onsself, oor ons aangebore haat te wees, 'n liefde wat die liefde nastreef wat God in Jesus Christus aan die mense bewys het (Joh. 3:16). En dit is juis hierdie liefde en gebed wat verseker dat daardie mense wat teen Christus gekies en gebruik is en daarom ook teen ons, sy diensknegte, uiteindelik ons naaste sal kan word tot uitbreiding van die koninkryk van Christus. Dan moet ons egter strydende kerk bly (soos Stefanus) met die oog op die verhoogde Christus. Dan moet ons in alle omstandighede onthou dat ons toekomsmense is wat eintlik nie iets verloor as hy sy lewe hier inboet ter wille van die geloof nie, want in Christus besit ons reeds die ewige lewe. Die merkwaardige en bemoedigende bly in sulke omstandighede altyd waar, dat die geloof nie saam met die draer gedood kan word nie, maar, inteendeel, groter momentum en stukrag uit die bloed van martelare verkry.

ADDENDUM
VRAELYS:

A. 1. Bespreek aan die hand van die skeppingsverhaal wat dit impliseer dat die mens skepsel of mens van God die Skepper is.
   2. Hoe het dit gekom dat daar 'n breuk tussen Skepper en skepsel gekom het.
   3. Wat was die gevolge van hierdie vervreemding op die lewe van die mens wat in die greep van die sonde beland het. (Gesindhede en dade)

B. *(Evaluasie)*
   1. Identifiseer die magtige konflik waarin die kerk en elke gelowige staan.
   2. Is dit moontlik vir die kerk om in kompromie met die magte teen Christus se kerk te verkeer? Indien nie, hoekom nie?
   3. Wil die opdrag om ons vyande lief te hê en vir hulle te bid, dat ons vrede moet hê met die verskriklike wreedhede waartoe hulle in staat is?
   4. Hoekom moet ons vir hulle bid maar ook terselfdertyd hulle beveg?

5. Wat sal die inhoud wees vir die gebed vir byvoorbeeld die terroris?
6. Watter verandering bring so 'n gebed in ons eie lewe teweeg?
7. Noem 'n paar insidente waar Christus in hierdie verband aan ons die voorbeeld stel?

19 Offerbereidheid

SAAMGESTEL DEUR DS JM DELPORT

DOEL

Na afloop van die program sal elke deelnemer in staat wees om te kan sê waarom gee ons offergawes.

HULPMIDDELS

- Vraelyste wat aan elke groep gegee sal word vir bespreking en terugrapportering na afloop van die voordrag. (Sien vraelys.)
- Minstens een Bybel vir elke groep.

LOKAALINRIGTING

- Hou byeenkoms in saal, kerk of konsistorie.
- Verdeel die teenwoordiges in groepe van ongeveer agt persone.

METODE

- Die predikant bied die inhoudelike deel van die program aan.
- Die jongmense sit in groepe dwarsdeur die aanbieding.
- Aan elke groep word na die voordrag 'n vraelys uitgedeel wat hulle moet bespreek.
- Elke groep gee sy antwoorde op die vrae en verduidelikings word deur die predikant gegee op sekere misopvattings wat daar dalk mag bestaan.

VERLOOP VAN PROGRAM

- Opening met Skriflesing en gebed.
- Predikant behandel inhoud van die program.

- Groepe bespreek vrae.
- Groepe gee antwoorde op vrae en die predikant verskaf verdere toeligting.

VRAELYS (Voorbeeld)

1. Hoekom word daar nie vir ons voorgeskryf presies hoeveel offergawes ons moet gee nie, byvoorbeeld 'n tiende van ons inkomste?
2. Hoekom sê ons daar bestaan 'n verband tussen ons dankbaarheid en offergawes?
3. Hoekom praat ons van offergawes en nie van 'n bydrae nie?
4. Hoekom het die kerk geld nodig?

Lesing: OFFERBEREIDHEID

Vir die doel van hierdie bespreking sal die klem val op offergawes. Maandeliks sien ons die diaken as hy kom offergawes haal en feitlik met elke besoek vra hy ook dat die offergawes vermeerder moet word. Daarom kan ons tereg die vraag vra: Wat is hierdie offergawes en hoekom moet ek offergawes gee?

Om hierdie vraag te antwoord moet ons, net soos oor enige ander saak in die kerk, kyk wat sê die Bybel aangaande offergawes.

Betreffende die Ou Testament word daar dwarsdeur 'n tiende van 'n persoon se inkomste gevra. (Vergelyk Lev 27:32. "Wat betref al die tiendes van beeste en kleinvee ..."; Mal 3:10 "Bring die tiende na die skathuis ...") 'n Tiende van 'n persoon se inkomste moet dus aan die Here gegee word. Hierdie tiendes wat gegee is, moet ook gesien word as deel van die offerdiens in Israel; as offergawes wat na die heiligdom gebring moes word, selfs deur die armstes van die volk. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die offers nie gehaal is nie, maar dat dit gebring is na die heiligdom. Verder is dit ook belangrik om daarop te wys dat dit wat gebring word nie verwerplike of gebreklikes is nie. Daar was nie 'n gedagte om af te skeep nie. 'n Offer aan God was onbevlek.

Wanneer die Ou Testament tiendes vra, moet ons onthou dat daar 'n baie geldige rede was vir die vra van tiendes van al die inkomste as offergawes. Die stam Levi was die priesterlike stam. Hulle het geen grondbesit gehad nie. Hulle het net in die tempel dienste gelewer.

Daarom moes die res van Israel 'n tiende van hulle inkomste afstaan sodat die tempeldiens kon voortgaan.

In die Nuwe Testament word egter nie 'n tiende gevra nie, maar vrywillige offergawes uit dankbaarheid vir die een groot offer wat Christus aan die kruis gebring het, ter wille van ons sondes. (Vergelyk: Hand 20:35 "Deur my hele voorbeeld het ek vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help." Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang." 2 Kor 9:6 "Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.")

Deur die offer van Christus, kry die woord offer 'n diepe betekenis. 'n Bydrae kan jy gee sonder dat jy voel dat jy dit gegee het en sonder 'n diepe gevoel vir die saak of liggaam waarvoor jy dit gee. 'n Offergawe, daarenteen, sluit die gedagte van opoffering in. Dit gaan gepaard met die liefde van jou hart en jy gee sodat jy jouself in werklikheid te kort doen. Die offergawe kan ook nie losgemaak word van die geloof nie. Die offergawe wat ons gee is 'n teken van ons dankbaarheid vir die dinge wat ons elke dag ontvang, uit die hand van God. Hoe meer ons uit die hand van God ontvang, hoe meer moet ons uit dankbaarheid God dien, en hoe groter moet ons offer wees wat ons uit dankbaarheid bring.

Vir dit wat Christus vir ons aan die kruis op Golgota gedoen het, is die lof van ons lippe nie genoeg nie. Ons moet ook tasbare offers bring en hierdie offergawes moet nie so min as moontlik wees nie, maar inteendeel, so veel as moontlik. Ons moet offergawes offer namate ons voorspoed: 1 Korintiërs 16:2 "Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie."

'n Verdere saak waaraan ons moet aandag gee, is dat niemand ooit in die kerk van ons Here Jesus Christus gedwing sal word om te betaal nie, maar en dit is belangrik, elkeen wat homself 'n gelowige noem sal gedwing, aangevuur en aangespoor word deur sy geloof, om uit dankbaarheid – selfs in sy eie gebrek – sy dankoffer aan die Here te gee. 'n Offergawe is dus nie uit die oorvloed 'n krummeltjie nie, maar 'n deel van dit wat nodig is om van te lewe.

'n Belangrike saak wat ook hier genoem moet word, is die aanwending van hierdie offergawes. Die offergawes wat aan die diaken gegee word, word aangewend om die verskillende belange van 'n gemeente of die kerk te bevorder. Daaronder tel die traktement van die predikant,

die instandhouding van geboue en terreine en al die uitgawes wat elke dag ontstaan.

Daar is ook die verpligtinge in wyer kerklike verband. Die kerklike administrasie moet in stand gehou word. Hier kan ons ook byvoorbeeld noem die opleiding van predikante wat as herders en leraars in die verskillende gemeentes moet optree. Hierdie instelling en baie ander wat belangrik is, soos byvoorbeeld die weeshuis, ouetehuise, diens van barmhartigheid, evangelisasie en nog andere mag nie tot stilstand kom nie.

Die gemeente is geen geldsoekende instelling nie. Die gemeente samel maar net in wat gekry kan word by dankbare gelowiges; by hulle wie se harte oop is en wat dus nie hande kan toehou nie. Hulle wil ook die offerhandes bring namate God se seënende hand voorspoed verseker.

Daar bestaan 'n verband tussen 'n lidmaat se offergawe en sy dankbaarheid. Deur ons offergawes dank ons God vir sy liefde, vir sy versoening deur Christus Jesus, vir sy genadige sorg en troue leiding in die lewe en vir gesondheid en krag om die dagtaak elke dag te verrig.

Laat ons dit dan oordink, dat dit nie alleen ons plig is om van ons goed, die stoflike dinge, ruim en blymoedig te gee nie, maar dat dit veral 'n voorreg is om "met 'n volkome hart te gee en die Here met al ons goed te vereer wat tog alles van Hom kom." Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem om te gee, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief.

20 Proefhuwelik

SAAMGESTEL DEUR DS NH BUITENWEG

- *Kleingroepwerk*
  Die grootgroep word in kleingroepe ingedeel. Verkieslik seuns en dogters afsonderlik. (Om meer vrymoedigheid tot deelname in die gesprek in diepte te verkry.)
- 'n Uitdeelstuk word aan elkeen oorhandig.
- Elke lid van die groep beantwoord die vrae eers afsonderlik. (15 minute)
- Elke kleingroep behandel voorts die stuk gesamentlik. (10 minute)
- Intussen word uitdeelstuk van elkeen ingehandig en aan aanbieder besorg wat met behulp van ander leiers die antwoorde rangskik en onder hoofde programmeer.
- Grootgroep kom saam en die resultaat van die besinning word puntsgewys behandel.
- Die uitdeelstuk moet vrae bevat wat so opgestel is dat die onderwerp "die proefhuwelik" soos in die voordrag aangebied, reeds leiding gee aan gedagtewisselings. Ingesluit vind u 'n voorbeeld wat na u goeddunke aangevul en gewysig (verbeter) kan word.

UITDEELSTUK: DIE PROEFHUWELIK

1. Sou u sê: geslagsverkeer buite die huwelik is geregverdig:
   1.1 As 'n paartjie mekaar lankal ken en vas sleep?
   1.2 As so 'n paartjie se ekonomiese omstandighede nog geen sekuriteit tot 'n huwelik bied nie?
   1.3 As so 'n paartjie, wat ouderdom betref, al ryp en hubaar is?
2. Dink u dat die Heilige Skrif normatief is (uitspraak gee) oor die vraag of 'n proefhuwelik vandag toelaatbaar is of nie? Motiveer kortliks.
3. Egskeidings neem daagliks toe. Dink u 'n proefhuwelik sal:
   3.1 Die oorsake vir egskeidings verminder?
   3.2 Indien wel, is dit toe te skryf daaraan dat:
      3.2.1 'n ongehude paartjie meer openlik met mekaar sal wees in hulle gevoelens vir mekaar as getroudes?,

3.2.2 dat daar minder spanning sal wees omdat hulle geen verpligting teenoor mekaar het nie? of

3.2.3 hulle weet daar sal geen beslommernis van 'n hofgeding wees asook onkoste as hulle verhouding nie slaag nie?

4. Is genoemde argumente geregverdig as in ag geneem word:

4.1 dat 'n meisie haar maagdom prysgee?,

4.2 dat 'n jongman hoegenaamd geen verpligting het teenoor 'n meisie wat hy uit wellus geneem het, haar net so kan laat gaan en weer in 'n ander verhouding losbandig kan voortgaan? of

4.3 dat hierdie verhouding aanleiding kan gee tot die vernietiging van 'n volk, waar dit 'n kettingreaksie kan ontlok?

DIE PROEFHUWELIK

WAT IS DIE PROEFHUWELIK?

Dit wil 'n verhouding wees wat bestaan tussen 'n jongman en 'n jongmeisie soos dit bestaan in die huwelik, met slegs dié verskil dat hulle intieme verhouding, wat geslagsverkeer inhou, op 'n proefbasis geleef word. Geen van beide partye het wetlik-gesproke 'n verpligting teen die ander nie.

Die enigste rede wat aangevoer kan word waarom so 'n verhouding aanbeveel word, is, dat sou 'n paartjie ervaar dat hulle verhouding nie na wense is nie, hulle mekaar verveel, mekaar nie verstaan nie, mekaar afbreek of totaal misverstaan, dan kan elkeen maar weer sy koers gaan.

Voorstanders redeneer dan só, dat in 'n geval van wanaanpassing, hulle nie nodig het om mekaar te bedrieg nie, of kunsmatig maar met mekaar moet uithou nie. Sonder die aangaan van enige regskoste, kan hulle sonder die pyn en verdriet van 'n egskeiding maar uitmekaar gaan.

Is dit geoorloof?

Die beantwoording van hierdie vraag skep verwarring by die jongmens. Sommige keur die verhouding goed, en onder hulle is verteen-

woordigers van die Christelike kerk. Daar is teoloë wat beweer dat God se Woord geen beslissing hieroor gee nie, en dat daarom die saamwoon-verhouding nie blindweg verdoem kan word nie.

Daar is nie genoeg Skrifverwysings om die proefhuwelik af te keur nie. As 'n teoloog egter die opmerking maak dat in die boek Hooglied die seksuele omgang besing word tussen 'n ongetroude paartjie, asof Hooglied dan sanksie sou verleen aan so 'n saamwoon-verhouding ad infinitum, dan het hy in sy eksegetiese werk ongetwyfeld die pad byster geraak.

Dan is daar ook diegene wat vanuit die subjektiewe drange van die mens by volwassewording na hierdie verhouding kyk. Dan word psigiese spanninge wat tot allerhande frustrasies en obsessies kan ontwikkel, as maatstaf geneem om hierdie verhouding goed te praat. Dit is dan verkeerd om natuurlike drifte te onderdruk. As 'n paartjie nog nie in die huwelik kan tree nie omdat hulle nog nie genoeg sekuriteit het nie, of nog nie oud genoeg is nie en hulle gee vir mekaar om en hulle het mekaar lief, waarom kan hulle dan nie intussen saamwoon en so psigiese kalmte ondervind in plaas van seksuele frustrasies nie? Hierdie verhouding is tog in elk geval beter as losbandigheid. Die vraag word gestel, en dit nogal deur 'n kliniese sielkundige: Wat moet 'n jongman en veral 'n jongvrou intussen met hulle seksuele drange maak?

Die humanistiese en liberalistiese inslag is hier baie duidelik. En jy as jongmens wil vra: Maar wat is verkeerd daarmee? Is die mens dan nie met hierdie drifte geskape nie? Het die mens nie die reg om na die behoefte van sy liggaam te leef nie?

Ja, dit is so dat die mens met hierdie drange geskape is, maar het jy vergeet dat hierdie selfde mens nie aan die vereistes van sy Skepper, soos dit werklik vir hom bestem was om te belewe, kon voldoen nie, dat hy geval het in sonde en eiegeregtigheid? Ja, God hét die mens geskape om in die verrukking van eenwees en eenwording mekaar aan te vul, tot heiliging van Hom wat liefde is, maar dit was nie God se bedoeling dat hulle mekaar vernietig in selfsugtige en wellustige drange nie.

Op dit alles kan ons antwoord: Sieklike frustrasies en drange wat onbeheers word, kan tog nie as sanksionering en toelating vir 'n daad of optrede geld nie. Dan is die mens self máátstaf en die situasie waarin hy hom bevind, wét vir wat hy mag of nie mag nie. Dit is ook die oorsaak van al die sedeloosheid wat oor die wêreld spoel.

Die vraag is hier in hoeverre wil ons nog die opdrag tot selfbeheersing gehoorsaam waarvan ons oral in God se Woord verneem ... meer nog: dien die gawe van selfbeheersing nie veel meer tot die belewing

van psigiese kalmte nie, wanneer hierdie mens hom kan en wil laat lei na die wil van sy Skepper nie?

God se Woord en geslagtelike verkeer van ongehudes

Laat ons onbevange na sy Woord luister. Maar eers wil ons opmerk dat dit waar is dat ons geen direkte verwysing na so 'n saamwoonverhouding in die Skrif sal vind, wat dan afgekeur word nie. Die rede hiervoor is omdat die volk van Israel asook die Nuwe-Testamentiese gemeente, wat onder die wet van God geleef het, nog nie tot so 'n lae moraal gedaal het, waaruit so 'n verhouding ontwikkel het waaroor daar 'n direkte verbod uitgespreek moes word nie.

God het die mens man en vrou geskape. Die skeppingsverhaal stel dit baie duidelik. God het nie net twee geslagte geskape, mans en vrouens nie. "God het die méns geskape na sy beeld. Na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape." Hulle pas bymekaar ... natuurlik ook in hulle geslagtelike onderskeid ... maar méér nog, omdat hiérdie vrou, uit hiérdie man geneem is, as aanduiding van 'n diepere eenheid en intimiteit tussen hierdie twee mense.

Dwarsdeur God se Woord vind ons dat wanneer 'n jongman en 'n jongmeisie mekaar liefhet, trou hulle. Sekerlik was omstandighede veral met betrekking tot sosiaal-maatskaplike gebruike en wetlike aspekte toentertyd en by daardie volk heel anders as vandag by ons. Maar die vir alle tye geldige, was in wese dat daar in die huwelik uitgegee word. Enige ongebonde intieme verhoudinge soos hierdie proefhuwelik dit wil tussen 'n man en 'n meisie, en dan weer miskien later dieselfde man met 'n ander meisie ... en dit is waarop dit in die proefhuwelik eintlik ook neerkom, as die toets nie slaag nie ... is gesien as 'n vorm van hoerery.

'n Geslagtelike verhouding met 'n vrou sonder om met haar in die huwelik te tree, is ontering van die vrou.

Die maagdom van die vrou was 'n Godgegewe opdrag en heilig vir die volk. 'n Man word getug wat 'n verhouding met 'n jongmeisie het, en dan nie met haar wil trou nie. Hy is verplig om haar te neem en vir die res van haar lewe vir haar verantwoordelik te wees. As daar aan die ander kant aan 'n dogter geen maagdom gevind word nie, dan moet sy na haar vader se huis geneem word en daar moet sy gestenig word omdat sy 'n skandaal in Israel begaan het. "So moet die kwaad uit die midde van die volk uitgeroei word."

Buite-egtelike verhoudinge is nie toegelaat nie ... selfs "as 'n man 'n meisie kry en haar gryp en met haar gemeenskap het, dan moet hy met haar trou, hy mag haar nooit verstoot nie, solank as sy lewe, want hy het haar onteer." Hieruit is dit duidelik dat 'n intieme verhouding buite die huwelik vir die meisie ontering is.

Geld hierdie wette en sedes vandag nog in ons Christelike samelewing?

Die bewering word gemaak dat hierdie genoemde aanhalings of beskouings slegs vir Israel, en dan ook slegs vir daardie tyd geldig was. 'n Mens kan aanvaar dat strafmaatreëls verander het, maar moeilik is die argument te glo dat hierdie benadering wat uit die Ou Testament geneem is, niks met ons Christelike lewensbenadering vandag te doen het nie. Dikwels word na die veelwywery in die Bybel verwys om regverdiging te soek vir die opvatting dat die monogame huwelik vandag verby is. Dan word daar na die egskeidingsyfers gewys as fundering van 'n standpunt van positiewe beoordeling van 'n proefhuwelik.

Daarom is dit belangrik om die sienswyse van Jesus oor die verhouding tussen man en vrou in oënskou te neem. Oor die vraag met betrekking tot die egskeiding (een van die groot redes waarom "saamwoon" aanbeveel word), sien ons dat Jesus teruggryp na die situasie vóór die sondeval, na wat Gód dus beoog het met hierdie verhouding, en dat dit dus 'n saak van die Skepper is. Van die begin af het God hulle man én vrou geskape. Jesus sien wel die interimperiode tussen sondeval en verlossing raak, en hou rekening met die sondige wat in hierdie verhouding gekom het, maar die uitvaagsels van immoraliteit mag nie vanweë die sondigheid en swakhede van die mens goedgepraat of geregverdig word en praktyk gemaak word nie.

Ook in die Nuwe Testament geld die orde dat daar geen geslagtelike verkeer buite die huwelik sal wees nie. (Vgl Josef se besluit om sy verbintenis met Maria te verbreek.)

Die sewende gebod verbied hierdie verhouding, en die wet van God is nie deur Jesus ongeldig verklaar nie. Net so min as wat iemand uit die egtelike verbintenis mag uitbreek, net so min mag iemand van buite af inbreek.

Elkeen moet heilig en eerbaar met sy vrou lewe (1 Tes 4:5). As daar ongetroudes is wat "nie in onthouding kan lewe nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word" (1 Kor

7:8 en 9). As 'n man nie trou nie, handel hy onbehoorlik met sy meisie wanneer daar intieme geslagsverkeer is (1 Kor 7:36). Seksuele losbandigheid is 'n gruwel vir die Here.

Ongeldigheid van argumente ten gunste van die proefhuwelik

- Vrees vir 'n egskeiding as die verhouding nie slaag nie. "Werk dinge nie uit nie, staan dit die een vry om te loop sonder die beslommernis en hartseer van 'n skeisaak," aldus een van die jongmense. Dit is 'n illusie, want hartseer sal daar wees, en baie erger, met ernstiger gevolge. Dis nie die egskeiding wat hartseer bring nie, maar die skok van verlate wees, eensaam wees, verpletter wees nog vóór daar besluit is om te skei. In die proefhuwelik, meisie, gaan jy dit ook kry, en dan met die ontnugterende smart oor jou dwaasheid dat jy jou laat gebruik het.
- Uitskakeling van onnodige koste as die verhouding nie slaag nie ...

  Dit sal 'n jammerlike toestand word as die dogters van 'n volk slegs om finansiële oorwegings nie in die huwelik wil tree nie, ingeval van 'n moontlike egskeiding. Die huwelik sal hulle juis beskerm teen jagters wat hulle verlusting in elke prooi wat hulle neervel. Die gereg is daar om moeder en kind te beskerm.
- Die nadelige effekte van die onderdrukking van seksuele drange. Basies gaan dit hier om twee sake:
  - Om onbelemmerde bevrediging te vind van sogenaamde "natuurlike drifte." Hierdie natuurlike drange of drifte is niks anders as 'n tipe van dierlike instink wat in die mens oorhand kry nie. Die mens is na die beeld van God geskape, in ware kennis van God, en die mens het God se Woord om hom te lei, God sélf om hom te bewaar, om in gehoorsaamheid selfbeheersing aan die dag te lê. Laat jou liewer aanspreek deur God se wet: "Jy mag nie begeer nie", en verwerp pornografiese literatuur en aanbiedinge, dan sal jou drange jou nie verteer nie.
  - Om die verhouding gesanksioneer te kry en deur die samelewing aanvaar te kry.
- Dit is uitgediende konvensie wat die mens laat skuldig staan, as losbandige in die samelewing, terwyl dit maar net 'n natuurlike proses is.

  As ons luister na hoe God die mens geskape het, dan is dít juis die natuurlike, dat vir elke man, sý vrou geskape is. Die mens se natuur is nie soos die dier se instink nie. As konvensies die dierlike in die

mens beveg, dan is hulle nie uitgedien nie. Die mislukking van 'n huwelik is die gevolg van die weiering van die mens om hom te laat vorm deur gehoorsaamheid aan God. Hierdie ongehoorsaamheid verbreek ook die proefhuwelik.

Wat daarvan as daar 'n kindjie aan die kom is? Hierop antwoord 'n voorstander van die proefhuwelik: Sodra daar 'n kind aan die kom is, of gebore word, moet 'n mens trou.

En wat dan as die man die verhouding nou verbreek en geen verantwoordelikheid wil aanvaar nie?

Waarom wil jy saamwoon?

Die wesenlike en werklike rede waarom 'n paartjie wil saamwoon, is omdat hulle die genot van seks wil hê, maar nie die verantwoordelikheid van ware liefde wil dra nie. Daarom lê daar langs hierdie pad talle menslike wrakke ... meisies wat vermink is, wat rein en mooi was, maar nou gebruik. Meisies wat die mooiste en skoonste ideale gekoester het vanweë 'n ontwakende liefde, maar ontnugter en geknak is en selfverwytend die las moet dra van skending van God se volmaakte skeppende werk ... en dit deur toedoen van hulle eie wellus.

Meisie, jy wil sê niemand ken die opregtheid en diepte en reinheid van jou liefde nie ... niemand het so lief soos jy nie? Jy wil sê: Niemand kan my voorskryf nie ... dis my gevoel ... ek is net 'n volmaakte vrou, geskape om te gee! Om te gee? Vir wie? Die een wat jy liefhet, of wat jou gebruik?

Meisie, jy wil sê: Wie praat van seerkry of verminking? Is liefde nie die hoogste offer nie? Mag ek dan nie die mooiste van my lewe gee nie? Mag ek nie deel in die lushof van liefde en oorgawe nie ... en ervaar hoe ander my fladderende jeugdigheid, my sagte skoonheid, soos dié van 'n flinder, geniet nie? Mag ek dan nie die vreugde smaak wanneer ek ander sien, gevang in die betowering van my skoonheid nie? Is daar iets mooier as 'n vlinder?

Meisie vra liewer: Wat beteken my maagdelike reinheid? Is dit iets só kosbaars? Is dit onvervangbaar? ... as ek waag en ek verloor, kan ek die kwaad herstel, of word ek gewond tot in my siel? Sal ek met net 'n vretende gewete agterbly ... alleen, bitter verlore?

Meisie, jy verloor niks as jy jou maagdelike skoonheid in jou liefdespel met jou geliefde behou nie. Inteendeel, jy het gewen wanneer dié oomblik aanbreek dat jy in vertroue jou hand aan jou geliefde in die huwelik wil gee, omdat jy weet jy het hom lief, en jy sal aan hom getrou bly, en hom in alles kan bystaan.

En jy, jongman, jy wil 'n meisie hê, rein en skoon, jy wil oor haar droom om haar eendag as bruid beskermend saam met jou die lewe deur te dra? Of wil jy sê: Wie praat van selfbeheersing? Waarom kodes en sedes wat met my natuurlike drifte bots? Waarom kan ek nie vrye teuels gee aan my drange nie? Wie sê vrye seks is ontug? Is jy so verhard, dat jy nie meer jou vuilspel opmerk nie, dat jy nie meer aanvoel dat jy iets teer en kosbaar, wat tot in die siel van jou geliefde gewortel is, vertrap het nie?

So spreek die Here

Gehoorsame luister na God, in die vertroue dat daarin lewe is, deur geloof in Hom wat vir ons gesterf het, lewe na sy welbehae, waarin dankbaar en bly gesoek word na die dinge wat ewige waarde het, waar net bedink word dié dinge wat rein is, edel is en mooi is, is nie die oorsaak van allerlei spanninge en frustrasies nie, omdat dit die onderdrukking van natuurlike drange is nie. Inteendeel werk dit 'n núwe mens in jou, wat dankbaar die vreugde beleef van sy gemeenskap met God die Vader. Wat wel spanning en frustrasie meebring, is die wete dat jy nie wou hoor wat die Here spreek nie. Want dít is die basiese oortreding in 'n proefhuwelik: Jy het nie ag geslaan op die Woord van die Here nie.

21 Seks – wanneer is dit sonde?

SAAMGESTEL DEUR DS HJ BOTES

DOEL

Na afloop van die program sal elke deelnemer in staat wees om in sy eie woorde te kan weergee wat vrye liefde is; wat die Bybel daaromtrent sê; en wat die gevolge is van so 'n permissiewe lewensbeskouing.

Deelnemers sal na dese ook groter helderheid hê oor die feit dat te hartstogtelike verhoudings 'n versoeking tot voorhuwelikse seks is.

HULPMIDDELS

1. 'n Swartbord of blaaibord.
2. Vraelyste wat na afloop van die bespreking aan elke deelnemer uitgedeel word.

LOKAALINRIGTING

Hou die byeenkoms in 'n ruimte waar die teenwoordiges in groepe van nie meer as agt per groep nie om 'n tafel kan sit, sodat hulle die spreker kan sien.

METODE VAN AANBIEDING

1. 'n Aangewese persoon, wat die kursusleier is, bied die inhoudelike deel van die program aan (45 minute).
2. Die jongmense sit in groepe dwarsdeur die aanbieding van die hele program.
3. Na afloop van die lesing vul die deelnemers indiwidueel die vraelys in (10 minute), waarna hulle dit in die kleingroepe bespreek (20 minute).

4. Vervolgens rapporteer die groepe terug (by monde van 'n aangewese groepleier), terwyl die kursusleier die antwoorde op die blaaibord of swartbord neerskryf. (15 minute)
5. Evaluering in die grootgroep geskied na aanleiding van die antwoorde wat van die kleingroepe ontvang is.

VERLOOP VAN PROGRAM

1. Skriflesing uit 1 Korintiërs 6:12–20.
2. Gebed.
3. Sang, byvoorbeeld Psalm 25:2.
4. Lesing.
5. Indiwiduele invul van vraelyste.
6. Bespreking in die kleingroep.
7. Terugvoering in die grootgroep.
8. Evaluasie van antwoorde.
9. Afsluiting met gebed en sang.

Lesing: SEKS – WANNEER IS DIT SONDE?

1. Inleiding

Baie jongmense worstel met die vraag: Is voorhuwelikse geslagsomgang toelaatbaar of nie? In hierdie lesing gaan nou gepoog word om die saak en aanverwante aspekte daarvan openhartig te bespreek. Ten eerste word die hele saak van voorhuwelikse geslagsomgang bespreek.

1.1 Wat is voorhuwelikse geslagsomgang?

Die vraag word kernagtig omskrywe aan die hand van 'n definisie: Voorhuwelikse geslagsomgang is die nie-diskriminerende seksuele verbintenis met iemand van die teenoorgestelde geslag, sonder dat beide getroud is.

1.2 Die Christelike opvatting ten opsigte van voorhuwelikse geslagsomgang

Volgens Christelike beginsels is voorhuwelikse omgang die uitvloeisel van die groeiende permissiwiteit wat op seksuele gebied regoor die

wêreld voorkom, en wat teen die grein ingaan van wat die Bybel hieroor leer. Vir die Christen is die Bybel (volgens Calvinistiese opvattinge), die hoogste maatstaf vir leer en lewe.

1.3 Wat sê die Bybel oor seks?

Dit moet baie duidelik gestel word dat die Bybel seksuele gemeenskap nie afkeur nie. Trouens die Bybel leer dat seksuele gemeenskap tussen man en vrou reg is. (Gen 2:24). As sodanige kan gestel word dat die seksuele eienskappe en vermoëns van die mens 'n gawe van God aan die mens, en daarom ook aan die Christengelowige is. *Hierdie beskouing van die Bybel omtrent die seksuele geld egter net binne huweliksverband.* Dit wil sê volgens God se Woord mag net 'n getroude egpaar, en 'n getroude egpaar alleen, met mekaar seksuele gemeenskap beoefen. Op grond hiervan is dit duidelik dat die Bybel voorhuwelikse geslagsomgang afwys, en aandui as 'n vorm van hoerery. (Spr 5, 6, 7, 9; 1 Tes 4:3–5; 1 Kor 5:1–13). Nou is dit so dat die Bybel hoerery ten strengste verbied, iets waarvan elke Christenjongmens moet kennis neem. Want, volgens die Christelike geloof moet die Christen só leef soos God hom deur sy Woord gebied. Dit beteken dat as die Bybel voorhuwelikse seks verbied, moet die Christen dit gehoorsaam, en nie vrye liefde beoefen nie.

1.4 Wat is die gevolge van voorhuwelikse seksuele gemeenskap?

Nie-teologiese studies uitgevoer oor die saak, toon dat voorhuwelikse seksuele gemeenskap meer nadele inhou as voordele, wat baie te sê is vir die Christelike leer in die verband. In gids 5 van Huweliksvoorligting en -beraad, Unisa, word die volgende betekenisvolle opmerking gemaak: "Daar is eintlik baie min intelligente redenasies wat ten gunste van voorhuwelikse geslagsomgang aangevoer kan word."

1.4.1 NEGATIEWE GEVOLGE VAN VOORHUWELIKSE SEKSUELE OMGANG

- *Voorhuwelikse seksuele gemeenskap het dikwels 'n ongewenste swangerskap tot gevolg.* "Hieruit volg dikwels 'n oorhaastige huwelik, wat vir die latere huwelikslewe geensins bevorderlik is nie."
- *Voorhuwelikse gemeenskap is gewoonlik skadelik vir die meisie* daarby betrokke, omdat die daad dikwels teen haar beterwete plaasvind in sekuriteitslose omstandighede. PS Dreyer maak in die verband die

volgende opmerking: "Die vrou wat haar maagdskap verloor is nooit weer dieselfde nie. Wanneer sy dit in onwettige verhoudings moet verloor, gee dit haar 'n letsel waarvan sy nooit genees nie."

Derek Llewellyn Jones stel dit so: "Baie huweliksraadgewers, sielkundiges en ander persone wat in helpende verhouding staan tot die mens in sy nood, kan voorbeelde aanhaal wat aandui dat 'n permissiewe geslagslewe vir enige mens groot risiko inhou. Hierdie risiko's het nie net betrekking op die godsdienstige dimensie waar groot skuldgevoelens ontstaan nie, maar ook *op psigiese vlak* waar identiteitsverlies een van die ernstigste komplikasies is. 'n Jong dame wat met tientalle jongmans geslagsverkeer gehad het, kan nooit weer daarna die stukke van haar vernietigde identiteit aanmekaarheg nie. Wat die sielkundige effek van voorhuwelikse gemeenskap is op die beoefenaars daarvan, behoort van die kant van die sielkundiges, huweliksvoorligters – en beraders meer aandag te kry.

- Soos reeds genoem, skep *voorhuwelikse geslagsomgang 'n geweldige skuldkompleks* by persone wat godsdienstig opgevoed is. Hierdie skuldkompleks kan 'n vrou, aldus Werniche: "Koud laat ontwikkel teenoor haar man. Dit kan ten slotte op 'n egskeiding uitloop."
- *Voorhuwelikse seks het ook 'n negatiewe effek op die huwelikslewe van die beoefenaars daarvan.* Selfs wanneer 'n man en 'n meisie met mekaar omgang het vóór die huwelik, wek dit dikwels agterdog jeens mekaar as hulle eers getroud is. In baie gevalle redeneer sulke jongmense: As hy of sy bereid was om met my 'n voorhuwelikse seksuele verhouding aan te geknoop het, wat se sekuriteit het ek dat hy of sy dit nie ook met iemand anders gedoen het nie, of sal doen nie?

  Die probeem verdiep wanneer die man of vrou vóór hulle huwelik inderdaad met iemand anders sodanige verhouding gehad het. Die gevolge hiervan is dikwels 'n verterende gevoel van jaloesie wat soms rampspoedig kan wees vir die huwelik.
- Voorhuwelikse seks kan dikwels geslagsiektes veroorsaak, met wrange gevolge vir die beoefenaars daarvan.

2. Hoe ver kan ons gaan in ons verhouding?

Soos aangedui in die voorafgaande gedeelte, is seks 'n gawe van God. As sodanig kan 'n mens beweer dat die seksdrang by 'n jongmens, waarvan 'n mens soms vroeg al in jou lewe bewus word, 'n skepping van God is. En elke jongmens moet weet dat die seksdrang waarmee God 'n mens geskape het, normaal is. Boshoff sê tereg: "Net soos die

hongerdrang of dors wat in jou ontwikkel normaal is; so is ook jou geslagsdrang nie vuil en abnormaal nie." Die duiwel wil egter hê dat die seksdrang wat God goed en mooi geskape het, vuil en banaal sal word deur dit sondig en onbeheersd te laat botvier. Vanweë die sonde is daar dan ook soveel seksuele perversiteite en immorele handelinge.

Wanneer 'n man en meisie aangetrokke tot mekaar voel, en daar vind liggaamlike kontak tussen hulle twee plaas, sal daar wedersyds 'n seksuele opwelling beleef word, wat 'n wonderlike ervaring is. As dié kontak nie beheer word nie, en te intiem raak, begin die ingeskape seksuele drang so sterk word dat dit onvermydelik op voorhuwelikse seks uitloop, met al die nare gevolge wat daarop volg.

Om dit te vermy, moet 'n mens se liefkosings nie so hartstogtelik word dat jy jouself en jou maat se uithouvermoë tart nie. Om te kan waak teen voorhuwelikse omgang, moet 'n mens jou eie liggaam ken en bewus wees daarvan dat sekere dele van 'n mens se liggaam eroties of geslagssensitief is. Boshoff sê dat die belangrikste erotiese dele van jou liggaam ... "is jou lippe, nek, bobene, die meisie se borste en natuurlik die uitwendige geslagsorgane."

As 'n man en meisie hierdie dele van mekaar, veral die meisie se borste, en beide se geslagsorgane stimuleer, kan dit geweldige emosies ontketen wat later nie meer onder bedwang gehou kan word nie. En so gebeur dit dat die geslagsdaad, gereserveer vir die huwelik; waar dit die skoonste en wonderlikste geleentheid vir die betoning van liefde is; in 'n sekuriteitsvolle atmosfeer voltrek; 'n frustrerende en onvergenoegde ervaring word met baie smartlike gevolge.

Die gelowige jongmens wat gehoorsaam is aan die Bybel se eis: Vlug vir hoerery! ... sal plekke en geleenthede wat lei tot onbeheerste liefkosings vermy. 'n Man en meisie moet weet dat ons nie aan onsself behoort nie maar aan God (1 Kor 6:19), en juis daarom hulleself nie goedkoop maak deur wellus op te wek en summier toe te gee aan die onbehoorlike eise van iemand anders nie.

Daar is baie selfsugtige jongmans en immorele meisies wat gewetenloos 'n maat soek om net liggaamlik te gebruik, om maar net daarna die rug op die misbruikte persoon te draai ... op soek na 'n ander prooi. As die een die ander werklik respekteer, sal beide werklik probeer om mekaar se uithouvermoë nie tot die uiterste te beproef nie.

Gini Andrews stel die saak van selfbeheersing soos volg: "Moenie toelaat dat jy in 'n situasie beland wat jou hormone só laat gaan dat jy niks, en veral die stil stem van God, kan hoor nie ... God het jou as menslike wese, 'n wonderlike wese gemaak wat net soos die res van sy

skepsels onderworpe is aan die wette wat sy heelal regeer. 'n Mens hou nie 'n magneet naby 'n kopspeld en verwag dat die speld sal padgee nie. Net so kan jy nie toelaat dat jy in 'n situasie beland waar die aantrekkingskrag van seks oorweldigend word nie, en dan as jy nie die versoekinge kan weerstaan nie, agterna God verwyt vir die ingeskape seksdrange in jou nie.

Net in gehoorsaamheid aan God en met vertroue op sy bystand kan jongmense kuis bly tot op hulle troudag.

VRAELYS

INDIWIDUEEL			SPAN	
ONWAAR	WAAR		ONWAAR	WAAR
		1. Seks is sonde. (motiveer jou antwoord)		
		2. Voorhuwelikse seks is hoerery.		
		3. Voorhuwelikse seks is nadelig vir die beoefenaar daarvan. Indien antwoord "waar" is, noem 5 nadele op. (1) ..... (2) ..... (3) ..... (4) ..... (5)		
		4. Liefkosings tussen 'n man en 'n meisie is verkeerd.		
		5. Liefkosings tussen 'n man en 'n meisie wat hande uitruk kan lei tot seksuele omgang.		
		6. Baie keer word 'n persoon onder die dekmantel van liefde deur 'n ander een seksueel misbruik.		
		7. Seks het alleen in die huwelik 'n diepe, blywende betekenis.		
		8. 'n Jongmens kan op eie krag weerstand bied teen seksuele versoekings.		

22 Sonde en sy gevolge

SAAMGESTEL DEUR DS RTI PIENAAR

DOEL

Om die jongmense te laat verstaan wat die oorsprong, wese en gevolge van die sonde is.

VOORBEREIDING

- Reël met 'n predikant om die Bybelstudie waar te neem.
- Dupliseer genoeg eksemplare van die vrae *(Bylae 1)*.
- Dupliseer genoeg eksemplare van die antwoorde en gevolgtrekkings.
- Hulpmiddels: genoeg Bybels. Ekstra pennne of potlode. Oorhoofse projektor met doek. Transparante waarop antwoorde en gevolgtrekkings is.
- Lokaalinrigting: genoeg tafels en stoele wat in groepe gerangskik is vir groepe van 5 tot 7.

VERLOOP VAN PROGRAM

- Plasing van groepe.
- Open met Skriflesing en gebed.
- Deel die vrae oor die Bybelgedeeltes *(Bylae 1)* uit. Die vrae word indiwidueel beantwoord (15–20 minute) en daarna word eenstemmigheid verkry in die kleingroepe (10–15 minute).
- Daarna vind terugrapportering in die grootgroep plaas met kontrole en gevolgtrekking oor elke afdeling deur die programleier (20–30 minute). Hiervoor word 'n oorhoofse projektor gebruik.
- Die antwoorde en gevolgtrekkings word aan lede uitgedeel vir latere kontrole en studie.

BYLAE 1

A. *Was daar van die begin af sprake van sonde?*
Lees Genesis 1:26–31 en Genesis 2:4–25 en beantwoord die volgende vrae.

1. Vers 27: Hoe het God die mens geskape?
2. Vers 31: Hoe het God geoordeel oor dit wat Hy gemaak het?
3. Vers 8: Waar het God vir die mens 'n plek gegee?
4. Vers 9: Hoe het die bome daaruit gesien?
5. Vers 10: Was daar water waardeur mens en plant gevoed kon word?
6. Vers 12: Word hier iets waardevols genoem?
7. Vers 15: Hoekom is die mens in die tuin van Eden gestel?
8. Vers 16: Watter vryheid is aan die mens gegee?
9. Vers 17: Watter voorwaarde word gestel aan hierdie vryheid van vers 16?
10. Vers 18: Het God aan die eensaamheid van die mens gedink?
11. Vers 25: Het die man en vrou hulle geskaam oor hulle naaktheid?

B. *Die oorsprong en wese van die sonde:*
Lees Genesis 3:1–6 en beantwoord die volgende vrae.

1. Vers 1: Wie het Eva versoek?
2. Vers 4: Wat het die slang anders gesê as wat God in vers 3 gesê het?
3. Vers 5: Die mens het geen kwaad of goed geken nie maar God het wel. Wat is die versoeking wat die slang vir Eva gestel het?
4. Vers 6: Het die mens gehou by die voorwaarde wat gestel is in Genesis 2:17?

C. *Die gevolge van die sonde:*
Lees Genesis 3:7–24 en beantwoord die volgende vrae.

1. Vers 7: Wat het die mens nou met sy naaktheid gedoen?
2. Vers 8: Het die mens nog met vrymoedigheid voor die aangesig van God verskyn?
3. Vers 11: Hoe het die mens bewus geword van sy naaktheid? (Met ander woorde hoe het hy bewus geword van goed en kwaad)?
4. Vers 14: Hoe oordeel God oor die slang?

5. Vers 16: Hoe oordeel God oor die vrou?
6. Vers 17: Hoe beïnvloed die sondeval die skepping?
7. Vers 19: Hoe oordeel God oor die mens?
8. Vers 22: Wat was die sondeval volgens hierdie vers?
9. Vers 23: Wat het God ten laaste gedoen?

BYLAE 2

A. *Was daar van die begin af sprake van sonde?*

Antwoorde

1. Na die beeld van God.
2. Dit was baie goed.
3. In 'n tuin in Eden.
4. Begeerlik om te sien en goed om van te eet.
5. Ja, daar was 'n rivier.
6. Ja, goud, balsemgom en oniksteen.
7. Om dit te bewerk en te bewaak.
8. Van al die bome van die tuin mag hy vry eet.
9. Van die boom van die kennis van goed en kwaad mag hy nie eet nie.
10. Ja, Hy het vir die mens 'n hulp gemaak.
11. Nee.

GEVOLGTREKKING

In Genesis 1 en 2 kry ons inligting oor 'n kort of lang periode van die menslike volmaaktheid en saligheid in die tuin van Eden. Ons sien dit ook in die woorde: Dat God die mens goed geskape het. Die geloofsleer sê: In ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kan ken, Hom van harte kan liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kan lewe. Die mens het die ideale toestand gehad. Hy het die vryheid tot gemeenskap met God en mekaar gehad. Daar was genoeg kos, water, goud, balsemgom en oniksteen. Die mens het geen kennis van goed en kwaad gehad nie en daarom het hulle hulle nie geskaam oor naaktheid nie. Al voorwaarde wat aan die mens gestel is, is dat hy sy vryheid in hierdie ideale plek moet beoefen in gehoorsaamheid aan die wil van

God. En daarom die bepaling om nie te eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. God het die mens alles gegee om waarlik gelukkig te wees. Dit doen Hy in sy heilige liefde – daar was nie sprake van sonde of ellende nie.

B. *Die oorsprong en wese van die sonde*

Antwoorde

1. Die slang.
2. Hulle sal gewis nie sterwe as hulle van die verbode boom eet nie.
3. As hulle van die boom eet, sal hulle oë oopgaan en hulle sal soos God wees deur goed en kwaad te ken.
4. Nee, hulle het van die vrugte van die boom geëet.

GEVOLGTREKKING

Die slang (Satan) maak die mens wys dat alles wat God hom gegee het nie genoeg is nie. Hy lei die mens in die versoeking om ook ontslae te raak van die beperking. Die mens kon self soos God wees deur kennis van goed en kwaad te hê. Op 'n baie listige manier wek die slang die begeerte by die mens om teen God in opstand te kom. Hy bring hulle onder die valse voorwendsel dat hulle oë sal oopgaan en dat hulle soos God sal word sonder om werklik die implikasie weer te gee. Hy maak God tot leuenaar. Die wese van die sonde is dus dat die gehoorsaamheid aan God te veel gevra is – die mens wou self God wees. Sonde is die misbruik van die vryheid wat God die mens gun. Van die mens is gevra om in gehoorsaamheid sy bestaan te vind in die liefde van God. Sonde is die weiering om sy bestaan daarin te soek. Sonde is dus om net soos Satan, ongehoorsaam aan God te wees, teen God in opstand te kom en self te probeer om God te word of om kennis van God se plan te hê.

C. *Die gevolge van die sonde*

Antwoorde

1. Hulle het hulle naaktheid bedek.
2. Nee, hulle het weggekruip.
3. Hy het geëet van die boom wat God hulle verbied het.
4. Hy is vervloek. Hy sal op sy buik seil en stof eet.

5. Die vrou sal moeitevolle swangerskap hê. Die man sal oor haar heers.
6. Die aarde is vervloek om die mens se ontwil.
7. In die sweet van sy aangesig sal hy sy brood eet.
8. Hy het soos God geword deur goed en kwaad te ken.
9. Die mens word uit die tuin van Eden gestuur.

GEVOLGTREKKING

Die gevolge van die sondeval is te groot om te beskryf. Ons kan dit egter saamvat.

Die gemeenskap met God word verbreek. Die mens kruip weg. Die ideale toestand waar daar geen sprake was van sonde en ellende nie, word die mens ontsê. Voortaan sal hy altyd onderhewig wees aan die versoeking om soos God self te wees. Deurdat die mens nou kennis het van goed en kwaad – beteken dit nie soos die slang bedoel het, heerlikheid nie, maar beteken dit eerder 'n besef van skuld en sonde. Daarom verdwyn hulle skaamteloosheid, hulle is bang vir God. In die plek van menslike volmaaktheid en saligheid kom skuld, vreemdheid, haat, oordeel, dood, ensovoorts.

Omdat die slang die mens versoek het, oordeel God die slang. Maar omdat die mens aan die versoeking toegegee het, is hy ook skuldig en daarom oordeel God oor man en vrou. God laat die sonde nie ongestraf nie, Hy veroordeel dit.

23 Verhouding tot andertaliges en -kleuriges

SAAMGESTEL DEUR DS HJ BOTES

DOEL

Na afloop van die program sal elke deelnemer in staat wees om in sy eie woorde te kan weergee wie die Afrikanervolk is, hoekom die volk homself moet handhaaf en wat 'n Afrikaner se houding teenoor andertaliges en volke in Suid-Afrika moet wees.

HULPMIDDELS

- 'n Blaaibord.
- Vraelyste wat na afloop van die bespreking uitgedeel word.
- 'n Oorhoofse projektor.

LOKAALINRIGTING

Die jeuggroep sit in spanne van nie meer as agt per span om tafels, op so 'n wyse dat hulle die verrigtinge met gemak kan waarneem.

METODE VAN AANBIEDING

- Die inhoudelike deel van die program word aangebied met behulp van 'n transparant waarop die hoofpunte van die lesing aangebied word (30 minute).
- Vervolgens word die vraelyste indiwidueel ingevul (10 minute), daarna word dit in spanverband gedoen (10 minute).
- Nou rapporteer elke spanleier beurtelings terug in die grootgroep terwyl dié antwoord op die blaaibord neergeskryf word (10 minute).
- Oor die antwoorde waar meningsverskil bestaan, word vervolgens debat gevoer deur die partye wat verskil.
- Ten slotte evalueer die kursusleier die bespreking en antwoorde en gee 'n kort samevatting.

VERLOOP VAN DIE PROGRAM

- Skriflesing.
- Gebed.
- Sang.
- Lesing.
- Vraelyste word indiwidueel ingevul.
- Vraelyste word deur spanne bespreek en voltooi.
- Terugrapportering in grootgroep.
- Debatvoering oor verskilpunte.
- Evaluasie en samevatting.

VERHOUDING TOT ANDERTALIGES EN -KLEURIGES

INHOUD

1. Hoe ontstaan 'n volk?

As Christene behoort ons tot die Afrikanervolk. Alvorens ons na die Afrikaner as volk kyk, moet ons die vraag beantwoord: Hoe ontstaan 'n volk? Kortliks kan 'n mens hierop soos volg antwoord: 'n Volk ontstaan wanneer 'n aantal mense van albei geslagte en van alle ouderdomme onder geïsoleerde omstandighede so lank saam 'n aparte bestaan gevoer het, dat hulle hulself as 'n afsonderlike eenheid begin beskou en 'n afsonderlike lewenstyl (kultuur) begin ontwikkel het.

2. Wat is die kenmerk van 'n volk?

Die volgende kenmerke word kortliks genoem:

- 'n Volk het 'n eie moedertaal en praat dit.
- 'n Volk het 'n nasionale gevoel, dit beteken dat 'n volk trots is op hulle bestaan en besondere eienskappe wat te onderskei is van ander volke.
- 'n Volk het gemeenskaplike oortuigings op sedelike en godsdienstige gebied.
- 'n Volk het 'n geskiedenis, dit wil sê 'n gemeenskaplike herinnering aan die historiese lotgevalle van die volk.

- 'n Volk het bepaalde ideale.
- 'n Volk se lede het 'n gevoel van lotsverbondenheid.
- 'n Volk het 'n vaderland; as dit nie die geval is nie kan so 'n volk wegkwyn.
- 'n Volk het 'n eiesoortige rasse-identiteit, dit wil sê 'n volk behoort tot 'n bepaalde ras of rassesamestelling.

Opmerking: Wesenlik is 'n volk dus 'n geestesverskynsel omdat 'n volk se innerlike waardes en kultuur bepaal waarvolgens 'n volk leef; asmede die feit dat 'n volk tot 'n bepaalde mensesoort of ras behoort, waardeur uiterlike voorkoms 'n herkenbare eie trek verteenwoordig.

3. Hoe het die Afrikanervolk ontstaan?

Sedert die volksplanting in 1652 het daar 'n samegroeiing van Blanke Europese koloniste plaasgevind sodat uit hierdie westerse volke, behorende tot die kaukasiese ras, 'n nuwe volk ontstaan het. Die samegroeiing tussen die Europese volke moes skynbaar teen die begin van die agtiende eeu alreeds voltooi gewees het, want in 1707 het Hendrik Bibow reeds verklaar: "Ik ben een Afrikaner."

4. Kenmerke van die Afrikanervolk

- Die Afrikanervolk behoort tot die kaukasiese ras, dus is 'n Afrikaner 'n Witmens.
- Die Afrikaner se taal is Afrikaans.
- Die Afrikaner se land is Suid-Afrika.
- Die Afrikaner is van sy geboorte-uur af 'n Christelik-Calvinistiese volk.
- Die Afrikaner se kultuur is die van die Christenwesterling wat 'n besondere eie karakter en aard gekry het met die verloop van sy wedervaringe en stryd in Afrika, soos verklank deur sy geskiedenis.

5. Die bestaan van die Afrikaner

As gelowiges glo ons dat die bestaan van verskillende volke op aarde die wil van God is, so ook die bestaan van die Afrikanervolk. Dus, ons

hoef nie verskoning te vra vir die bestaan van ons volk nie. Trouens, ons moet God dank vir die ruimte van 'n volk waarbinne ons as enkelinge mag leef tussen ons "eie mense." Iemand het eenmaal gesê 'n mens se enigste reg is om verlengstuk van jou verlede te wees. Dit beteken dat 'n mens jou identiteit mag handhaaf, dis immers 'n gegewene van God. Daarom is dit ook nie sonde om trots te wees op jou volk se eie aard nie.

As Christenvolk moet ons gelowig aanvaar dat die Afrikanervolk 'n roepingstaak hier in sy vaderland het, wat in die eerste plek beteken dat ons met ons lewe, ons werke en ons totale optrede God se Woord sal vergestalt voor die oë van alle mense in hierdie land. As gelowige volk wat God se wil moet doen, moet ons ons verset teen die Godloënende magte van die wêreld terwyl ons reg en geregtigheid aan almal sal laat geskied.

6. Ons verhouding tot andertaliges en -kleuriges

Dit is 'n klipharde feit dat ons in hierdie land tussen verskillende ander volke en gemeenskappe moet leef. Daar is byvoorbeeld die verskillende Nie-Blanke volke of gemeenskappe en andertalige Blankes wie se kulture verskillend is van die Afrikaner.

Nou is die vraag hoe moet ons teen hulle optree? In die verband word die volgende riglyne genoem.

6.1 Ons moet dié nie-Afrikaners alles gun wat ons vir onsself opeis, sonder om ons eie identiteit en volkskarakter prys te gee.
6.2 Wanneer ons met die mense praat of met hulle kontak maak, moet ons ordentlik soos Christene teenoor hulle optree.
6.3 Ons moet voorts hulle menswaardigheid, as unieke en eiesoortige volke en groepe erken.
6.4 Ons moet ook as Christenvolk hulle nie uitbuit, verneder of onregverdig behandel nie.
6.5 Deurgaans moet ons aan hulle ons Christelike geloof voorleef en die evangelie aan die wat ongekersten is, verkondig.
6.6 Ons mag nooit verwaand wees nie. Alhoewel ons trots op ons eie is; dit koester en bewaar, mag ons nooit die houding inneem dat net ons volk 'n bestaansreg het nie.

SLOTOPMERKING

Terwyl ons Christelik korrek optree teenoor ander volke en groepe, moet ons waak teen magte wat ons volk wil doodmaak, mense wat begeer dat ons volk se waardes afgewater word en ons ons selfrespek sal verloor. Om dit te bereik, is daar die magte wat poog om ons afvallig van die Woord van God te maak, terwyl andere wil hê dat die rassebasis van ons volkskap vernietig moet word deur indringing van anderkleuriges. Want as ons eers verbaster, gaan die sigbare eenvormigheid van die volk verlore, en word die gevoel van eenheid gebreek en raak die beeld van selftrots en waardering van die eie wat mooi is uitgedoof – met gevolglike vernietiging van ons volk. Ons moet ons dus handhaaf – so kan ons volk bly bestaan en sy roeping vervul tot voordeel van al die ander volke en groepe in ons land.

Voltooi die volgende vrae. Doen dit eers indiwidueel en dan in spanverband

1. Noem vyf kenmerke van die Afrikanervolk: .....
2. 'n Volk ontstaan toevallig ..... Waar/Onwaar .....
   Motiveer jou antwoord: .....
3. Hoe het dit gebeur dat jy 'n Afrikaner is? .....
4. Wat is die primêre taak van die Afrikanervolk? .....
5. In watter opsigte sou jy sê het die Afrikanervolk 'n taak teenoor andertaliges en -kleuriges in ons land? (Noem ten minste drie sake) ...

.....

.....

6. Hoekom sou jy sê is dit belangrik om ons eie identiteit te handhaaf?

.....

.....

.....

24 Volksfeeste

SAAMGESTEL DEUR DS BJ ERASMUS

DOEL

Om die betekenis van volksfeeste by jongmense in te skerp.

LW: Die lesing kan as 'n eenheid aangebied word of elke feesdag kan afsonderlik geneem word, aangesien daar heelwat hieroor gesê kan word.

VOORBEREIDING

- Reël vooraf met 'n kundige spreker om die onderwerp/e goed te bestudeer vir aanbieding aan die deelnemers. Wat Geloftedag betref, verkieslik 'n predikant.
- Vermeerder vroegtydig genoeg afskrifte van die lesing/s tesame met die kontrolevrae om ter geleëner tyd aan die deelnemers uit te deel.
- 'n Oorhoofse projektor kan gebruik word om die hoofpunte van die lesing/s aan te toon en 'n blaaibord is wenslik waarop deelnemers se kontrolevrae-antwoorde aangeteken kan word.
- Papier en skryfbenodigdhede moet beskikbaar wees.

LOKAALINRIGTING

- Maak gebruik van 'n kerksaal/konsistorie met voldoende tafels en stoele.
- Rangskik die tafels, stoele, oorhoofse projektor en blaaibord sodanig dat al die deelnemers die spreker kan sien.
- Verdeel die deelnemers in groepe van nie meer as ses per groep nie.

VERLOOP VAN PROGRAM

- Deelnemers verdeel in groepe en neem plaas by die tafel. Laat elke groep 'n spanleier aanwys.

- Open met Skriflesing, gebed en sang. (5 minute)
- Die gespreksleier bied die lesing/s aan. Dit word aanbeveel dat die gespreksleier van 'n transparant gebruik sal maak wat hyself voorberei het en waarop die hoofpunte aangedui word. Hy deel die deelnemers ook mee dat hulle goed moet luister en kernaantekeninge moet maak vir latere beantwoording van die kontrolevrae. (Tyd per lesing = 10 minute = 40 minute.)
- Nou word die kontrolevrae aan die deelnemers uitgedeel vir indiwiduele beantwoording. (15–20 minute)
- Hierna word dit in die kleingroepe bespreek (15 minute) en die spanleier rapporteer dan die groep se antwoorde terug aan die gespreksleier. Hy skryf al die antwoorde op die blaaibord neer.
- Die gespreksleier lewer hierna kortliks kommentaar op die antwoorde wat ontvang is en verkry sluiting. (15 minute)
- Die byeenkoms word afgesluit met sang en gebed. (5 minute)

Lesing: VOLKSFEESTE

INLEIDING

Vir ons as Afrikaners is die erkende kerklike feesdae – veral Goeie Vrydag en Kersfees – van groot betekenis. Op dié twee dae bely ons ons Christelike geloof: die koms van Jesus Christus na die sondige wêreld, en sy sterwe aan die kruis om die wêreld van sonde te verlos.

Binne volksverband is daar vir die Afrikaner egter nog vier dae op die feeskalender wat belangrik is en hieraan wil ek graag aandag gee: Stigtingsdag op 6 April (voorheen Van Riebeeckdag), Republiekdag op 31 Mei, Krugerdag op 10 Oktober en Geloftedag op 16 Desember. Dié vier dae word allerweë as Afrikanervolksfeesdae beskou. Daar word gesê dat die Afrikaner op 6 April sy volkswording bely, op 31 Mei sy volksvryheid, op 10 Oktober sy volksroeping en op 16 Desember sy volksbestemming (Handleiding:FAK, *Ons Volksfeeste:* PH Kapp). Uit die aard van die saak kan daar nie oor elke dag 'n lang lesing uitgewerk word nie en het ek probeer om net die belangrikste gedagtes na vore te bring. Lees verder hieroor: *Ons Volksfeeste*, PH Kapp.

Die aard van volksfeeste

Wat die Afrikanervolksfeeste betref, is dit belangrik om te onthou dat dit verskil van ander volksfeeste. Ons as Afrikaners het nie 'n lang

heidense voortyd gehad soos die Europeërs nie, maar ons voorvaders was gelowiges toe ons 'n volk geword het. Dit gee 'n hele ander kleur aan ons hele volkskultuur en dus ook aan ons volksfeeste.

Ten tye van Van Riebeeck se aankoms aan die Kaap het die Calvinistiese godsdiens reeds 'n oorheersende en bepalende invloed in Nederland verkry. Soberheid van uitdrukking, terughoudenheid, wantroue teenoor uitbundigheid en spontaneïteit, en verset teen die gedagte van kuns ter wille van kuns, was kenmerke van die Calvinistiese samelewing (*Volksfeeste*, PH Kapp).

In die handleiding wat deur die FAK uitgegee is, word dit dan ook só gestel: Volksfeeste weerspieël die volksaard en daarom is dit 'n vereiste van die Afrikanervolksfeeste dat elkeen daarvan 'n praktiese funksie in die volkslewe moet vervul. Dit gaan dus by die Afrikanervolksfees om die bevordering van ideale, beginsels en elke praktiese aspek van die Afrikaanse volkslewe.

Die vier volksfeeste van die Afrikaner verskil dan ook van die feeste waar dit gaan om vermaak en vrolikheid. Dit wil egter nie sê dat vermaak en vrolikheid, pret en plesier, nie ook 'n deel van die Afrikanerfeeste kan uitmaak nie. Inteendeel, waar dit van toepassing kán wees, word dit aangemoedig, maar moet dit by die aard van die bepaalde feesviering aanpas. (Indien van die deelnemers meer wil weet oor die vereiste vir 'n goeie feesaanbieding, word hulle verwys na die FAK se handleiding in dié verband.)

STIGTINGSDAG – 6 APRIL

Op hierdie dag bely die Afrikaner sy volkswording.

6 April 1652 is die belangrikste dag in die geskiedenis van Blanke Suid-Afrika. Op die dag het Jan van Riebeeck met drie seilskepe in Tafelbaai geland. Sy opdrag was om 'n verversingstasie te stig wat vars groente en vleis moes verskaf aan die handelskepe wat tussen Nederland en Indië gevaar het. Die verversingstasie het met ander woorde 'n nuttigheidsdoel gehad en die bedoeling was nie om 'n permanente tuiste vir hulle te verskaf nie. Met ywer en deursettingsvermoë het Van Riebeeck stelselmatig in die onbekende land met sy ongetemde natuur en vreemde inboorlinge 'n verversingstasie gegrondves. Hy het ook gemeen dat die verversingstasie net vrug sou afwerp indien die burgers toegelaat word om hulle in die gebied rondom sy fort te vestig. Later het die Kompanjie teësinnig verlof gegee dat nege persone hulle as kolo-

niste daar vestig en nie meer in diens van die Kompanjie was nie. Die beleid was nog dieselfde: Vars water, vleis en groente vir die skepe. Die verversingstasie het egter 'n nedersetting geword en dit was die begin van 'n nuwe volksplanting aan die suidpunt van Afrika.

Belangrik is egter om te onthou dat Van Riebeeck van die begin af 'n besondere waarde aan 6 April geheg het, want op 6 April 1654 skryf hy in sy "Daghregister" om hierdie dag jaarliks "tot Godes eere met danck-segging hen te vieren ende voor altijt tot een vastblyvende danck ende bededach in te stellen", sodat die nageslag die weldade wat God aan hulle bewys het, nie mag vergeet nie, maar in gedagtenis hou. Meermale vind ons dat daar van die dag melding gemaak word, maar later het dit opgehou.

Deur die eeue heen het verskillende instansies hulle egter beywer om 6 April verklaar te kry as dié dag waarop die Christendom in Suid-Afrika gevestig is. Na die Voortrekkereeufees is Van Riebeeckdag deur die Afrikaner as 'n volksfees aanvaar.

Waarom 6 April gevier moet word

Die werk wat Van Riebeeck begin het en die langtermyn-gevolge daarvan, onder meer dat 'n nuwe volk ontstaan het, is genoegsame rede dat die dag nie vergeet mag word nie.

6 April is ook vir ons 'n betekenisvolle dag omdat ons hierdeur die presiese dag, maand en jaar van ons ontstaan ken.

Van Riebeeck het nie net 'n Blanke volksplanting begin nie, maar ook 'n Christelike volksplanting wat van besondere betekenis is vir al die volke in Suid-Afrika.

Hy word ook gehuldig as 'n leier wat met moed en vertroue en 'n onwrikbare geloof in God al die teenslae oorwin het.

Kontrolevrae

1. Afrikanerfeeste verskil van ander volksfeeste.
   Motiveer: .....
   .....
   .....
   .....

2. Vermaak en jolyt is uitgesluit by Afrikanervolksfeeste. Stem julle hiermee saam?

.....

.....

.....

3. 6 April is die belangrikste nie-godsdienstige dag in die geskiedenis van ons volkslewe. Motiveer: .....

.....

.....

.....

.....

4. 6 April word ook gesien as die dag waarop die Christelike godsdiens aan die suidpunt van Afrika geplant is. Is dit korrek om so te sê? Motiveer: .....

.....

.....

.....

.....

REPUBLIEKDAG – 31 MEI

Op 31 Mei bely die Afrikaner sy volksvryheid.

Republiekdag is die onafhanklikheidsdag van Suid-Afrika en ons moet dit sien as 'n voortsetting van vroeëre onafhanklikheidsfeeste. Wat is 'n onafhanklikheidsfees? Dit is 'n landsfees wat gevier word ter herdenking van 'n land se verwerwing van sy onafhanklikheid. In ons geval is dit 'n nasionale fees waaraan alle volksgroepe deel kan hê *(Ons volksfeeste,* PH Kapp).

Republiekdag dateer maar sedert 1961 en voor Republiekwording het dié vakansiedag bekendgestaan as Uniedag, wat weer sy ontstaan gehad het in die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910. 31 Mei is egter nie net aan Uniewording gekoppel nie, maar was ook die dag waarop die Boerenederlaag in die Engelse Oorlog in 1902 deur die Vrede van Vereeniging bevestig is.

Samevattend kan ons dus sê dat drie belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika op die dag herdenk word: Die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902), Uniewording (31 Mei 1910) en Republiekwording (31 Mei 1961). Treffend word hierdie dag soos volg in die Handleiding van die FAK saamgevat: Die dag simboliseer nederlaag

sowel as herwonne selfstandigheid in die geskiedenis van Suid-Afrika. Met die herdoping van Uniedag tot Republiek op 31 Mei 1961 tree die Republikeinse gedagte, wat in 1902 oënskynlik vernietig is, weer ten volle op die voorgrond.

Hieruit is dit duidelik dat Republiekdag basies om die staatkundige strewe na volle onafhanklikheid, vryheid en demokrasie vir Suid-Afrika wentel. Die strewe na volkome onafhanklikheid kan ver in die geskiedenis teruggevoer word – minstens tot met die Groot Trek in 1834. Wat was die beweegrede vir die Groot Trek: 'n Begeerte na politieke selfbestuur.

Toe die Republiek van Natalia, die Voortrekkers se eerste onafhanklike gebied, deur Engeland beset is, het hulle verder getrek en geweier om onder die imperialistiese Engeland te staan. So sterk het hulle oor hulle onafhanklikheid gevoel dat hulle dit selfs met wapengeweld verdedig het. Dink maar aan die Slag van Boomplaas, die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal en die Anglo-Boereoorlog. 'n Geleerde sê: "Dit is opvallend dat die Boere 'n sterk voorkeur vir 'n republikeinse staatsvorm gehad het, want geen ander stelsel is ooit in enige van die Boererepublieke toegepas nie." Na Uniewording in 1910 het daar algaande 'n hegte eensgesindheid en nasionale bewussyn onder Suid-Afrikaners ontstaan. Toe dr Verwoerd in 1961 besluit om Suid-Afrika se aansoek om voortgesette lidmaatskap binne die Britse Statebond, terug te trek "tree die republikeinse gedagte weer ten volle op die voorgrond."

Kontrolevrae

1. Hoe sal julle Republiekdag definieer?

   .....

   .....

   .....

   .....

2. Watter drie belangrike gebeurtenisse in ons geskiedenis word op 31 Mei herdenk?

   .....

   .....

   .....

   .....

3. Hoe sal julle die onafhanklikheidsgevoel van die Voortrekkers beskryf? (Kortliks)

   .....

.....

.....

.....

.....

4. Algemene vraag: Hoekom behoort Republiekdag deur almal wat Suid-Afrika as vaderland het, in ere gehou te word?

.....

.....

.....

.....

KRUGERDAG – 10 OKTOBER

Op hierdie dag bely die Afrikaner sy volksroeping.

Dié fees wat elke jaar op 10 Oktober gevier word, het oor 'n lang tydperk (byna 100 jaar) tot 'n tipiese Afrikaanse volksfees ontwikkel. Die fees het 'n eie tradisie en gebruike en in die Afrikaanse volkslewe 'n bepaalde betekenis en waarde gekry.

In sy oorsprong is Krugerdag maar net 'n voortsetting van die gebruik in die vroeëre Vrystaatse en Transvaalse Republieke om die verjaardae van presidente feestelik te herdenk. Dit het weer geskied na analogie van die Engelse en Nederlandse bevolkingsgroepe in die Kaap, Natal en die Republieke se herdenking van hul vorste se verjaardae (*Volksfeeste*, PH Kapp).

Aanvanklik het dit op 10 Oktober meer om die persoon van president Kruger gegaan en was die vieringe dan ook hoofsaaklik tot die Transvaal beperk. Na sy dood is daar van verskillende kante gepleit dat 10 Oktober "'n nasionale dag" vir die Afrikaner moet wees met president Kruger as 'n simbool, 'n lewende verpersoonliking van die Afrikaner se Christelike en republikeinse volkstrewe (*Handleiding*, FAK).

In 1952 is 10 Oktober as openbare vakansiedag verklaar met die amptelike naam van Krugerdag.

Paul Kruger was dus 'n man van groot formaat in ons volkslewe. As jong Afrikaner het hy tot die openbare lewe van sy volk toegetree en hom weldra onderskei as iemand met buitengewone begaafdheid. Grotendeels moet dit aan hom toegeskryf word dat 'n botsing tussen president MW Pretorius en 'n Vrystaatse kommando onder Boshoff in 1857 vermy is.

Uit die burgerwoelinge van die jare sestig het hy as kommandant-generaal te voorskyn getree en sy gehegtheid aan wet en orde as stelreël vasgelê vir sy hele latere optrede.

Uit die eerste nasionale krisis wat met die Shepstone-bewind ingelei is, het hy as staatspresident van die ZAR te voorskyn getree.

Tydens die anneksasietydperk het sy begaafdheid as leier ook na vore gekom en het dit hom die eerste geleentheid gebied om, in belang van sy Republiek, na buite op te tree. Vir die eerste keer kon hy die vryheid en ongebondenheid van daardie Republiek as noodsaaklike voorwaarde van alle onderhandelinge vaslê – 'n beleid wat hy dan ook deurgaans gehandhaaf het (*Kruger en Rhodes*, AN Pelser).

Hieruit blyk dit duidelik dat die persoon van Kruger ten nouste verbonde is aan die wording van die Suid-Afrikaanse Republiek. Ja, van die begin af was hy op die voorposte, ook persoonlik betrokke by elke belangrike gebeurtenis in die wordingsproses-gebeurtenisse wat voorgeval het tussen sy eie jeug en rypheid, en wat daarom onuitwisbare indrukke nagelaat het.

Belangrik is dit om te onthou dat president Kruger ook 'n gelowige was. Hy het geglo in God en in sy Woord. Sy fondament was vas. Die lotgevalle van sy nasie in voor- en teëspoed het hy aanvaar as 'n openbaring van God se wil. Die oorwinning van Amajuba was vir hom "het werk van onzen grooten generaal, Jezus Christus" (*Kruger en Rhodes*, AN Pelser).

Krugerdag het dan ook 'n besondere invloed op die Afrikanervolkslewe uitgeoefen. Dit het in die sterk verlede – bewussyn van die Afrikaner gewortel. Dit het die Afrikaner se strewe na 'n eie afsonderlike nasieskap nie net help beantwoord en uitdra nie, maar ook daaraan help bou (*Ons Volksfeeste*, PH Kapp).

Kontrolevrae

1. As daar gesê word dat Krugerdag "'n nasionale dag" vir die Afrikaner is, dui dit nie op blindelinge verheerliking van iemand wat lank reeds oorlede is nie? Motiveer: .....
   .....
   .....
2. President Kruger staan in ons volkslewe bekend as iemand met buitengewone begaafdheid. Bespreek kortliks: .....
   .....
   .....

3. Watter besondere invloed het Krugerdag op die volkslewe van die Afrikaner uitgeoefen?
Bespreek kortliks: .....

.....

.....

.....

GELOFTEDAG – 16 DESEMBER

Op 16 Desember bely die Afrikaner sy volksbestemming.

Geloftedag, 16 Desember, is onlosmaaklik verbind aan die oorwinning wat generaal Pretorius en sy kommando behaal het oor die roem van die Zoeloeleërs van Dingaan op 16 Desember 1838. Dit moet ons egter onthou: Hierdie oorwinning is meer as net nog 'n roemryke veldslag wat die Afrikaner gewen het. Die andersheid van hierdie veldslag lê in die feit dat dit voorafgegaan is deur 'n gelofte wat die Voortrekkers afgelê het. Daarom is die betekenis van die oorwinning deur die Afrikaner nog altyd uitgelê in die lig van die Gelofte (*Die Boodskap van Geloftedag*, AD Pont).

Geloftefees is dan ook 'n feesdag van die Afrikaner, en dit het 'n dag geword wat diep ingryp in die hart en lewe van die Afrikaner. Dit het een van die primêre fondamentstene geword waarop die Afrikanervolk sy geskiedenis en volkswees bou. Die gelofte van 1838 het 'n belangrike, ja, selfs 'n beslissende, bydrae gelewer om die Afrikanervolk in 'n bepaalde vorm te giet en hom op 'n bepaalde koers te hou. Geloftefees is dan ook dié fees wat deur die Afrikaner die hoogste as volksfees aangeslaan word (*Die Boodskap van Geloftedag*, AD Pont).

Nou ontstaan die vraag of die Voortrekkers die reg gehad het om hulle so aan God te verbind. Voordat ons nou hierop 'n antwoord gee, moet julle eers die volgende gedeelte in die Bybel opsoek en lees: Prediker 5, want hier het ons te doen met die riglyne vir 'n wettige gelofte. Ons sien dus dat die moontlikheid daar is om 'n woord voor die aangesig van God uit te spreek. Wanneer dit egter gedoen word, moet ons onthou dat daar 'n geweldige afstand tussen God en ons is. Hy is die Ewige en ons die verganklikes, en daardie afstand moet altyd gehandhaaf word. Elke mens wat dus 'n woord voor die aangesig van God uitspreek, moet onthou dat dit 'n woord moet wees waarin die eer en majesteit van God erken en bely word. God is die Ewige en daarom pas nugterheid, wanneer ons met Hom praat.

Aangesien God die Heerlike is, moet ons ook met nugterheid voor Hom staan, 'n nugterheid wat spreek uit min woorde. So staan dit dan ook in Prediker 5, "Jou woorde moet min wees." Verder het ons nog dit verneem: Daar word gewaarsku teen oorywerigheid, oormoed en voortvarendheid. 'n Gelofte kan nie net in 'n oomblik opgestel word en as 'n gelofte voor die aangesig van God aangebied word nie. Dit moet weloorwoë wees. Prediker 5 sê: "Wees nie haastig met jou mond nie, laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie." Dit het die Voortrekkers gedoen. Die eer word aan God toegebring, Hy is die Een wat die oorwinning gee. Die stryd is dan ook nie vir hulleself nie, maar tot lofprysing van sy Naam. Wat ons ook opval is die kort, kragtige gestalte waarin die Gelofte verskyn. Met enkele woorde het hulle dinge gesê wat ingegryp het in hulle eie hart en lewe, maar ook in die hart en lewe van hulle nageslag. Die Gelofte van 16 Desember is dus 'n geldige Gelofte.

Prediker 5 sê egter nog as 'n gelofte eenmaal aangegaan is, moet daar nie uitgestel word om dit te betaal nie en as dit gedoen word, dan het daardie gelofte bindende krag vir die toekoms. Nou kan ons vra: Waar kom daardie bindende krag van die Gelofte vandaan?

Die Bybel stel dit so: Die Here is die Verbondsgod en in groot genade het Hy na sondige mense gekom en Hom aan hulle verbind. Gevolglik kan die mens ook na Hom terugkom. God stel egter ook voorwaardes vir geloftes: Die gelowige moet antwoord op sy beloftes. Aan die Verbondsluiting was daar ook 'n dag verbonde, dit het die Voortrekkers ook raakgesien. Die Voortrekkers antwoord: Elke jaar sal ons hierdie dag, as God ons die oorwinning gee, vier as 'n gedenkdag, as 'n sabbat, waarop ons volk sal rus van ons moeite en sorge en kommer, en daaraan sal dink dat God ons verlos het.

Die "huis tot sy eer" is ook in tasbare sin opgerig (Pietermaritzburg) en laastens het hulle ook onthou dat die Verbond wat God sluit, betekenis het vir die komende geslagte (vergelyk die Verbond met Abraham. Daarom het hulle gesê: "Here ons sal ook vir ons kinders van U roemryke dade vertel") (*Geloftedag*, JI de Wet).

Sluit lesing af deur te lees uit Deuteronomium 23.

Kontrolevrae

1. As daar gesê word dat 16 Desember 1838 meer was as net nog 'n roemryke veldslag wat die Afrikaner gewen het, wat word daarmee bedoel? .....

.....

.....

2. Geloftefees is die feesdag van die Afrikaner. Bespreek:

.....

.....

.....

3. Noem twee gedeeltes in die Bybel waar ons voorskrifte kry vir 'n wettige gelofte:

.....

.....

4. Vir die nageslag is daar drie opdragte uit die Belofte. Noem en bespreek dit kortliks.

.....

.....

.....

5. Sou julle sê, uit alles wat julle verneem het, dat dit geregverdig is om op Geloftedag partypolitieke en materialistiesgerigte toesprake te hou?
Motiveer: .....

.....

.....

.....

.....

25 Voorhuwelikse verhouding en militêre diensplig

SAAMGESTEL DEUR DS PP JOOSTE

DOELSTELLING

Om aan predikante Bybelse riglyne te gee oor voorhuwelikse verhoudings van jongmense en om dit in verband te bring met militêre diensplig, sodat predikante, in die lig van die huidige diensplig stelsel, leiding aan jong lidmate van sy gemeente hieroor kan gee.

DOELWITTE

- Om aan jong lidmate (seuns en dogters) te verduidelik dat die Waarheid van die Woord sin en betekenis aan verhoudings gee.
- Om aan jong lidmate die noodsaaklikheid van gesonde voorhuwelikse verhoudings tuis te bring.

HULPMIDDELS

- 'n Swartbord of blaaibord.
- Die hoofpunte van die bespreking op papier met ruimte na elke punt vir deelnemers se aantekeninge.
- Kontrole-vraelyste wat na bespreking ingevul word.
- Elke deelnemer bring sy/haar Bybel saam.

LOKAALINRIGTING

- Gebruik 'n geskikte ruimte waar kleingroepbesprekings kan plaasvind sonder dat deelnemers mekaar pla.
- Verdeel die aanwesiges in groepe van nie meer as 6 per groep nie.
- Groepverdeling: Drie hoofgroepe
  - 'n Groep bestaande uit seuns.
  - 'n Groep bestaande uit dogters.

– 'n Groep bestaande uit albei geslagte.
Hierdie verdeling vind vooraf plaas. Hoofpunte van bespreking word aan deelnemers oorhandig.

METODE VAN AANBIEDING

- Die predikant bied die inhoudelike gedeelte van die program aan. (20–30 minute)
- Die jongmense sit dwarsdeur die program in hulle onderskeie groepe.
- Die drie groepe kry hierna geleentheid om hulle standpunte oor voorhuwelikse verhoudings en militêre diensplig op swartbord/ blaaibord neer te skryf na spanbespreking van 10 minute.
- Vervolgens kry elke span die geleentheid om sy standpunt te stel by monde van die spanleier.
- Teen dié tyd kon elke indiwidu 'n eie mening vorm oor die saak van voorhuwelikse verhouding en militêre diensplig, en die aanwesiges kry nou die geleentheid om 'n vraelys te voltooi. (Sien addendum: VRAELYS) (15–20 minute).
- Die spanleiers ruil antwoorde uit en die predikant verskaf die antwoord en puntewaarde. Vraelyste word nagesien, punte getel en neergeskryf om te bepaal watter groep se standpunt algemeen aanvaarbaar is.
- Afsluiting met gebed en sang.

VERLOOP VAN DIE PROGRAM SELF

- Open met Skriflesing, gebed en sang na eie keuse.
- Predikant behandel die inhoudelike gedeelte soos hier aangedui. Telkens kan bespreking onderbreek word om aangewese tekste op te soek en deur een van die jongmense te laat voorlees.
- Groepe bespreek die voordrag en vervolgens formuleer elke groep sy vrae.
- Verder verloop die program soos aangedui.
(Let daarop dat dit slegs riglyne is en dat elke predikant sy eie programverloop kan bepaal).

Lesing: VOORHUWELIKSE VERHOUDING EN MILITÊRE DIENSPLIG

1. Inleiding

Elke mens verkeer teen wil en dank in die greep van die bepaalde tydsgewrig waarin hy leef. Geen mens kan sy geboorteuur kies nie. As gelowiges beskou ons dit nie as blote toeval om mens-van-jou-tyd te wees nie, want niks gebeur per toeval nie. God beskik, en daarom moet ons leef tot sy eer op alle vlakke van die lewe; ook wat ons verhoudingslewe betref.

2. Die eise van jou tyd

Om vandag jonk te wees, stel ander eise en bied ander uitdagings as 10 jaar gelede, en daarom sal daar altyd met die tydsomstandighede en die gepaardgaande probleme rekening gehou moet word.

2.1 Onsekerheid

Die oorheersende ervaring van ons tyd is een van *onsekerheid.* In aardse middele is daar werklik weinig sekuriteit te vind. Politieke en ekonomiese toestande – wat onder andere die stemming van die tyd bepaal – bring onrus by ons jeug.

Jongmense soek na sekuriteit. Hulle soek iets om aan vas te hou – iets wat die onrustige hart tot bedaring kan bring; iets wat 'n mens kan laat ontspan en wat nie in terme van geld bereken kan word nie. Hierdie soort sekuriteit, hierdie "iets" – so beweer die jongmens – vind hulle onder andere in hulle verhouding met iemand: iemand wat verstaan, wat luister en wat net maar beskikbaar is.

2.2 Eensaamheid

'n Ander ervaring wat die jongmens te beurt val, is eensaamheid. Ja, hy is eensaam te midde van die massa. Hy soek iewers rus langs die pad van gejaagdheid. In ons dolle gejaag na prestasie, middele, status en nog baie ander dinge, stoom ons bymekaar verby. Só dra elke geslag 'n sieker lewenswyse op sy kinders oor en so vereensaam mense algaande. Hulle word só eensaam dat hulle tot elke prys iewers 'n tuiste soek en dit dikwels in allerlei losbandigheid "vind."

3. Geslagsryp/huweliksgereed

Die tydsgees het ook 'n ander steurende implikasie vir ons jongmense.

Op grond van baie faktore word die jeug veel vroeër geslagsryp maar eweneens ook veel later huweliksgereed. Byvoorbeeld: Nuwere beskouinge oor en benadering tot seksualiteit lei daartoe dat jongmense op 'n vroeë ouderdom beskik oor die tegniese en teoretiese kennis van seksuele gemeenskap. Hierdie sogenaamde "kennis" word deur middel van die nuusmedia vir die jongmense gevisualiseer en die praktiese toepassing (of nabootsing) word soos 'n wortel voor 'n donkie geswaai sonder dat die gevolge daarvan aan die jeug uitgespel word.

Ongelukkig is sommige jongmense sulke "donkies" wat dink dat seksuele gemeenskap met 'n wortel vergelyk kan word. Hoe dit ook al sy: Geslagsrypheid word nou latent gehou omdat jongmense nog nie huweliksgereed is nie. Militêre diensplig moet eers voltooi word, 'n lang universiteitsloopbaan moet eers afgehandel word of 'n nuwe werk moet bemeester word. Finansiële oorwegings speel in dié verband gewoonlik 'n belangrike rol. Vir die doeleindes van hierdie gesprek bepaal ons ons by die voorhuwelikse verhouding en militêre diensplig. Hoe moet die jongmens die soms ondraaglike spanning op 'n bevredigende wyse verwerk?

4. Die Woord van God ons lig

Harvey Cox skryf in *"The Secular City"* die volgende: "Jongmense bevind hulle in 'n ongelukkige kombinasie van emosionele omgewingsfaktore. Hulle word gedurig gebombardeer met dinge wat die erotiek stimuleer, terwyl daar terselfdertyd aan hulle gedragstaboes oorgedra word wat die idee van dubbelslagtigheid laat posvat en hulle desperaat maak. Hulle word blootgestel aan allerlei stimulante en tog word hulle verbied om die vervulling daarvan te beleef of te ervaar." (*"The Secular City"*, New York, p 179).

Die mag van die nuusmedia ten opsigte van die meningsvorming van die jongmens oor sy verhoudingslewe word dikwels onderskat. Daar is nie veel sprake van voorbeeldskrag wanneer kinders vertel word hoe 'n goeie huwelik moet lyk terwyl ouers letterlik versot is op TV-programme waarin die Bybelse huweliksbeeld deur sogenaamde heldefigure afgetakel en belaglik gemaak word nie. ("Dallas").

Dit is onnodig om te sê dat hierdie saak slegs op een manier benader kan word en dit is vanuit die Bybel. Ons tree as Christene in gesprek

met mekaar en ons praat met jongmense wat die moed en oortuiging het om na die Bybel te luister. "Wat sê die Woord?" Dit moet ons vertrekpunt wees en miskien is daar diep in jou hart die verlange om die ware oplossing van al die probleme in jou verhoudingslewe te vind. Dit kán alleen wanneer ons ernstig en biddend aan die saak werk. Verskillende idees en opinies oor die voorhuwelikse verhouding word aan jongmense voorgeskryf.

As ons egter op 'n opinie wil bou, moet ons doodseker maak van die fondament waarop dit rus, want niemand wil graag op sand bou nie. (Vgl Matt 7:26).

Daar is slegs EEN ROTS waarop ons kan bou: JESUS CHRISTUS en daar is slegs een LAMP wat ons pad waarlik kan verlig: SY WOORD. (Ps 119:9; Ps 119:105).

Jy is maar eenmaal jonk en jou jeugjare vlieg so gou verby. Voordat jy daarom dink, is jy getroud met kinders van jou eie aan wie jy leiding moet gee. Daarom is dit die moeite werd om betyds die waarheid te ken om 'n sukses van jou eie en julle jeuglewe saam te maak. Onthou een ding baie goed. Die fondament wat nou in julle verhoudings- en liefdeslewe gelê word, gaan bepaal hoe stewig julle huwelikshuis eenmaal sal staan wanneer julle tot volwassenheid gekom het.

5. Die skepping van man en vrou

Om duidelik my rol en posisie as jongman of -vrou in ons voorhuwelikse verhouding te verstaan, moet ons by die skepping begin, en dan sien ons dat God die mens geskape het na sy beeld: man en vrou het Hy hulle geskape, (Gen 1:27) en die Here het hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder ..." (Gen 1:28). Elke seun en dogter, man en vrou, is 'n lewende bewys van die Bybelse waarheid: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. (Gen 2:18). Elke normale mens het 'n aangetrokkenheid tot persone van die teenoorgestelde geslag. Op die een of ander stadium in jou lewe begin die teenoorgestelde geslag vir jou bekoring inhou. Jou hele bestaan begin wentel om daardie een wat jy bewonder. Dit is die natuurlikste ding ter wêreld, want so het God die mens geskape. En wie anders sal dit beter ken en verstaan as juis Hy wat ons geskape het? Hierdie liefde in man en vrou se harte geplant, moet groei en ontwikkel om later tot volle wasdom te kom. Op normale wyse vind die ontwikkelingsproses in ons lewe plaas al is ons dikwels onbewus daarvan.

Voordat ons onsself egter aan mekaar gee, loop elke jongmens 'n baie lang pad; somtyds 'n moeisame pad; dikwels 'n wonderlike opwindende pad, maar altyd 'n gevaarlike pad.

'n Mens betree hierdie pad op daardie wonderlike oomblik as iemand van die teenoorgestelde geslag vir jou mooi word. Daar vind as 't ware 'n omwenteling in jou lewe plaas. By seun en dogter vind daar liggaamlik geslagsrypwording plaas. Dit maak die verhouding nou nie net meer 'n bewuste gevoel nie, maar die klem word nou verskuif na die fisiese of liggaamlike aspek.

Dit is normaal en dit is mooi, want so het God dit bedoel.

Maar jongmense, luister nou mooi: Dit is net hier waar die Satan sy hand wil inkry. Hy is nie tevrede dat julle verhouding mooi en skoon en normaal ontwikkel en groei nie. O nee, hy "lê en loer voor die deur en sy begeerte is na jou ..." (Gen 4:7). Die Bybel leer ons dat hy mensemoordenaar is en jou nooit sal waarsku teen jou ondergang nie. (Joh 8:44). Reeds op hierdie vroeë stadium van julle verhouding wil hy 'n wig indryf wat julle later uitmekaar gaan skeur en trane en berou gaan meebring.

6. Die enigste fondament

Die duiwel is baie listig en daarom is dit belangrik dat julle op 'n vroeë stadium in julle verhouding sal weet met watter wapen julle hierdie vyand moet aandurf en op watter fondament julle moet bou. Bou jy op sand, dan gaan jou verhouding soos 'n kaartehuis in duie stort.

Hoeveel jong lewens is net nie al deur die duiwel verongeluk nie. Dit kan jy wees tensy jy jou diepe afhanklikheid van die Here besef. Ons is geskape om afhanklik te wees van die krag van die Here en Hy gee en bevestig hierdie krag en genade in ons deur sy Heilige Gees wat by ons bly en in ons woon. (Jona 14:16v.) Ja, ek weet daar is nou die vraag in jou hart: "Hoe kan ek daardie krag ontvang om staande te kan bly in my verhouding?"

So eenvoudig: Die Here Jesus het daarvoor gekom en daarvoor gesterf. En aan elkeen wat Hom aanneem, het Hy mag gegee om kinders van God te word; aan elkeen wat in sy Naam glo. (Joh 1:12). Dan staan jy in sy krag en sal julle verhouding kan groei tot iets duursaams.

Niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. (1 Kor 3:11). Hy gee julle krag, Hy bewaar julle en sy Woord is die lig waarin julle sal wandel. Die wonderlikste verhouding sal ontwikkel waarin slegs vreugde, oorwinning en ware liefde ervaar

word. Indien julle op die fondament, Jesus, bou, sal julle ervaar dat julle verhouding groei, julle liefde word groter en julle beweeg nader aan mekaar. Maar ONTHOU: Dit is 'n geleidelike proses wat alleen in die huwelik volkome mag word. Die liefdesverhouding tussen twee jongmense is, menslikerwys gesproke, die belangrikste verhouding wat jy ooit aangaan.

Deur die regte benadering kan jy jou toekomsgeluk verseker, maar deur die verkeerde benadering kan jy jou hele latere lewe verongeluk.

Al is julle hoe lief vir mekaar, word julle liefde eers werklik volmaak as julle in die huwelik volkome aan mekaar gegee word en een vlees word. (Matt 19:5; Gen 2:24). Dit is God se plan en dit is die enigste weg waarlangs 'n gelukkige liefdesverhouding kan uitloop op 'n gelukkige huwelik.

'. Die mensemoordenaar en leuenaar

Die duiwel is nie daarmee tevrede dat jy gelukkig is nie. Op 'n wrede, subtiele manier is hy besig om jou te beroof van hierdie volle liefde en geluk in jou verhouding. Pasop vir die leuens wat hy deur middel van maats en boeke en ander dinge in jou oor fluister. "... hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid (Joh 8:44) is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan." 2 Petrus 5:8 waarsku: "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind." Hy het net een doel voor oë. Hy wil die fondament vernietig waarop jy bou, sodat hy jou uiteindelik kan verlei en vermoor.

Is dit nie die duiwel wat tydens jou militêre diensplig tydperk (en vroeër reeds tydens jou skoolloopbaan) vir jou kom wysmaak dat jy glad te preuts en te outyds is nie? Hoeveel duisend jongmense het hy nie al verlei met sy valse gerusstellings nie?

- Almal doen dit tog, dis nie so 'n groot sonde nie.
- Julle lewe in 'n moderne eeu met moderne idees.
- Wat van al die tydskrifte wat vrye liefde propageer?
- Niemand sal tog uitvind nie.
- Julle is waarlik lief vir mekaar en gaan tog trou.
- Julle moet voor die tyd seker maak of julle bymekaar pas.

Dis die sluwe leuentaal van die helse verleier, en as julle rein verhouding, wat mooi ontwikkel en gegroei het so skielik geknak en besoedel is, dan vlug die Satan weg en laat jou alleen agter – hy het sy doel bereik, maar jy is gefrustreerd en voel vuil en verder is jy met 'n skuldgevoel belaai. Jy voel dat jy nooit weer sal kan weier of sterk wees nie. Maar dis 'n leuen. Daar is volkome verlossing en vrymaking van hierdie skuldgevoel moontlik. Dis nie nodig om wanhopig rond te tas en deur die duiwel misbruik te word nie. Daar is 'n oplossing. Luister na die stem van die Here Jesus self. Johannes 8:11: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie." Dis die antwoord van Jesus aan die owerspelige vrou. As die duiwel moontlik deur hierdie sonde julle liefdesverhouding besmet en krenk, weet dan dat dit ook die antwoord van die Here aan jou is.

As julle met erns en berou dit aan die voet van die kruis neerlê, dan was Hy dit rein in sy bloed. Jesus vergewe nie net nie, Hy vergeet ook daarvan. "Kom nou en laat ons die saak uitmaak ... al was julle sonde soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol." (Jes 1:8).

Dank God dat julle liefdesverhouding wat mooi en skoon en rein is, so kan bly deur die lig van sy Woord verder daarop te laat val. Dank God dat julle liefdeskleed, wat dalk reeds bevlek is, weer rein kan word deur die verdienste van Jesus Christus. Onthou: Hy gee krag deur sy Heilige Gees sodat julle saamwees en saambou aan 'n mooi verhouding gelukkig en voorspoedig mag wees.

8. Militêre diensplig

Die huidige stelsel bring mee dat jongmanne van 18 jaar verplig is om twee jaar Nasionale Diensplig te verrig. Dit is onder andere een van die faktore wat geslagsrypheid latent hou, omdat dit onmoontlik is om in hierdie periode te trou. Wie kan vir 'n vrou en kinders sorg met ± R130 per maand? Kan 'n jong huwelik standhou met 'n man wat tydens die belangrike aanpassingsperiode byna nooit tuis is nie? Daarom wil ek vriendelik waarsku dat julle tydens hierdie periode ernstig sal besin oor julle voorhuwelikse verhouding, en die saak reg sal benader, sodat julle nie in die strikke van Satan val nie.

8.1 Vir ons twee verbode

1. *Ledigheid:* is die duiwel se oorkussing. Hoe waar is dit nie ten opsigte

van jou verhouding en veral tydens diensplig nie? Ure van ledigheid en niksdoen gaan oor in versoeking en verleiding.

2. *Lang ure:* Julle wil die tyd van die naweekpas in mekaar se geselskap verwyl en dit loop tot laat in die nag of vroeg in die oggend. Is dit waarlik nodig? Jy is besig om die natuur te tart en op die ou end sit jy met verbrande as.
3. *Afparing:* moet vermy word en wanneer julle wel bymekaar uitkom tydens die diensplig tydperk, beweeg in die groep of soek gerus maar ouers se geselskap op. Vermy verder swak leesstof, partytjies waar drank vloei, die inryteater, popfeeste, dwelmmiddels en dergelike dinge wat net 'n mens se lewe vernietig.

8.2 Vir ons twee bedoel

Dis wonderlik om jonk te kan wees en vir alles kans te sien, om waarlik te kan lewe in die volheid wat die lewe jou liggaamlik en geestelik bied. En hierdie jong lewe kan wonderlik en sinvol bly as dit vir julle jongmense nie net gaan om selfsugtige liggaamlike bevrediging nie, maar omdat dit hoofsaaklik gaan om 'n verhouding en lewe wat ander rondom jou positief beïnvloed en verryk. Dan eers word jou lewe vol en die moeite werd. Julle leef nou nie meer vir julleself nie, maar in die krag van die Here lewe julle saam vir Hom en julle medemens. As dit die geval is in jou lewe, sal julle die vreugde en volkomenheid van julle verhouding smaak; nou reeds, en later in julle huwelikslewe.

- *Wees bruikbaar vir die Here:* Neem aktief deel aan kerklike en jeugaktiwiteite. Daar is meer as genoeg geleentheid. Die nooientjie wat tuisbly en die kêrel wat weg is met diensplig kan sinvol besig wees en ook wanneer hulle in mekaar se geselskap is, is die kwaad vermy deur in groepe te beweeg. Kies huisgenote van die geloof as julle vriende.
- *Gesonde ontspanning:* is noodsaaklik vir elke gesonde verhouding. Daar is so baie dinge wat saam gedoen kan word om die Saterdag of Sondag sinvol te verwyl: 'n Uitstappie in die natuur saam met vriende, tennis, ensovoorts. Ja, dit is moontlik om julle ontspanning mooi en skoon en rein te hou, ook as julle alleen is: Lees saam 'n goeie boek, begin saam 'n goeie stokperdjie.

9. Die praktiese toets

Die praktiese toets of goue reël om te weet of julle 'n plek mag besoek of mag meedoen aan 'n saak is:

- As jy twyfel, is dit: NEÉ: Onthou: "When it's doubtful, it's dirty".
- Sal die Here welkom wees op die plek en sal dit wat jy daar doen, strek tot sy verheerliking?
- As jy môre-oggend jou oë oopmaak, sal jy jou vriend/in in die oë kan kyk, maar bowe-al vir God kan dank dat jy verryk is en nader aan Hom gebring is deur jou teenwoordigheid op 'n sekere plek?

Is jou antwoord 'n eerlike "JA", dan kan jy maar gaan en deelneem aan die aktiwiteite.

10. Slotopmerking

Ware en opregte liefde is gedissiplineerde liefde. Dit is nie altyd vanselfsprekend so nie. 'n Mens kan onder druk van jou drange die dissipline laat verslap. Maar dit mag nie. In plaas daarvan dat die verslapping van dissipline ontspanning meebring (Satan maak ons dit wys), laai die spanning eerder op. Voorhuwelikse verhoudings buite die Bybel om, bring rámpspoed mee. (Vgl Spreuke 2:17; 7:26v.; 1 Kor 6:18).

Ware liefde is veel meer as tydelike liggaamlike bevrediging. Dit vind onder andere uitdrukking in 'n permanente beskikbaar-wees vir mekaar, aanvulling van mekaar en volkome vertroue in mekaar. Die permanente kwaliteit van die liefde mag nooit in gevaar gestel word deur 'n onverantwoordelike voorhuwelikse verhouding nie. Die Bybel sê duidelik en ondubbelsinnig "neé:" vir alle praktyke wat bots met God se bedoeling vir sy skepsele soos aangedui in sy Woord. Die Bybelse "nee" is nie hardvogtig en liefdeloos nie. Dit kan nie wees nie, want God is liefde (I Joh 4). God is vol begrip en daarom is die Bybelse "nee" juis ter bevordering en beskerming van die mens. Die Bybel stel dit duidelik en onomwonde: Wanneer die mens deur sy eie begeertes meegevoer word, vernietig hy homself, (Vgl 1 Kor 6:18–20), maar wanneer hy sy verhouding volgens die Bybel rig, beplan en voortsit, sal dit gelukkig en suksesvol wees.

ADDENDUM

VRAELYS

1. Lees die volgende stellings aandagtig deur. As die sin waar is, trek 'n kring om W, maar as dit onwaar is, trek 'n kring om die O.
   1.1 Iemand wat die Bybel as die betroubare Woord van God aanvaar, is verplig om hom onvoorwaardelik voor die Woord te buig.
   WAAR/ONWAAR
   1.2 Voorhuwelikse geslagsgemeenskap is definitief onder alle omstandighede ongeoorloof.
   WAAR/ONWAAR
   1.3 Dit is net geslagtelike gemeenskap wat twee mense "een vlees" kan maak.
   WAAR/ONWAAR
   1.4 'n Mens het goeie rede of verskoning vir geslagsgemeenskap voor die huwelik as jy verlei word.
   WAAR/ONWAAR
   1.5 Geslagsgemeenskap is in ons moderne tyd geoorloof.
   WAAR/ONWAAR
2. Na elke opskrif of vraag volg 'n aantal stellings of antwoorde. Besluit watter een korrek is en skryf die toepaslike letter in die blokkie.
   2.1 Hierdie lesing handel oor:
   a. Sokker.
   b. Voorhuwelikse verhouding.
   c. Algebra. ☐
   2.2 Die verhouding tussen seun en dogter is –
   a. 'n Uitvindsel van die duiwel.
   b. 'n Gawe van God.
   c. 'n Gewoonte wat die mens aanleer.
   d. 'n Gevolg van die sonde. ☐
   2.3 Die huwelik mag beëindig word deur –
   a. Die dood.
   b. Egskeiding.
   c. Niks tot in ewigheid nie. ☐
   2.4 Lees 2 Sam 13:1–15 en soek die regte antwoord vir:
   "Tamar het vir Amnon gesê dat hy, deur voorhuwelikse gemeenskap met haar –"
   a. Vir haar sal eer.
   b. Soos 'n dwaas sal optree.

c. Soos alle jongmense sal maak.
c. Sal bewys dat hy haar liefhet. □

2.5 Soek die teksverse op en lees aandagtig. Watter teksvers pas nie by die res nie:
a. Joh 8:11
b. 1 Kor 6:9–10
c. Ef 5:5
d. Heb 13:4 □

3. In die onderstaande sinne is 'n aantal woorde uitgelaat. Voltooi die sinne deur van die gegewe woorde gebruik te maak. Daar is meer woorde as wat jy nodig sal hê en 'n woord mag dalk meer as eenkeer gebruik word.

begin	is	vanselfsprekend
bevat	maagd	vereiste
berou	owerspel	vergewe
eise	opsioneel	verplig
einde	professionele	voorneme
gesaghebbende	sonde	voorwaardes
hoereerder	toonbeeld	word

3.1 Omdat die Bybel die Woord van God ..., gee dit vir ons ... antwoorde oor voorhuwelikse verhoudings. As Christene is ons ... om onder die gesag van die Woord te buig sonder om ... te stel. Volgens die Bybel is maagdelikheid 'n ... as twee mense trou. Daarom beskou Paulus dit as ... wanneer 'n ongetroude meisie 'n ... is.

4. Die volgende twee stellings is onwaar. Sê kortliks hoekom.
4.1 'n Christen se sondige verlede sal hom altyd inhaal.

.....

.....

4.2 Die Bybelse "nee" ten opsigte van voorhuwelikse gemeenskap is hardvogtig en liefdeloos.

.....

.....

ADDENDUM

ANTWOORDE OP VRAELYS

1. **Waar/Onwaar-stellings:**
   1.1 Waar
   1.2 Waar
   1.3 Onwaar
   1.4 Onwaar
   1.5 Onwaar

2. **Stellings wat met die toepaslike letter gemerk moet word**
   2.1 b
   2.2 b
   2.3 a
   2.4 b
   2.5 a

3. **Uitgelate woorde**
   3.1 ... is
   ... gesaghebbende
   ... verplig
   ... voorwaardes
   ... vereiste
   ... sonde
   ... hoereerder

4. **Hoekom is die stellings onwaar?**
   4.1 'n Christen wat berou het oor sy sondige verlede en daarmee breek, om voortaan tot eer van God te leef, ontvang vergiffenis om Christus ontwil en daarom sal sy sondige verlede hom nooit meer inhaal nie.
   4.2 Die Bybelse "nee" is nie liefdeloos en hardvogtig nie, omdat die Bybel die Woord van God is en God geen behae in die dood van die sondaar het nie, maar daarin dat ons ons bekeer en ewig lewe. God weet wat goed is vir sy kinders en daarom waarsku Hy teen voorhuwelikse gemeenskap.

26 Waarom moet ons katkiseer?

SAAMGESTEL DEUR DR MJ DU P BEUKES

DOEL

Na afloop van die program moet elke deelnemer in staat wees om die redes te kan opnoem waarom dit noodsaaklik is om te katkiseer.

HULPMIDDELS

- Vraelyste.
- Oorhoofse projektor.
- Blaaibord of swartbord.

LOKAALINRIGTING

- Hou die byeenkoms in 'n lokaal waar daar genoeg ruimte is.
- Verdeel die deelnemers in groepe van nie groter as sewe nie.

METODE VAN AANBIEDING

- Deur middel van die oorhoofse projektor bied die predikant die inhoud aan. (20 minute)
- Elke indiwidu voltooi die vraelys. (15 minute)
- Die kleingroep voltooi die vraelys. (20 minute)
- Een persoon rapporteer namens die kleingroep terug. Die antwoorde word op die blaaibord geskryf en bespreek. (20 minute)

VERLOOP VAN DIE PROGRAM

- Skriflesing Matteus 28:16–20.
- Gebed.
- Sing: Psalm 25:2.
- Aanbieding van die program.

Lesing: WAAROM MOET ONS KATKISEER

Voortdurend word die vraag gevra: waarom moet ons katkiseer? Baie mense dink dat die kategese iets is wat een of ander tyd deur mense ontwerp is en dat dit vandag bloot deur die kerk beoefen word op grond van 'n eeue-oue tradisie. Noukeurige ontleding van hierdie saak bring egter aan die lig dat die kategese nie gegrond is op mensedenke nie, maar op die Woord van God, die Bybel.

Die *Kerkwet* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gee 'n goeie antwoord waarom ons moet katkiseer: "Die kategese is die onderrig aan die kinders van gelowiges op grond van hulle doop, met die oog op die openbare belydenis van die geloof, die deelname aan die sakrament van die heilige nagmaal en die verantwoordelike lidmaatskap van die Kerk" (*Kerkwet*, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, artikel 17.1, p 6). Die *Kerkwet*, in sy bepalings, omskryf hierdie saak nog verder: "Die kategese het ten doel om die jeug van die kerk en hulle wat tot die kerk wil toetree te onderrig aangaande die leer van die kerk waarin hulle opgeneem is deur die doop, om hulle voor te berei vir die deelname aan die heilige sakramente en vir die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godsryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die besonder" (Kerkwet, a.w. bepaling 90, p 60). Uit hierdie omskrywing van die *Kerkwet* is die volgende duidelik:

(i) Die kategese is die onderrig aan gelowige gedoopte kinders en aan hulle wat tot die kerk wil toetree. Ons handel in hierdie werkie net oor die kategese aan gelowige gedoopte kinders.
(ii) Die kategese is die onderrig aangaande die leer van die kerk.
(iii Die kategese berei die katkisant voor vir belydenis van geloof, die gebruik van die sakramente en verantwoordelike Christenskap in die wêreld.

Die katkisant is gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. "As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons sluit en dat Hy ons tot kinders en erfgename aanneem ...

As ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy met sy bloed al ons sondes afwas en dat Hy ons in die gemeenskap van sy dood en van sy opstanding inlyf ... As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word verseker die Heilige Gees ons

deur hierdie sakrament dat Hy in ons wil woon en dat Hy ons tot lidmate van Christus wil heilig: Dit doen Hy deur tot ons eie te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe." (Doopformulier)

Deur die sakrament van die doop het die dopeling die sigbare bewys ontvang dat God met hom 'n ewige genadeverbond opgerig het, dat hy met God versoen is en dat die Heilige Gees in hom wil woon en werk. Hierdie doop is 'n eenmalige gebeure wat vir die dopeling se hele lewe betekenis het. Die "doop is nie alleen nuttig solank as die water op ons is en ons die water ontvang nie, maar ook vir die ganse tyd van ons lewe." *(Nederlandse Geloofsbelydenis,* artikel 34). Die waarheid wat tydens die dopeling se doop aan hom betuig en verseël is, wil hom gedurende sy hele lewe verseker: Jy is die eiendom van God, jy is duurgekoop met die bloed van Christus, jy is geheilig deur die Heilige Gees. Die katkisant se doop kan hom alleen in hierdie waarheid vertroos as hy dit glo wat tydens sy doop aan hom betuig en verseël is. Op grond van sy doop word die katkisant opgeroep om te glo in die drie-enige God, Seun en Heilige Gees.

Dit is met die oog op hierdie geloof dat die kerk die gedoopte kinders katkiseer. Die kategese geskied in die eerste plek met die oog op die dopeling se versterking, bewaring en vermeerdering in die geloof.

As ons sê ons katkiseer ons kinders met die oog op die geloof in die drie-enige God, dan verstaan ons onder die geloof iets besonders. Hierdie geloof is nie net 'n vae en onbeduidende gevoel dat daar 'n Opperwese êrens in die heelal bestaan, wat in mag en krag meer as die mens is nie. As die kerk praat van geloof, verstaan die kerk daaronder geloof soos die *Heidelbergse Kategismus* dit beskryf. "'n Opregte geloof is nie alleen kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n hartlike vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit louter genade, alleen op grond van die verdienste van Christus." *(Heidelbergse Kategismus,* vraag en antwoord 21). Uit hierdie kort omskrywing van die *Heidelbergse Kategismus* is dit duidelik dat geloof kennis is aangaande God en vertroue in God. Geloof is "kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord." *(Geloofsleer,* Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, vraag en antwoord 13).

Op verskillende plekke in die Bybel klink die opdrag dat die mens God moet ken, dat hy aangaande God 'n vaste en sekere kennis moet

hê. Die profete roep die volk telkens toe: "Ken die Here." Die apostel Petrus sê: "Julle moet toeneem in die genade en kennis van ons Here en Saligmaker Jesus Christus." (2 Petrus 3:18.) Kennis aangaande God word hier gestel as 'n moet, 'n noodsaaklikheid. Die werklike sin van die mens se bestaan is dat hy God sal ken. God het die mens juis geskape sodat hy sy Skepper reg sou ken. *(Heidelbergse Kategismus,* vraag en antwoord 6). Lukas skryf sy evangelie sodat Teofilus en alle mense die dinge aangaande Jesus Christus noukeurig sal weet. (Lukas 1:1–4) Dit spreek eintlik vanself dat geen mens in God kan glo as hy Hom nie ken nie. Om God te ken, is nie sonder meer 'n menslike moontlikheid nie. God self moet die kennis en die verstand gee. As God ons nie genadig is nie, sal ons Hom nooit ken nie. God self het aan Israel die hart gegee om Hom te ken. (Jeremia 24:7) God is alleen kenbaar as Hy Homself bekend maak. In sy grote genade het God Homself in die volheid van die tyd bekendgemaak. Hoe God Homself bekendgemaak het, leer die Bybel ons duidelik. "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun." (Hebreërs 1:1) In die ou tyd, dit is gedurende die tyd van die Ou Testament, het God sy wil aan die profete bekendgemaak en hulle het dit weer aan die volk Israel oorgedra. In die volheid van die tyd het God Homself volkome bekendgemaak in en deur sy Seun Jesus Christus. Wie Christus gesien het, het die Vader gesien. (Joh 14:9) Al die skatte van kennis is daarom in Hom verborge. Hierdie kennis van God in Jesus Christus is deur oor- en ooggetuies vir ons opgeteken in die Bybel. Om God te ken, beteken om Hom te ken soos die Bybel van Hom getuig. "Daarom glo ons dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens moet glo om gered te word, daarin genoegsaam geleer word." *(Nederlandse Geloofsbelydenis* artikel 17).

Hierdie kennis van God is egter nie dieselfde as gewone wetenskaplike kennis nie. Gewone wetenskaplike kennis is feite wat as die waarheid kan en wil bewys word. Dit is tegelyk feite wat die mens nie sonder meer persoonlik raak nie. Die waarheid aangaande God, soos opgeteken in die Bybel, kan en wil nie bewys word as die waarheid nie.

Die waarheid aangaande God wil sonder enige redenasie en bewysvoering as die waarheid aanvaar word. Tegelyk laat die kennis aangaande God die mens nie koud en onbeweeglik staan nie. Dit wil deur die werking van die Heilige Gees die mens bring tot die sekerheid, die vaste oortuiging dat dit wat die Bybel beskryf 'n gebeure is wat ter wille

van jou persoonlik plaasgevind het. Die Bybel getuig in die eerste plek van die verlossing wat in en deur Jesus Christus gekom het vir die mens. Die Heilige Gees gebruik hierdie evangelie om die mens daarvan te oortuig dat die verlossing in Jesus Christus nie alleen vir ander mense plaasgevind het nie, maar ook vir jou persoonlik.

Tydens die kategese word bybelse feite aan die katkisante meegedeel. Hierdie bybelse feite word vir die katkisante verklaar. Die katkisante word opgeroep om hierdie feite en hulle verklaring te ken. Langs hierdie weg, glo ons, wil die Heilige Gees die kategese gebruik om die katkisant se geloof in die drie-enige God onwrikbaar sterk te maak. "Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God." (Romeine 10:17.) So word deur middel van die kategese inhoud gegee aan die katkisant se doop en word die katkisant gebring tot die punt waar hy dit wat tydens sy doop aan hom betuig en verseël is, waaragtig glo. Die kategese moet so bedien word dat die katkisant uiteindelik self sal bely: Ek glo dat Jesus Christus vir al my sonde betaal het; Ek glo dat God my Vader is; Ek glo dat die Heilige Gees aan my gegee is met die oog op my geloof in Christus.

Die doop getuig enersyds van God se genade en andersyds plaas dit die dopeling onder 'n geweldige opdrag. Die doop is tegelyk gawe en opgawe, gawe en bevel. Die dopeling is gedoop in die Naam van die Vader. Hy het die teken en die seël ontvang dat God sy Vader is en dat hy die eiendom van God is. Deur hierdie waarheid word hy getroos, maar tegelyk word hy opgeroep om in die wêreld te leef soos iemand wat aan die Here behoort. Hy word opgeroep om uit dankbaarheid te leef soos die eiendom van die Here. Die Bybel moet die enigste norm en maatstaf van sy lewe wees. Sy eie gevoel en opvatting moet nie meer die bepalende faktor van sy lewe wees nie, maar dit wat die Here in sy Woord sê. Die kennis aangaande hierdie grondbeginsel plaas hom ondubbelsinnig onder die besef dat die Bybel in die middelpunt van sy lewe met staan. Hy moet dit elke dag lees en ondersoek. Hy moet dit elke Sondag beluister, want juis langs hierdie weg wil die Heilige Gees sy geloof versterk en hom lei op die pad wat God welbehaaglik is.

Die waarheid van die grondbeginsel dat hy aan God behoort, roep hom op om te besef dat hy sy geloof moet uitleef binne die grense van sy kerk. Die kategese leer die dopeling dat die eiendom van God nie passiewe toeskouers in die gemeente is nie, maar meelewende lidmate. Hyself moet besef dat dit sy taak en roeping is om mee te werk tot die uitbreiding van God se koninkryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder. Elke gelowige het in die

wêreld dienswerk om te verrig. (Efesiërs 4:12). Hierdie dienswerk is in die besonder om met woord en daad getuie te wees van Jesus Christus. "Julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig." (1 Petrus 2:9.) Tydens die kategese word die gedoopte vanuit die Bybel verseker dat hy skoon gewas is met die bloed van Christus. Tegelyk word hy deur middel van die Woord geleer dat hy alles van Jesus Christus alleen moet verwag. Tydens die kategese word hy deur die onderrig uit die Bybel verseker dat hy geheilig is deur die Heilige Gees. Tegleyk word hy opgeroep om hom alleen te laat lei deur die Gees van God.

Deur middel van die kategese word die gedoopte vanuit die Bybel geleer aangaande die troos en die opdrag wat sy doop vir hom inhou. Tegelyk word hy langs hierdie weg onderrig in die leer van die kerk wat op stuk van sake niks anders is as die inhoud van die Bybel nie.

Reeds in die Ou Testament kry ons die verskynsel dat die kinders wat deur die besnydenis opgeneem is in die verbond, onderrig is in die inhoud van die verbond. (Deuteronomium 4:10 en 6:1–25). Jesus Christus bring self die onderrig en die doop in die nouste verband met mekaar. "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels. Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matt 28:19). Die kerk het die noue verband tussen doop en kategese in die vroegste tye gehandhaaf. Nadat mense gekatkiseer is, is hulle na belydenis van geloof deur die doop in die gemeenskap van die kerk opgeneem. Na die eerste periode van die kerkgeskiedenis, toe die kinderdoop algemene praktyk geword het, is die kinders van gelowige ouers, nadat hulle gedoop is, gekatkiseer totdat hulle hulle geloof bely het in die midde van die gemeente.

Kategese vind nie alleen plaas met die oog op die sakrament van die doop wat die katkisant reeds ontvang het nie, maar ook met die oog op die sakramente wat die katkisant in die toekoms moet ontvang. Die sakramente is alleen bedoel vir die gelowiges. Christus het die sakramente nie vir alle mense ingestel nie, maar alleen vir hulle wat in Hom glo. God wil dat elkeen wat gedoop is, ook by die nagmaal sal uitkom. Deur die doop het God die betrokkene sigbaar in sy kerk ingelyf. Met die nagmaal wil Hy hom verder versorg.

God wil ook dat elkeen wat gedoop is, sy kinders een of ander tyd ten dope sal hou. God se beloftes is immers "vir julle en julle kinders." (Handelinge 2:39). Aangesien die ontvangs van die sakramente alleen

moontlik is in die geloof, is die ontvangs van die sakramente en katkisasie onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Kragtens die breë omskrywing wat ons gegee het van geloof, sal dit alleen moontlik wees om deel te neem aan die sakramente, as ons die drie-enige God ken, as ons in die waarheid aangaande Hom, soos die Bybel van Hom getuig, gekatkiseer is.

As ons onderrig is in die Woord van God, as ons die God van die Woord ken en in Hom glo, dan is ons geroepe om ons geloof te bely. "As jy met jou mond die Here bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding." (Romeine 10:9 en 10). Hierdie belydenis moet nie net eenmaal plaasvind nie. Dit moet opnuut elke Sondag in die erediens weerklink. Dit moet elke dag deur ons woord en daad uitgeleef word. Volgens die Bybel moet ons ons geloof in die drie-enige God bely. Hoe kan ons bely dat ons in Hom glo as ons Hom nie ken nie? Hoe kan ons Hom ken as ons nie aangaande Hom geleer het, in sy waarheid gekatkiseer is nie?

VRAELYS

1. Ons katkiseer slegs omdat dit 'n goeie tradisie is.

Waar	Onwaar	

Motivering: .....

.....

2. Kategese is net die onderrig aan gelowige gedoopte kinders nie.

Waar	Onwaar	

Motivering: .....

.....

3. My doop bring vir my *dié troos* dat ek die eiendom van God is, dat Jesus vir my sonde betaal het, dat die Heilige Gees aan my gegee is.

Waar	Onwaar	

Motivering: .....

.....

4. My doop bring vir my *die verantwoordelikheid* dat ek moet leef soos iemand wat aan die Here behoort, wat sy verlossing van Jesus

Christus alleen moet verwag, wat hom laat lei deur die Heilige Gees.

Waar	Onwaar	

Motivering: .....

.....

5. Waarom kan my doop se troos en verantwoordelikheid nie deur my ervaar en uitgeleef word as ek nie dienaangaande onderrig is nie?

.....

.....

6. Waarom kan ek nie in die drie-enige God glo as ek Hom nie ken nie?

.....

.....

7. Kan ek die drie-enige God ken, as ek nie aangaande Hom geleer het nie?

.....

.....

8. Waarom kan ek nie my geloof reg uitleef, as ek dit nie geleer het nie?

.....

.....

9. Waarom kan ek nie my geloof bely, as ek nie eers gekatkiseer is nie?

.....

.....

10. Waarom is dit noodsaaklik om vir 'n paar jaar te katkiseer?

.....

.....

11. Noem besware wat julle het teen die huidige kategese en hoe dit reggestel kan word?

.....

.....

.....

.....

.....

27 Word jou medemens se naaste

SAAMGESTEL DEUR DR JP NAUDÉ

DOEL

Na afloop van die program sal elke deelnemer in staat wees om in sy eie woorde te kan weergee wat dit beteken om sy medemens se naaste te word.

HULPMIDDELS

- 'n Swartbord of 'n blaaibord.
- 'n Vraelys wat na afloop van die bespreking uitgedeel word.
- 'n Bybel vir elke deelnemer.

LOKAALINRIGTING

- Reël die byeenkoms in die kerksaal of konsistorie waar daar genoeg ruimte, stoele en tafels is.
- Verdeel die teenwoordiges in groepe van 5–8 per groep en sorg dat elke groep só bymekaar sit dat hulle die spreker kan sien en hoor.

METODE VAN AANBIEDING

- Die predikant bied die inhoudelike deel van die program aan (30 minute).
- Die jongmense sit in groepe dwarsdeur die aanbieding van die hele program.
- Die jongmense word reg aan die begin versoek om die verskillende betekenisse van die begrip "naaste" aan die hand van Skrifgedeeltes wat deur die predikant verskaf word, te bepaal. Die antwoorde word op die swartbord of blaaibord geskrywe.
- Bovermelde Skrifgedeeltes is die volgende:
  Lev 19:18; Eks 20:16 en 17; Lev 6:2; Rom 13:9 en Jak 2:8.

- Nadat die stof behandel is, bespreek die kleingroep dit aan die hand van die uitgedeelte vraelys. (Sien *bylae: Vraelys*)
- Die kleingroep kry geleentheid om binne die grootgroep terug te rapporteer terwyl die predikant op die antwoorde en moontlike vrae reageer.
- 'n Keuse van psalms of gesange vir gebruik tydens die opening en afsluiting kan gemaak word uit die volgende:
  Ps 25:1, 2 en 6; Ps 107:1 en 10; Ges 74:1–4; Ges 190:1–5; Ges 194:1 en 5.

VERLOOP VAN DIE PROGRAM SELF

- Skriflesing uit Lukas 10:25–37.
- Gebed.
- Sang.
- Die groepe bepaal aan die hand van die tekste die inhoud van die begrip "naaste" en die predikant skryf dit op die swartbord of die blaaibord.
- Die predikant behandel die inhoud van die program.
- Die groepe bespreek die behandelde stof aan die hand van die uitgedeelde vraelys.
- Die groepe rapporteer terug in die grootgroep, terwyl die predikant op die antwoorde en moontlike vrae reageer.
- Sang en gebed deur een van die jongmense.

Lesing: WORD JOU MEDEMENS SE NAASTE

Inleiding

Die begrip naaste het 'n verskeidenheid van betekenisse.

Eerstens kan "naaste" as 'n sinoniem vir "mensheid" gesien word. Dit beteken dat alle mense jou naaste is, veral hulle wat doodgewoon ruimtelik die naaste aan jou lewe. Só het Paulus en Jakobus dié begrip gebruik. (Rom 13:9 en Jak 2:8).

Tweedens het die begrip "naaste" na die Israeliet se medegelowige verwys. Anders gesê, dit het verwys na 'n ander Israeliet wat ook deel het aan die verbond met God. Die medegelowiges of naastes het ten opsigte van mekaar sedelike pligte gehad. Dit kom veral in die *Tien*

Gebooie duidelik na vore. (Lev 19:18; Eks 20:16 en 17, Lev 6:2).

Derdens betekend "naaste" vir ons as Afrikaners, iemand wat hulpbehoewend is. Die man wat op straat aalmoese bedel, word as ons naaste aangesien. Wanneer ons hom 'n aalmoes gee, meen ons dat ons die bevel dat ons ons naaste moet liefhê, vervul het.

Daar is egter 'n *vierde* betekenis van die begrip *naaste*. Hierdie betekenis word in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan gevind.

Die barmhartige Samaritaan

Lees weer Lukas 10:36 en 37. In Jesus se tyd was daar 'n lewendige debat onder die Jode oor wie hulle naaste is. Was dit sy Joodse medegelowige, iemand wat hulpbehoewend is, of elke ander mens? Op die vraag van die wetgeleerde na wie sy naaste is (Luk 10:29), vertel Jesus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Hierin gee Hy 'n verrassende inhoud aan die begrip "naaste".

Die gelykenis handel oor 'n man wat van Jerusalem na Jerigo op pad was. Die rowers val hom aan en oorrompel hom. 'n Priester en later 'n Leviet loop by hom verby. Dit is manne wat op grond van hulle godsdienstige funksies by die tempel, goed vertroud is met die Woord van God wat leer dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself. (Lev 19:18) Hulle help egter nie die oorrompelde man nie. Hulle stap by hom verby.

Waarskynlik het die priester en die Leviet gemeen dat die man dood is. In terme van hulle reinheidswette sou hulle kulties onrein wees as hulle aan 'n lyk raak. Dit beteken hulle sou vir 'n tyd lank nie die tempel kon besoek nie. Daarom vermy hulle hom gerieflikheidshalwe. Nog 'n moontlikheid vir hulle optrede mag wees dat hulle onder die begrip "naaste" slegs "mede-gelowige" verstaan het en gereken het dat die beseerde man nie 'n mede-Israeliet was nie. Hulle sou gevolglik geen hulp aan hom verskuldig gewees het nie.

'n Derde man verskyn op die toneel. Hy is 'n Samaritaan. Die Samaritane was 'n bastervolk wat deur die Jode verag is. Die woord "Samaritaan" was deur die Jode as 'n skelwoord gebruik.

Hierdie veragte man snel die gewonde te hulp. Hy verpleeg hom en besorg hom veilig in die herberg. Die Samaritaan het uit die beperkings van sy sosiale stand uitbeweeg om só in die noodtoestand van 'n medemens in te beweeg.

Nou kom die kritieke vraag van Jesus: "Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" (Luk 10:36). Die logiese antwoord volg: "Die man wat aan hom medelye bewys het." (Luk 10:37)

Dit bring ons by die vierde en verrassende betekenis van die begrip naaste: 'n Naaste is iemand wat hulp aan mense in nood verleen. Die een wat oor die gawes en middele beskik om hulp te kan verleen, is die naaste van dié een wat die hulp nodig het.

Word jou medemens se naaste

Jesus het in hierdie gelykenis vervolgens 'n opdrag aan ons gegee: "Gaan maak jy ook so." (Luk 10:37)

Dit beteken dat ons ander mense se naaste moet gaan word. Ons word ander se naaste deur hulp aan hulle te verleen. Anders gesê: Ons word mekaar se naastes deur mekaar se laste te dra. Só word immers uitvoering aan die wet van Christus gegee. (Gal 6:2)

Watter hulp moet gegee word?

Die antwoord op hierdie vraag is eenvoudig. Ons moet mekaar in alle nood help. Daar is egter één soort hulp wat vér bo alle ander vorms van hulp uittroon. Dit is die hulp wat ons aan 'n medemens kan verleen om hom tot geloof te lei. Hierdie besondere hulp sluit ons getuienis oor die Here Jesus in, die verskaffing van Bybelse en ander Christelike lektuur, die bring van so 'n buitekerklike vriend na die erediens en die studeerkamer van die predikant.

Naasteliefde

In terme van die betekenis wat die gelykenis van die barmhartige Samaritaan aan die begrip "naaste" toeken, beteken die bevel om jou naaste lief te hê, dat jy die persoon wat jou hulp verleen, moet liefhê.

Wie is ons belangrikste Naaste?

Die antwoord hierop is ook baie maklik: Jesus Christus. Dit is Hý wat ons te hulp snel deur aan die kruis vir ons sondes te sterf, sodat ons erfgename van die ewige lewe kan wees.

BYLAE

VRAELYS

1. Noem die 4 betekenisse van die begrip "naaste"?
   1.1 .....
   1.2 .....
   1.3 .....
   1.4 .....

2. Noem die 2 waarskynlike redes waarom die priester en Leviet die beseerde man vermy het?
   2.1 .....
   2.2 .....

3. Wat is 'n Samaritaan?
   .....
   .....

4. Wie is die naaste van die beseerde man?
   .....
   .....

5. Watter opdrag het Jesus in hierdie gelykenis aan ons gegee?
   .....
   .....

6. Op watter praktiese wyse gaan jy jou medemens se naaste word?
   .....
   .....
   .....
   .....

7. Wie is jou belangrikste Naaste?
   .....

Kital